

i

N PERSPEKTIEF OP DIE BESTUDERING VAN  
DIE SOSIALE ASPEK VAN TAAL

deur

THEULA ELMARIE KRUGER

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD  
MAGISTER ARTIUM  
IN DIE  
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

MEI 1977

AAN PAPP A EN MAMMA

EN VIR FRIK

# DANKBETUIGINGS

Dit is vir my 'n genoë om die volgende persone en instansie wat my behulpsaam was in die voltooiing van hierdie verhandeling te bedank:

1. Dr. M.C.J. van Rensburg, leier, vir sy bekwame leiding. Ware menslikheid, behulpsaamheid, en simpatieke hantering van tekortkominge word opreg waardeer.
2. Prof. dr. W.J. de Klerk, wat as eksterne eksaminator opgetree het vir sy tyd en bydrae.
3. Kollegas wat saamgesels het en waardevolle gedagtes gewissel het.
4. My eggencot en my ouers vir hulle morele ondersteuning in aanmoediging en ook opofferende hulp andersins ten einde hierdie studie moontlik te maak.
5. Mev. Erika Klopper vir die tikwerk en tegniese versorging, asook mev. M. Dreyer vir die gebruik van haar tikmasjien.
6. Mnr. Naude, en in die besonder mnr. van Staden van Perskor vir hulle vriendelikheid en behulpsaamheid ten opsigte van die afrolwerk.
7. Mnr. Scheepers vir die bindwerk.
8. Die biblioteek van die Universiteit van Pretoria vir waardevolle en vriendelike diens in verband met die leen, gebruik en verkryging van naslaanwerke en ander literatuur van resente datum.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK I

<u>N PERSPEKTIEF OP DIE CHOMSKY EN DIE</u>	
<u>DE SAUSSURE BENADERINGS</u>	1
Inleiding      ...      ...      ...	1
<u>ONTWYKING VAN DIE SOSIALE ASPEK VAN TAAL</u>	
<u>AS DATA VIR LINGUISTIESE BESTUDERING</u> ...	2
Ferdinand De Saussure se benadering tot "langue".      ...      ...      ...      ...      ..	3
Die Saussuriaanse paradoks      ...      ...      ..	4
<u>MOTIVERING VIR CHOMSKY SE UITSLUITING VAN</u>	
<u>SOSIALE SPRAAKGEDRAG IN SY GRAMMATIKA-</u>	
<u>STUDIE.</u> ...      ...      ...      ...      ...      ..	5
Twee aannames deur Chomsky      ...      ...      ..	5
" <u>Innate Hypothesis</u> ".      ...      ...      ...      ..	9
<u>Kenmerke van die Leksikalistiese teorie</u>	10
1. <u>TWEE SENTRALE BEGRIPPE VAN DIE</u>	
<u>CHOMSKY-TEORIE</u> ...      ...      ...      ..	10
Chomsky se siening van die T.G.G.      ..      ...      ..	13
Labov e.a. oor die T.G.G.      ...      ...      ...      ..	14
2. <u>COMPETENCE EN PERFORMANCE</u> ...      ...      ..	16
Probleme met kritiese beskouing t.o.v. die ondersoek van spraakgedrag (Performance):	18
(i) Die ongrammatikaliteit van spraak      ...      ..	19
(ii) Variasie in spraak en in die spraak- gemeenskap      ...      ...      ...      ...      ..	20
(iii) Die probleem van die opname van taal in sy natuurlike omgewing      ...      ..	27
(iv) Die rariteit van sintaktiese vorme	29

Probleme by die studie van variasie ... ..	30
Probleme by die studie van intuïsie . ... ..	31
Die objek van linguistiese beskrywing. Dialek en idiolek ... ..	32
Grammatikaliteit/Ongrammatikaliteit .. ...	34
3. <u>OPPERVLAKTE EN DIEPTESTRUKTUUR</u> . ... ..	37
4. <u>SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE KOMPARTEMEN-</u> <u>TALISASIE</u> ... ..	39
5. <u>TAALUNIVERSALIA</u> ... ..	39
6. <u>CHOMSKY SE ONDERSKEID: GRAMMATIKA/GEBRUIK</u> <u>VAN TAAL</u> ... ..	41

## HOOFSTUK II

### DIE SOSIO-LINGUISTIESE STUDIERIYTING VERAL SOOS

#### DIT AANGEDUI IS DEUR LABOV, HYMES EN BAILEY

1. <u>DIE SOSIO-LINGUISTIESE DOELSTELLING EN SOSIO-</u> <u>LINGUISTIEK</u> ... ..	42
2. <u>DIFFERENSIASIE T.O.V. VERWYSENDE EN SOSIALE</u> <u>FUNKSIE</u> ... ..	45
3. <u>DIE BENADERING EN SOEKE NA 'N BESKRYWINGS-</u> <u>METODE</u> ... ..	54
3.1. <u>Universalie as algemene teorie van taal</u>	54
3.1.1. Die vind van universele reëls ... ..	54
3.1.2. Gebruik ... ..	55
3.2. <u>Direkte ondersoek van linguistiese data</u> <u>binne die sosiale konteks van Taalvaria-</u> <u>sie met belangrike uitgangspunte in die</u> <u>benadering tot die teorie</u> ... ..	56

3.2.1.	Die teorie is ondergeskik aan die data met verwysing na die intuïtiewe oordele van die moedertaalspreker ... ..	57
3.2.2.	Grammatikaliteit vs Ongrammatikaliteit ... ..	63
3.2.3.	Homogeniteit bestaan nie by spontane uitsprake nie ...	64
3.2.4.	Die meerderheid uitinge is grammatikaal aanvaarbaar	65
3.2.5.	Konseptualisme en 'n dinamiese paradigma as twee belangrike aspekte ten opsigte van Taalvariasie ... ..	67
3.2.6.	Die Competence-standpunt teenoor dié van Performance ...	69
3.2.6.1.	Die regverdiging vir polilektale grammatikas ...	69
3.2.6.2.	Geletterdheid t.o.v. Competence ... ..	75
3.2.6.3.	Pragmatiese Competence ...	77
4.	<u>DIE NOODWENDIGE AANVULLINGS DEUR DIE SOSIOLINGUISTIEK OP DIE CHOMSKY-TRANSFORMASIONELE-GENERATIEWE MODEL</u> ... ..	80
4.1.	Die veranderlike reël as reëlmatinge eienskap van 'n taalsisteem	80
4.2.	Die studie van Taal-in-gebruik in 'n heterogene struktuur ... ..	82
4.3.	Dell Hymes oor taal in werklike gebruik - 'n poging om funksies in spraak uit te bring ... ..	84
4.4.	Die kreatiewe gebruik van Toepaslikheid ... ..	85

5.	<u>PROBLEME T.O.V. DIE AANVULLINGS WAT GEMAAK IS DEUR DIE SOSIO-LINGUISTIEK. - (DIALEKTOLOGIESE TOEVALLIGHEID)</u> ... ..	87
6.	<u>DIE DAARSTELLING VAN 'N MODEL OF RAAMWERK VIR 'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK</u> ... ..	90
6.1.	'n Vergelyking van statiese en dinamiese paradigmas om die verskille uit te wys ter motivering vir 'n nuwe model ... ..	90
6.2.	Direkte empiriese navorsing ...	92
6.3.	'n Nuwe werkmethode as doelstelling vir linguistiese ondersoek	93
6.4.	'n Natuurlike gespreksituasie as ideaal ... ..	99
6.5.	Paradigmatiese riglyne ... ..	99

### HOOFSTUK III

## DIE BESTUDERING VAN TAALVARIANTE IN AFRIKAANS

	<u>BENADERINGSMETODES TOT 'N ONDERSOEK VAN TAALVARIASIE</u> ... ..	103
	Die Histories-Vergelykende metode ...	103
	'n Teoretiese metode vir die ondersoek na Taalvariasie ... ..	105
	Probleemstelling ... ..	106
	<u>DIE ONDERSOEK NA SOMMIGE TAALVARIANTE SOOS DIT GEBRUIK WORD IN DIE NOORD-WES-KAAP</u> ... ..	108
	<u>Sintaktiese subsysteme in Afrikaans</u> ...	108
1.	gaan speel x loop speel, gaan loop x loop loop ... ..	108

2.	noem x roep x bedoel ... ..	108
3.	begin x begin te x gebeginne x ge- begin x gebeginne ... ..	109
4.	Die gebruik van die begrip dood- gaan as werkwoord in die teenwoor- dige tyd en in die konteks van reeds dood te wees (verlede tyd) ....	109
5.	Die enkelvoudige gebruik in die plek van die meervoudsaanduiding veral in die geval waar versameling ter sprake is ... ..	110
6.	Gebruiksvariasies ten opsigte van 'saam' in verhouding tot die voor- setsels 'met' en 'in' ... ..	111
7.	Die willekeurige gebruik van die volgende voorsetsels:-	
7.1.	Die invoeging van die voorset- sel 'van' ... ..	111
7.2.	Die invoeging van die voorset- sel 'vir' ... ..	112
7.3.	Die invoeging van die voorset- sel 'in' ... ..	112
7.4.	Die invoeging van die voorset- sel 'uit' ... ..	112
7.5.	Skynbare vervanging van voegwoor- de deur voorsetsels ... ..	113
7.6.	Skynbare willekeurige variasie tussen voorsetsels ... ..	113
7.6.1.	Gebruik van 'vir' ... ..	113
7.6.2.	Gebruik van 'by' ... ..	113
7.6.3.	Gebruik van 'mee' ... ..	113
7.6.4.	Gebruik van 'oor' ... ..	113
7.6.5.	Gebruik van 'in' ... ..	114
7.6.6.	Gebruik van 'op' ... ..	114



8.	Die betreklike vnw. 'wat', ver- toon verskillende gebruiksva- rieties wat in sommige gevalle willekeurig voorkom en buiten- gewoon gebruik word ten opsig- te van die A.B.A. sinsverband:	
8.1.	'Wat' in terugverwysing tot die onderwerp ... ..	114
8.2.	Die gebruik van 'wat' in plek van die bywoordelike bepa- ling, of voorsetsels en voor- naamwoorde ... ..	115
8.3.	'Wat' in die plek van die voegwoord 'toe' ... ..	115
8.4.	'Wat' teenoor 'dat' x 'lat' ..	116

KOMPENSERENDE VERSKYNSELS WEENS DIE  
AFWESIGHEID VAN DIE VERLEDETYDSVORME  
VAN: 1) DIE HULPWERKWOORD EN 2) DIE  
KOPPELWERKWOORD ... ..

Die Hulpwerkwoord 'moet' ... ..	119
Die Hulpwerkwoord 'wil' ... ..	126
Die Hulpwerkwoord 'kan' ... ..	127

Die Koppelwerkwoord ... ..

'is' in plaas van (was) ... ..	133
'is gewees' in plaas van (was) ....	133
'gewees het' in plaas van (was) ....	133
'was + gewees'/'ge' in plaas van (was) ... ..	133
'was' + gewees + 'het' in plaas van (was) ... ..	134
'was' en 'is' + ge in plaas van 'het + ge-' ... ..	134
Willekeurige gebruik/toepassing van 'is' ... ..	134
Die Koppelwerkwoord ontbreek heel- temal ... ..	134
Afleiding .. ...	135
Gevolgtrekking ... ..	135

<u>FONOLOGIESE SUBSISTEME SOOS WAT DIT GELOKALISEER IS IN NOORL-WES-KAAP</u>	136
Verhoging van die Voorvokaal ...	137
Verhoging van die Agtervokaal ...	141
<u>VERGELYKING TUSSEN HUIDIGE WOORD- ORDE MET BETREKKING TOT AFRIKAANS EN VROEËRE REËLS MET VERWYSING NA DIE IMPLIKASIE DAARVAN</u> ... ..	143

## H O O F S T U K I

### 'N PERSPEKTIEF OP DIE CHOMSKY-EN DIE DE SAUSSURIAANSE BENADERINGS.

#### INLEIDING:

In die vyftigerjare het linguïste in Amerika, veral as gevolg van die werke van Noam Chomsky, tot die gevolgtrekking gekom dat taal 'n verskynsel is wat verband hou met die sielkunde en dat taal nie sinvol bestudeer kan word deur slégs taalkundige gedrag waar te neem nie. Die rigting in die taalstudie wat hieruit ontwikkel het en in sy bekendwordingsjare oorheers is deur Chomsky, staan bekend as die Transformasioneel Generatiewe Grammatika (T.G.G. of T.G.). Die T.G.-metode blyk steeds dié manier te wees waarvolgens 'n wetenskaplike beskrywing van menslike taal geskied. Generatiewe grammatika hou verband met die idees van die tradisionele grammatika, maar verteenwoordig ook 'n nuwe rewolusionêre denkrigting in die bestudering van taal. (Vergelyk die begrip "generatief": Van Rensburg, 1973, p. 4). Chomsky het die generasievermoëns van verskillende grammatikas vergelyk en gevind dat die een meer doeltreffend is as die ander. Die sogenaamde "Finite State Grammar" was die eerste van drie modelle wat Chomsky bespreek het in "Syntactic Structures" (1957). Aangesien Chomsky hier met 'n beperkte hoeveelheid reëls gewerk het, was hierdie model onvoldoende. Aanpassings van die 1957-teorie

word in 1965, in "Aspects of the theory of Syntax" deur hom gemaak. Hiervolgens bestaan 'n grammatika uit 'n sentrale sintaktiese komponent, plus 'n fonologiese en 'n semantiese komponent wat op grond van die sintaktiese komponent interpreteerbaar is. Laasgenoemde twee komponente speel geen rol in die generering van sinstrukture nie. Chomsky wat grammatikus by uitstek is, se benadering in 'n Transformasionele grammatika, bestaan uit transformasionele reëls (-so min as moontlik- p. 15) sowel as stukboureëls. (Vergelyk verder Katz en Postal, 1964, Langacker R., 1968, Chomsky, 1961b; 1964a; 1965, hfst. 3; 1966a; 1970.)

ONTWYKING VAN DIE SOSIALE ASPEK VAN TAAL AS DATA VIR LINGUISTIESE BESTUDERING.

Noam Chomsky, (as grammatikus en nie linguis nie) gaan van die standpunt uit om eers die grammatika te bestudeer alvorens daar met taalstudie verder gegaan kan word. Strydig met huidige tendense (vergelyk hoofstuk 2) ontwyk Chomsky die sosiale aspek van taal, dus die uiting van die individu. Die beoordeling van die data vir linguistiese bestudering berus by die individu se intuïesies in verband met die taal. Dienooreenkomstig hierby, staan sy homogeniteitsbeginsel, met die grammatika van taal as die objek wat nie werk met ongrammatikale strukture nie.

FERDINAND DE SAUSSURE SE BENADERING TOT "LANGUE".

Alvorens Chomsky se onthouding ten opsigte van die sosiale aspek gemotiveer word, word die benadering tot die strukturele analise van taal soos deur Ferdinand de Saussure uitgespreek is aan die begin van hierdie eeu daarmee vergelyk. De Saussure se begrip van "langue" moet onderskei word van "parole" of "spraak" aan die een kant en "langage" of "taal as geheel" aan die ander kant. Volgens de Saussure is "langue" die sosiale aspek van taal wat slegs bestaan kragtens 'n onderlinge ooreenkoms tussen die lede van 'n spraakgemeenskap. De Saussure beskou linguistiek as een deel van 'n wetenskap wat bestaan van tekens in die hart van die sosiale lewe vertolk. "The Saussuarian Approach to "langue" .... une science qui etudie la vie des signes au sein de la vie sociale". (Labov, 1970, p. 31).

Eienaardig genoeg het linguiste wat binne De Saussure se tradisie gewerk het gladnie die sosiale sy van taal in hulle studies betrek nie. "Yet curiously enough, the linguists who work within the Saussurian tradition do not deal with social life at all: they work with one or two informants in their offices, or examine their own knowledge of langue". (Labov, 1970, p. 31).

Verder dring hulle daarop aan dat verduidelikings van linguistiese feite van ander linguistiese feite ontleen moet word en nie van enige eksterne data van

sosiale gedrag nie.

Noam Chomsky het nie die sosiale sy van die taal in sy grammatikabeskrywing betrek nie. Hy huldig 'n outonome sintaksis-beskouing - onafhanklik van betekenis - (vgl. p. 4 van hierdie hfst; asook die sosio-linguistiese rigtings, hfst. 2). Hy het 'n paar informante in die onmiddellike omgewing betrek, of slegs sy eie kennis van die sosiale aspek van taal gebruik - in ooreenstemming met sy begrip van die ideale spreker-hoorder. (vgl. ook pp. 5 - 6 en p.31)

#### DIE DE SAUSSURIAANSE PARADOKS.

Daar is 'n eienaardige paradoks in De Saussure se siening omtrent "langue". As elkeen 'n kennis van die taalstruktuur besit, behoort 'n mens in staat te wees om die data ook af te lei van die getuienis van een persoon, selfs ook van jouself af. Aan die ander kant: feite met betrekking tot "parole" of spraak kan slegs verkry word deur die gedrag van individue te ondersoek soos wat hulle die taal gebruik. Dus het ons hier die De Saussuriaanse teenstelling: Die sosiale aspek van taal word bestudeer deur die gedrag van enige individu waar te neem maar die individuele aspek daarvan slegs deur taal waar te neem binne sy sosiale konteks. "The social aspect of language is studied by observing any one individual, but the individual aspect only by observing language in its social context". (Labov, 1970,

p. 32).

MOTIVERING VIR CHOMSKY SE UITSLUITING VAN SOSIALE  
SPRAAKGEDRAG IN SY GRAMMATIKASTUDIE.

TWEE AANNAMES DEUR CHOMSKY:

Die uitsluiting van sosiale spraakgedrag is gebaseer op twee aannames: (Labov, 1970, p. 33).

1.1. DIE LINGUISTIESE TEORIE STEUN STERK OP DIE HIPO-  
TESE VAN DIE EENVORMIGHEID VAN TAAL. (Homogeni-  
teit)

Dié hipotese hou in dat taal sistematies en homogeen is. (Chomsky neem ook aan dat die sistematiese van taal nie te betwyfel is nie.)

Linguistiese teorieë ontwikkel op die basis van daardie deel van taalgedrag wat eenvormig en homogeen is. Wat homogeniteit betref, bestaan taal sonder enige variasies; hoewel taalvariasies belangrik mag wees uit 'n praktiese of toegepaste standpunt. (Vergelyk stylverskille t.o.v. Chomsky, 1971, hfst. viii - ix; Hymes, 1974, p. 200) Sulke data word egter nie benodig vir linguistiese teorie nie, en sal dit om die waarheid te sê ten beste verstaan word as die teorie van "competence" ten volle ontwikkel is. Die begrip van 'n abstrakte homogene spraak-

gemeenskap berus op die hipotese dat alle sprekers eenders praat en die taal sodanig aanleer. Vergelyk hierdie siening met die van Labov in die hieropvolgende hoofstuk: "Homogeniteit bestaan nie by spontane uitsprake nie" (p.64); "Heterogeniteit is algemeen" (p.82); (Labov, 1970, pp. 33, 37, 39.)

1.2. SPREKERS VAN DIE TAAL HET TOEGANG TOT HIERDIE INTUISIES VAN "LANGUE" OF "COMPETENCE" EN KAN DIT WEERGEE.

Die sprekers ken hulle taal perfek en word nie in hulle taalgebruik geaffekteer deur faktore soos beperktheid van geheue, gebrek aan aandag en belangstelling of ander taalfoute nie. "Linguistic theory is concerned primarily with an ideal speaker-listener, in a completely homogeneous speech - community, who knows its language perfectly and is unaffected by such grammatically irrelevant conditions as memory limitations, distractions ..... in applying his knowledge of the language in actual performance". (Chomsky, 1965, p. 3).

2. SINTAKSIS IS OUTONOOM EN ONAFHANKLIK VAN BETEKENIS.

Sintaksis is vir Chomsky van die uiterste belang. Hy skryf in Syntactic Structures, (p. 15):



"I think that we are forced to conclude that grammar is autonomous and independent of meaning". Chomsky vervolg in Aspects (p. 16) dat daar wel met betekenis rekening gehou moet word, en het betekenis in sy dieptestruktuur tuisgebring.

(Vergelyk hfst. I, p. 37) . Sintaksis staan sentraal met semantiek ondergeskik daaraan. Chomsky verdeel die taalkunde in drie komponente nl. Semantiek, Sintaksis en Fonologie, waarvan Sintaksis dan outonoom, die belangrikste is. In hierdie outonome sintaksis-hipotese sê Chomsky (as interpretatiewe Semantikus) dat betekenis gekry word, deur dit te interpreteer. As Sintaksis nie as outonoom gesien word nie is Sintaksis en Semantiek eintlik nie te skei nie. (Vgl. ook p. 2) (Vgl. hier die Generatiewe Semantici wat van betekenis-standpunt uitgaan).  
Die sin:

- (1) "Colourless green ideas sleep furiously", is semanties onsin, hoewel sintakties welgevorm. Dit bewys dat Semantiek los staan van Sintaksis. (Chomsky, 1957, p. 15).
- (ii) "Gholf plays John". Volgens Chomsky is hierdie uiting ook onsin. Let terloops

daarop dat 'n bepaalde situasie, waar John te veel Golf speel, ons bring by 'n taalsituasie, waar situasie nie as deel van taal buite rekening te laat is nie. Chomsky e.a. het 'n beswaar teen hierdie siening van die sogenaamde teorie van taalhandelinge van o.a. Searle omdat menslike handelinge niks te make het met Taalsituasie nie. 'n Mens kan die studie van taalsituasies nie op dieselfde vlak as teoretiese kennis betrek nie. Chomsky vergelyk hierdie "buitegedrag" met die voorbeeld van die fisikus wat die tyd toets wat dit 'n balletjie sal neem om vanaf punt A tot punt B te rol, maar nie rekening hou met daardie persoon wat die balletjie sou kon optel nie.

Chomsky word gekritiseer omdat hy sy veld te nou afbaken. Hierop antwoord Chomsky dat hy juis net sekere aspekte wil beskryf. Die res los hy vir ander wetenskappe. As 'n ander studierigting dit beskryf, bewys dit dit hoort (ook) tot 'n ander studieveld.

Dit is duidelik dat bogenoemde taalteorieë die studie van sosiale spraakgedrag of die studie van spraak in die sosiale omgewing uitsluit.

Hierdie teorieë het Chomsky gemaak aangesien hy verkies het om met eie kennis te werk, met individuele informante of met sekondêre materiaal.

"INNATE HYPOTHESIS".

Die menslike ingebore taalvermoë hou verband met kwaliteit eie aan moedertaalsprekers. (Vergelyk die rigting van die taalpsigoloë, Hymes, 1974, pp. 21, 87, asook Bailey, 1973, p. 22). Chomsky sê die intuïsie van die moedertaalspreker is ook homogeen in die sin dat die taalondersoeker sy taal effektief ken en nooit proefpersone/data hoef te raadpleeg nie. Die spreker sou weet wanneer hy die woorde reg gebruik of nie. Dit word onwaer bewys deur byvoorbeeld die gebruik van die volgende woorde, deur dieselfde spreker in Afrikaans: stingel x stengel; ingels x engels; omtrint x omtrant; ingel x engel; agint x agent; of die woorde ertappel x artappel; herd x heard. Die vraag ontstaan of [ə] van bv. "agint" nie onnodiglik vervang is deur [ɛ] in "agent" nie. Vergelyk ook [ɛ] x [ə] in die genoemde voorbeelde. Indien dit wel die geval sou wees, sou die een vorm nie méér gebruiklik wees nie. Dit is vir 'n kind maklik om hierdie proses intuïtief te voltooi as gevolg van die groot hoeveelheid data tot sy beskikking. "... children have within them the ability to 'reconstruct' history in some sense...." (Bailey, 1973, p. 26). Substansie en die vermenging

daarvan is 'n komplekse aangeleentheid. Vergelyk Ross (1973, p. 191.): "When questions of any subtlety are tested against speakers intuitions, my experience has been that no two speakers will answer a set of even ten questions in the same way. If this is true, then what is a dialect? The usual answer ..... has been: To speak the same dialect (or language) as someone else is to have the same intuitions about some set of sentences as (s)he has". Vir Ross beteken hierdie begrip van dialek dat daar dan geen dialekte is nie en hy soek na 'n meer abstrakte afbakening van 'n beskrywing vir dialek. Hy stel 'n volledige beskrywing van die idiolek voor - 'n diepgaande studie van die struktuur van elke spreker se intuïsie. Vergelyk Ross: "Every speaker has some squish of nouniness" (1973, p. 193 vir verdere bespreking in die verband). Vergelyk ook hoofstuk 3.

### KENMERKE VAN DIE LEKSIKALISTIESE TEORIE.

#### I. TWEE SENTRALE BEGRIPE VAN DIE CHOMSKY-TEORIE.

(CHOMSKY, 1957, p. 26-30)

- (i) Sinne vertoon 'n bepaalde konstituentstruktuur. Daar is 'n hiërargie tussen bepaalde sake. Die konstituente is so opgebou dat hulle mekaar liniêr opvolg.

Bv.:  $\underbrace{\text{Jan}}_{\text{konstituent 1}} \underbrace{\text{skiet}}_{\text{konstituent 2}} \underbrace{\text{die man met 'n geweer.}}_{\text{konstituent 3}}$

Hierdie sin sou twee betekenisse kon hê omdat die hiërargiese indeling op ten minste twee maniere kan verloop. (1 + 2, 3 of 1, 2 + 3)

- (ii) Insig in hierdie soort verdeling, naamlik die van die konstituentstruktuur, kan verklarings vir mens aan die hand doen met betrekking tot die betekenis van 'n bepaalde sin. Twee sinne wat op mekaar lyk, verskil in betekenis, byvoorbeeld:

(a) "John is easy to please" teenoor

(b) "John is eager to please".

(a) "Somebody pleases John"

(b) "John pleases somebody".

(Chomsky, 1972. pp. 22, 23, 99)

Die Generatiewe Semantici maak daarop aanspraak dat hulle veel meer kan sê as Chomsky. Dit is die betekenis waarom alles gaan en dit hoef nie noodwendig by wyse van 'n boomdiagram te geskied nie. Hulle vertaal hiërargie (dominasie) met "Semantic Scope" (Semantiese bereik) (Bailey, 1973; Lakoff, 1971). Chomsky sien wel tekortkominge in sy metode van beskrywing in en maak aanpassings in "As-

pects of the theory of Syntax" 1965 en in latere werke. Eersgenoemde noem hy die "Standard Theory" en dié na 1965 die "Extended Standard Theory". Vergelyk Chomsky, 1972, p. 134, vir 'n verdere verduideliking van die "Extended Standard Theory".

Die Leksikalistiese teorie maak gebruik van die Transformasionele Generatiewe Grammatika (soos óók die Generatiewe Semantici Lakoff, Ross, Postal, McCawley). Die T.G.G. het Transformasies nodig en daarmee word 'n sisteem of reëls bedoel, wat betrekking het op die strukturele beskrywings van sinne. Elke spreker van 'n taal het 'n T.G.G. bemeester wat sy kennis van die taal uitdruk. Dit beteken nie dat hy bewus is van die reëls van die grammatika nie of daarvan bewus kan word nie, of dat sy verklarings omtrent sy intuïtiewe kennis van die taal noodwendig akkuraat is nie. Enige T.G.G. sal grootliks te doen hê met die denkprosesse, wat verder strek as die vlak van werklike of selfs potensiële bewustheid. Dit is verder duidelik dat 'n spreker se mededelings en gesigspunte omtrent sy gedrag en sy kennis of taalvermoë foutief kan wees. Aldus poog 'n T.G.G. om aan te dui wat die spreker werklik weet, en nie wat hy mag meedeel omtrent sy kennis van 'n taal nie.

CHOMSKY SE SIENING VAN DIE T.G.G.

Chomsky benadruk dit dat die T.G.G. nie 'n model is vir spreker of hoorder nie. (Chomsky, 1965, p. 9). Dit poog om die kennis van die taal wat die basis van werklike taalgebruik by spreker-hoorder verskaf, te karakteriseer. (Vgl. ook p.16 )

"When we speak of a grammar as generating a sentence with a certain structural description, we mean simply, that the grammar assigns this structural description to the sentence. (Chomsky 1965, p. 9)

Wanneer gesê word dat 'n sin 'n sekere afleiding het in terme van 'n bepaalde T.G.G., word niks gesê van hoe die spreker of hoorder te werk gegee het om so 'n afleiding te konstrueer nie.

"These questions belong to the theory of language use - the theory of performance." (Chomsky, 1965, p. 9).

"..... it is unreasonable to demand of linguistic theory that it provide anything more than a practical evaluation procedure for grammars. (Chomsky, 1957, p. 52). "Our ultimate aim is to provide an objective, non-intuitive way to evaluate a grammar once presented, and to compare it with other proposed grammars. We are thus interested in describing the form of grammars (the nature of linguistic structure) and investigating the empirical consequences of adopting a certain model for

linguistic structure, rather than in showing how, in principle, one might have arrived at the grammar of a language". (Chomsky, 1957, p. 56).

Binne die tradisionele linguistiekteorie is die kreatiewe aspek waaroor alle tale beskik, duidelik. 'n Essensiële eienskap van taal is dat dit uitdrukking kan gee aan 'n onbeperkte hoeveelheid gedagtes en kan reageer op 'n onbeperkte getal nuwe situasies. "The grammar of a particular language, is to be supplemented by a universal grammar that accommodates the creative aspect of language use and expresses the deep-seated regularities which being universal, are omitted from the grammar itself. It is only when supplemented by a universal grammar that the grammar of a language provides a full account of the speaker-hearer's competence". (Chomsky, 1965, p. 6)

#### LABOV EN ANDER OOR DIE T.G.G.

Bogenoemde vrae behoort tot die teorie van taalgebruik, naamlik "performance". 'n Model van "performance" sal beslis die T.G.G. wat die spreker-hoorder se kennis van die taal uitdruk, as basiese komponent daarvan insluit. Maar hierdie T.G.G. beskryf nie die karakter of funksionering van 'n waarnemingsmodel of 'n model wat spraak



produseer nie. Vir verdere verwysings: Chomsky (1957), Gleason (1961), Miller and Chomsky (1963).

Bogenoemde grammatika is beskryf as 'n middel om sinne af te lei. Dit het tot die gedagte gelei dat daar 'n sekere ongelykmatigheid in die grammatikateorie is, in dié sin dat Transformasionele Generatiewe Grammatika gesien word in die lig van die spreker, eerder as die hoorder; dat dit dan te doen het met die produsering van uitings eerder as die "omgekeerde" proses van analisering en rekonstruksie van die struktuur van gegewe uitings.

'n Transformasionele Generatiewe Grammatika sê nie hoe 'n spesifieke uiting opgebou is nie, ook nie hoe om 'n spesifieke gegewe uiting te analiseer nie. Dit is slegs 'n beskrywing van 'n sekere stel uitings: nl. dié deur die grammatika afgelei. Die sin "Die seun bestuur die motor" kan verander word na 'n hele paar moontlikhede, waar onder:

- (a) Die motor word deur die seun bestuur. (passief)
- (b) Bestuur die seun die motor? (vraag)
- (c) Die seun bestuur nie die motor nie. (ontkenning)
- (d) Bestuur die motor! (bevel)
- (e) Die motor, die seun bestuur dit. (topikalisasie)

- (f) Dit wat die seun bestuur is 'n motor.  
(Splyting)

Bogenoemde manipulasies is transformasies en Chomsky sê die "Extended Theory" moet so min moontlik transformasies hê. Informasie moet so veel moontlik in 'n Leksikon bymekaar gebring word. (Vergelyk Chomsky, 1972, p. 65-68) Chomsky verkies vandag nog net 'n paar verskuiwings-transformasies. (Chomsky, 1972, p. 138).

## 2. COMPETENCE EN PERFORMANCE.

'n Tweede wesentlike kenmerk van die Interpretatiewe Semantiek is die verskil tussen Competence en Performance. Chomsky was baie beïnvloed deur De Saussure wat 'n tipiese strukturalis was. Sy "langue"/"parole"-onderskeiding is verwant aan Competence (taalvermoë) en Performance (taalgebruik). "... but it is necessary to reject his concept of langue as merely a systematic inventory of items and to return rather to the Humboldtian conception of underlying competence as a system of generative processes". (Chomsky, 1964).

Die studie van abstrakte taal - taalkennis beskikbaar aan elke moedertaalspreker (intuïsie) - het nuwe impetus van Chomsky ontvang wat die de Saussuriaanse splitsing herbeklemtoon het deur "compe-

tence" of die abstrakte kennis van die reëls van 'n taal teenoor "performance" of die keuse en toepassing van hierdie reëls te stel.

Hy het die gebruik wat vloei uit die Saussuriaanse paradoks duidelik gestel, naamlik dat die ware objek van linguistiese studie 'n abstrakte homogene spraakgemeenskap is waarbinne elkeen eenders praat, en die taal oombliklik ken of leer. (Labov, 1970, p. 32, praat van ..... this abstract Language...") Chomsky betrek nie die sosiale sy van taal nie, 'n juis omdat hy daarop aandring, dat dit nie die uiting van die individu is wat as data vir linguistiek bestudeer moet word nie, maar sy intuïesies in verband met die taal. In hoofsaak moet sy uitspraak/opinie aangaande watter sinne grammatikaal is en watter nie is nie, asook sy uitspraak oor die verwantskap tussen sinne - watter sinne dieselfde betekenis het, - bestudeer word. (Vgl. ook p.13)

Let wel dat Chomsky sê "The notion 'acceptable' is not to be confused with 'grammatical'. 'Acceptability is a concept that belongs to the study of performance, whereas grammaticalness belongs to the study of competence'". (Chomsky, 1965, p. 11)

Die "competence performance" onderskeiding by Chomsky word ook deur die variasietaalkundiges,

soos Labov, Bailey en Ross bevraagteken. Die vraag is in hoeverre taalvariante aangebore is, in hoeverre variasies dus op "competence" dui.

Ross praat van "variable constraints on squishes" (1973, hfst. 3, 3.2) waar die vraag ontstaan of konstantes wel bestaan. Die suggestie is dat so iets nie bestaan nie. Nie net is dialekte volgens die ou siening veranderlikes nie, ook is alle ander moontlikhede van taalvariasie veranderlikes. (Vgl. Ross (1973, p. 143 - 230) se ses grade van "nouniness" (naemwoordagtigheid), waarom m.b.t. Taalvariante nie van konstante reëls gepraat kan word nie.) Ross werk met "non-discrete grammar" (p. 241) waar "grammar" aspekte bedoel wat in die Sintaksis optree en met "non-discrete" bedoel hy natuurlike taal, so ver moontlik weg van die abstrakte. (Dus so pragmaties moontlik.)

PROBLEME MET KRITIESE BESKOUING TEN OPSIGTE VAN  
DIE ONDERSOEK VAN SPRAAKGEDRAG (PERFORMANCE)  
(WAAROM SLEGS OP "COMPETENCE" GEKONSENTEER IS:)

Dit is moeilik om die alledaagse gevolgtrekking te vermy dat die objek van Linguistiek die instrument van kommunikasie soos gebruik deur die spraakgemeenskap moet wees. Om verskillende redes was hierdie voorkoms van taal die moeilikste objek vir linguïste om hulle aandag by te bepaal. Die on-

dergenoemde redes omskryf die omvang van hierdie probleem kortliks:

(i) Die ongrammatikaliteit van spraak:

Ten opsigte van die bewering van die Bloomfield-skool dat taalgebruikers nooit foute maak nie, verskil huidige standpunte. (Labov, 1970, p. 34). Taal wemel van ongrammatikale vorme, aangesien die probleem van taalbeoefening, volgens die Chomsky-siening, in die weg staan van die geheelbeeld van die spreker se taalbevoegdheid.

Dit is voor die hand liggend dat die voorraad grammatikale sinne nie geïdentifiseer kan word met enige besondere raamwerk van uitings wat die linguis in sy veldwerk verkry nie. "... it is obvious that the set of grammatical sentences can not be identified with any particular corpus of utterances obtained by the linguist in his fieldwork. (Chomsky, 1957, p. 15) Vgl. die sosio-linguistiese siening van o.a. Labov en Bailey: "Deur direkte ondersoek van taal in sy sosiale konteks groei die hoeveelheid beskikbare data....." (Hoofstuk 2, p. 4)

'n Grammatika van 'n taal sal in sy uitings-

forme bepaalde grammatikale uitings projekteer. So weerspieël die grammatika die spraakgedrag van die spreker wat, op die basis van bepaalde en toevallige ondervinding met taal, 'n onbepaalde hoeveelheid nuwe sinne kan produseer. 'n Taal kan 'n onbepaalde aantal gedagtes uitdruk en reageer op 'n onbepaalde hoeveelheid nuwe situasies.

Dit word oor die algemeen geglo dat die korpus soos ontleen aan die gesproke taal nie 'n goeie voorbeeld is nie, aangesien dit baie gevalle van swak gevormde sinne sal bevat wat deur die sprekers self veroordeel en verander word wanneer hulle aandag daarop gevestig word. Sien Labov se statistieke waardeur hierdie siening ontken word. (hfst. 1, p.34 )

(ii) Variasie in spraak en in die spraakgemeenskap:

Dit kom algemeen in 'n taal voor dat daar baie alternatiewe maniere bestaan van dieselfde ding te sê. Sommige woorde soos "motor" en "kar", "kasteel" en "burg", wys op dieselfde ding. Ander weer het "verskil-

lende uitsprake", byvoorbeeld "padda" en "parra". Sintaktiese vorme is ook opsioneel. Soos byvoorbeeld -

'Met wie praat hy? vs. Wie is dit met wie hy praat?

of

"Dis maklik vir hom om te praat" vs. "Vir hom om te praat is maklik".

In elkeen van hierdie gevalle het ons met die probleem te make van te besluit waar om hierdie variasie binne die linguistiese struktuur te plaas in terme van 'n verklaring van die voorkoms van sulke (en ander) variasies. 'n Mens kan egter nie variasies sinvol bestudeer sonder dat jy 'n teoretiese grondslag daarvoor het nie. In hierdie proses moet beskrywend en vergelykend gewerk kan word. Chomsky maak gebruik van eersgenoemde wat dan ook die eenvoudigste metode is. (Vgl. hfst. 1, p.38 )

Wanneer binne die hoofstelsel van 'n taal gewerk word, word 'n groot aantal substelsels beheer. So 'n siening hou in dat taalvariasies noukeuriger afgebaken kan word. In Afrikaans en enige ander taal moet ons 'n baie groot aantal substelsels onderskei. Teoreties

kan die voorkoms van Afrikaanse taalgegewens op 'n belangrike vlak verdeel word in twee lae naamlik 'n suprasegmentele (musiese) en segmentele (fatiese) laag. Wanneer met die Afrikaanse subsisteme gewerk word, moet daar dan erkenning gegee word aan hierdie feit. Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen die gegewens van die musiese laag en die van die fatiese laag. Eersgenoemde sluit dit in wat saamhang met klem, ritme, toonhoogte ens. en laasgenoemde hang saam met die woordlaag. Die volgende sin uit Kleurling-Afrikaans baken duidelik kenmerke af soos intoesie, klem, toonhoogte, ensovoorts, wat geklassifiseer kan word op die suprasegmentele vlak.

"Ons het diou goed uitgeluister".

Anders as Standaard-Afrikaans word Kleurling-Afrikaans in die reël op 'n hoër toonhoogte uitgespreek, en geskied dit teen 'n vinniger tempo. Ook die sinsbou en die konstruksie van die woord "uitgeluister" verskil van Standaard-Afrikaans. Klem word gelê op "luister" (hooraksie) deur die toevoeging van uit-. Huidige formele analises laat ons slegs met twee duidelike keuses.



- (a) die variante hoort tot verskillende sisteme en die alternatiewe gebruik is 'n voorbeeld van dialekvermenging. Let wel dat die gebruik van "Dialek" die veiligste is slegs wanneer dit geografies afgebaken kan word. (Ross (1973, p. 191) sê dat nie net die ou soort dialekte onderling veranderlikes behels nie, maar ook alle ander variasie moontlikhede. (Vgl. ook p.18 )
- (b) die variante is 'n variasie binne dieselfde sisteem, en die keuse lê dieper as die vlak van slegs die sintaktiese struktuur. Die inagneming van die musiese laag is uiters belangrik vir 'n ondersoek na variante in Afrikaans. Net soos "Kleurling-Afrikaans", verskil "Bulands" van Standaard-Afrikaans (ABA) ten opsigte van die musiese laag. Nederlands is ook van Afrikaans te onderskei op grond van supra-segmentele kenmerke (die musiese laag) terwyl Afrikaans en Nederlands ten opsigte van Leksikonindeling (fatiese laag) hand aan hand loop.

Die onderskeid tussen onderskeie subsysteme of

Taalvariante in Afrikaans is moontlik as gevolg van die onderskeid tussen fatiese en musiese lae. Van die sintaktiese verskynsels in Afrikaans wat daarmee verband kan hou, kan die volgende genem word:

1. meervoudsvorming; defleksie ten opsigte van naamwoordvorming; reduplikasie; verkleinwoorde.
2. lidwoord: die (bepaaldheid); die refleksief en aanwysende vnw. dié;
3. verwysing t.o.v. die nominatief, "ons"-vorme; hulle-konstruksie; vir-konstruksies; laat + werkwoordkonstruksie ("laat speel", "laat werk" "gaan werk"); kom-konstruksies ("Dit kom reën.");
4. besitsaanduiding; bepalingiskonstruksie t.o.v.: (a) sinsbepalers (vgl. Afrikaans met Nederlands) en (b) adjektiewe (Diep-testruktuur vir Afrikaanse sinne);
5. woordvolgorde; meerkonstruksionaliteit.
6. Velarisering ("ing"-vorming bv. "koninging"); palatalisasie bv.  
( [kɪɪrk] , [ɕiɪlt] , [kɪɪmbəl] )
7. die weergee van 'n bepaalde gevoel: vertedering, haas, veragting, erns, ens.
8. Gebruiksvariasies van die vokaal (verhoging, verlaging, brekingsuitspraak, vokaalverskuiving en verswakking);
9. kombinasies en voorkoms van medewerkwoorde;

10. die [r] / [R] - variasie;
11. diftongering en monoftongering;
12. die vorms van die vergelykingskonstruksie;
13. tydsaanduiding.

Sinsklem is ter sprake ten opsigte van die Germaanse vaswording van klem op die eerste lettergreep wanneer Germaans gestel word teenoor Indogermaans waar swewende (verspringende) klem gekry is.

In die sentrale sub sisteem wat beheer word in Afrikaans, word die plek in die sin verander of klem (fokus) word gelê as 'n bepaalde deel beklemtoon wil word. Herhaling is 'n derde moontlikheid. Die suprasegmentele kenmerke wat Kleurling-Afrikaans van Standaard-Afrikaans onderskei, is heelwaarskynlik sodanig beset dat 'n fokus transformasie moeilik kan plaasvind. Die suprasegmentele spektrum is dus beset, maar fokus moet plaasvind. Vergelyk die volgende:-

- A. Swewende klem (woorde met fleksiemorfeme) teenoor
- B. Vaste klem (woorde sonder fleksiemorfeme). Wanneer veronderstel word dat die woord "onderhou" geklassifiseer word as 'n woord

met vaste klem, sal daar van swewende klem gebruik gemaak word om dubbelsinnigheid te voorkom. Die klem word dus gewissel:

- (i) Onderhou / onderhou. Dit is fokusverandering wanneer na swewende klem beweeg word.

In "Hou hom onder" word gebruik gemaak van Plekverandering of dan Volgordeverandering. Die sin in Kleurling-Afrikaans kan egter nie onderskeidend gevorm word deur swewende klem nie, omdat die toonhoogte reeds te hoog is. Gevolglik word 'n morfeem by die stam gevoeg wat verwantskap sowel as houding (bekend as aspek) uitdruk. Die verklaring dan van "ge" in "uitgeluister" is dat die eerste keuse toegepas is, toe die tweede keuse. Die strategie wat die gebruik van 'n bepaalde volgorde tot gevolg het, is 'n implikasie van 'n hoër reël. So byvoorbeeld as eerste keuse: vrye woordorde, dan woorde met addisionele morfeme. As een van hierdie keuses nie toegepas word nie, word terugbeweeg na beklemtoning toe - wat 'n middel is waarmee fokus aangedui word.

- (iii) Die probleem van die opname van taal in sy natuurlike omgewing:

Dit is uiters moeilik vir 'n ondersoeker om getroue opnames te verkry van sprekers, weens die volgende redes:

- (a) Die "optekenaar" is subjektief ingestel ten opsigte van dit wat hy hoor en sy data is dienooreenkomstig subjektief gekleurd. Dit wil sê sodanige data is nie altyd betroubaar nie. So byvoorbeeld sal hy óf weens 'n swak oor, óf weens sy eie kennis van die taal dit aanteken wat hy dink hy hoor. (Baie kenmerkings van dieselfde taal is so byvoorbeeld anders deur ondersoekers wat ander moedertale gepraat het, gedoen).

Dit kan ook biologies verklaar word weens die feit dat die brein oorinnames vooruitloop. Dit is ook algemeen bekend dat 'n taalondersoeker nie die vorme van 'n vreemde taal samehangend kan ontleed nie.

- (b) Dit is moeilik om as navorser 'n werklike natuurlike situasie te skep, omdat die ondervraagdes vreemd vir hom is en hulle moontlik sal praat of antwoord

of optree soos wat die ondervraagde dink die navorser graag sou wou hê hy moet.

- (c) Die tydsfaktor betrokke by so 'n ondersoek kan ook die akkuraatheid van sy data affekteer, as gevolg van gejaagdheid om dit wat teen 'n redelike vinnige tempo geskied, op skrif te stel. Die tempoverskil tussen spraak en optekening is problematies. Onwillekeurig bestaan die vraag of die ondersoeker by hierdie soort van ondersoek met die segsman gesels en of hy gesprekke tussen segsmanne moet opneem?

Laasgenoemde is miskien die "ideale" metode aangesien die opname onmiddellik kan begin. (Geen oriëntering / gereedmaking is nodig nie). Geen inligting gaan verlore as gevolg van vinnige tempo waarteen data op skrif gestel moet word nie. Derdens en miskien die belangrikste voordeel, is dat 'n gesprek tussen twee segsmanne bepaald "natuurlik" en met minder spanning sal geskied.

Bandopnames is beslis in hierdie stadium die beste metode vir die opname van enige van bg. gesprekke. Hoe vryer die opnametegniek, hoe beter.

(iv) Die rariteit van sintaktiese vorme:

Om data te versamel en weergee wat sprekers werklik sê, mag aanvaarbaar wees vir die algemene en sintaktiese vorme. Vir enige diepteanalise moet daar aanvaar word dat alle gegewens nie so kan voorkom nie. Vir die klankpatroon van 'n taal sal dit noodsaaklik wees om sekere rare woorde op te diep. In die studie van sintaksis is die onvoldoendheid van die gemiddelde korpus nog duideliker. Enige poging om sintaktiese reëls te spesifiseer, betrek onvermydelik sekere vorme wat mens nie verwag om te hoor in 'n beperkte ondersoek nie. (Vgl. Hoofstuk 2, p.60 )

Bogenoemde probleme is voldoende motivering vir die rede waarom op "langue" of taalvermoë (competence) gekonsentreer kan word met uitsluiting van ander data. Met in agneming van die aansienlike vordering wat gemaak is in die abstrakte studie van "langue" en in die lig van bogenoemde probleme, is dit nie verbasend dat linguïste, met spesifieke verwysing na Chomsky, hulle rug gekeer het op die bestudering van taal soos dit in die spraakgemeenskap voorkom nie.

PROBLEME BY DIE STUDIE VAN VARIASIE:

Deur te konsentreer op die oordele van die moeder-taalspreker, eerder as op sy werklike spraak, is vertrou dat variasie omseil sou kon word. (Labov, 1970, p. 37)

Al vind ons hoogs gestrativieerde variasie in werklike spraak, is die vertrou dat variasie omseil sou kon word in 'n sekere mate geregverdig want lede van 'n spraakgemeenskap deel met 'n gemeenskaplike versameling van normatiewe patrone. (Labov, 1966a, 35) Sodanige uniformiteit by intuïtiewe uitsprake is egter tiperend slegs van goed ontwikkelde sosio-linguistiese variante wat reeds duidelik sosiale regstelling geniet het. Meeste linguistiese reëls is benede die vlak van sosiale korreksie en ons het nie duidelike sosiale norme waarmee hulle geassosieer word nie. Chomsky se metode van ondersoek berus op die aanname dat elke mens sy taal intuïtief ken en dus daarvolgens betroubare uitsprake kan maak - uitsprake wat die taalwetenskaplike kan interpreteer in sy behandeling van taalprobleme.

Waar Chomsky te doen kry met afwykings van hierdie modelle, word sodanige afwyking afgemaak as sou dit te wyte wees aan die onvermoë van die spreker om sy taal perfek te kan praat. Vanweë sy homogeniteitshipotese, berus Chomsky se uitsprake op onbuigbare modelle en is daar nie plek vir veranderlikes wat betref die basiese struktuur van die taal nie. Die kern van sy taal bly



dus bevrore en staties. Hierteenoor staan linguïste soos Labov, wat taal eerstens bestudeer as taal-in-gebruik. (hoofstuk 2, p.82)

#### PROBLEME BY DIE STUDIE VAN INTUÏSIES:

Toe Chomsky aanvanklik met sy voorstel gekom het dat die objek van linguïstiese ondersoek beperk moet wees tot die intuïtiewe oordele van moedertaalsprekers, het hy gehoop dat die grootste gros hiervan duidelike oordele sou wees. (Chomsky, 1957, p. 14). Hy het voorsien dat grensgevalle uitsonderlik en klein in getal sou wees en dat hulle grammatikale status bepaal sou word deur reëls geformuleer deur die duidelike gevalle. Die situasie het egter nie ontstaan nie, aangesien dit moeilik is om twyfelagtige gevalle te vind wat nie problematies gebly het vir die teorie nie. Dit is nie so seer die getal twyfelagtige gevalle wat van belang is vir die oplossing van grammatikale vrae nie, maar hulle voorkoms, of hulle verband met ander gevalle is van kardinale belang. Waar sulke kritiese data te berde gebring word by linguïstiese besprekings, word dit maklik deur die linguis as aanvaarbaar of onaanvaarbaar bestempel sonder enige verdere bespreking. Die aanname van homogeniteit en toegang van die spreker tot "langue" (sy intuïties van die taalvermoë) wat aanleiding gegee het tot hierdie situasie word ernstig onder verdenking gebring en kom hierdeur weer ter sprake. (vgl. ook p.6 )

Afwykings is gerieflikerwyse afgemaak met verwysing na "styl" (vgl. Aspects) of na "dialekte", of dat dit aan

die dialek van die spreker self toe te skryf is. (idiolek).

#### DIE OBJEK VAN LINGUISTIESE BESKRYWING. DIALEK EN IDIOLEK:

Die gebruik van die term dialek by besprekings van die verskeidenheid van uitsprake is moeilik te regverdig. Geen getuienis word gelewer rakende die verskille van sinne ten opsigte van geïsoleerde punte nie. Individue is gladnie konsekwent van een uitspraak tot die volgende nie. (o.a. Ross, 1973, hfst.3) In die soeke na 'n homogene objek het linguïste geleidelik hulle aandag gefokus op kleiner en kleiner segmente van die taal.

So het Bloch die term idiolek geskep om die spraak van een persoon te verteenwoordig wat oor een onderwerp praat met dieselfde persoon en vir 'n kort tydsduur. (Bloch, 1948). Dit is egter te betwyfel of enigiemand binne so 'n idiolek die homogene data waarna Bloch gestreef het, ontdek het. Die bestaan van die begrip idiolek as die ware objek van linguïstiese beskrywing beteken die negering van die De Saussuriaanse idee van "langue" as 'n objek van eenvormige, sosiale begrip.

Dit is hoogs onbevredigend om verskille toe te skryf aan dialekte en om dit dan daarmee as afgehandel te beskou. "One does not wish to retreat to analysis of a corpus, a supposed "idiolect". (Hymes, 1974, p. 152). Aldus Hymes kan tot 'n vergelyk gekom word deur terug te keer na die idee soos lank deur Jakobson gehuldig, dat taal 'n sisteem van sisteme is. Dit wil sê die meervoudigheid

van vorme van spraak kan verenig word deur 'n gemeenskaplike teorie te vind vir uiteenlopende analitiese sake. Dit sal goed wees om weg te doen met die idee van 'n algemene teorie wat onoorkomelik moeilik bewysbaar is. J.R. Firth (1957, p. 29), het tot die gevolgtrekking gekom dat:

"Unity is the last concept that should be applied to language..... There is no such thing as, 'une langue une' and there never has been."

(Chomsky se homogeniteitsbeginsel verteenwoordig, soos gesien, die teenoorgestelde siening.) Vir Bailey bestaan "Dialektologie" omdat 'n gegewe klomp moontlikhede taalgebruik onderlê - beperkte moontlikhede waarbinne keuses gemaak kan word. 'n Vorm van taal wat verandering vertoon is dus 'n bepaalde keuse wat gemaak is uit die moontlikhede. Geen variasie gaan ooit verlore in 'n taal nie want wat op een plek verlore gaan, word gekompenseer op 'n ander. "Since Decamp (1971) Bailey (1972) and Elliot, Legum and Thompson (1969), it has become increasingly obvious that a great deal of linguistic variation patterns in an implicational manner". (Bailey, 1973, p. 28). "If future work continues to corroborate the surmise that all varieties can be designated in terms of a larger overall scale including semantic and syntactic as well as phonological materials, then linguistics will have a practical concept which will prove far more serviceable than dialect". (Bailey, 1973, p. 29).

GRAMMATIKALITEIT / ONGRAMMATIKALITEIT:

Die fundamentele doel in die linguistiese analise van 'n taal is om die grammatikale ordening wat die sinne van die taal behels, te onderskei van ongrammatikale ordening wat nie sinne van taal is nie, en om dan die struktuur van die grammatikale geordende opeenvolgings te bestudeer. Die grammatika van 'n taal sal dan die middel wees wat alle grammatikale volgordes van taal genereer en nie die ongrammatikale strukture nie. 'n Sin is grammatikaal as dit in ooreenstemming met die reëls van die grammatika wat iemand vir homself verwerf het genereer word - dit weerspieël dus sy "competence".

Die begrip "grammatikaal" kan nie geïdentifiseer word met die begrip van 'n hoë graad van statistiese voorkoms nie. Slegs grade van grammatikaliteit bestaan. (Chomsky, 1957, p. 16, 17; 1955; 1961).

Hoe (indien wel) ons grade van grammatikaliteit (of ongrammatikaliteit) kan vasstel, is tans nog nie duidelik nie. Ons sal die antwoord hê as ons kan vasstel wanneer die oorskryding van een beperking vir die moedertaalspreker minder aanvaarbaar is as die oorskryding van 'n ander beperking, met ander woorde wanneer ons 'n hiërargie van beperkings kan vasstel. Om meer duidelikheid in die verband te kry kan die onderskeiding "aanvaarbaarheid" bygebring word. "Acceptable" refer to utterances that are perfectly natural and immediately comprehensible without paper-and-pencil analysis. Obviously, acceptability will

be a matter of degree". (Chomsky, 1965, p. 10). Hierdie begrippe lê baie na aan die hart van 'n studie oor taalvariasie. Dit is duidelik wanneer ons sinne soos die volgende wat 'n styging in hulle graad van onaanneemlikheid het, vergelyk:

- (a) Eerlikheid bewonder die vrou.
- (b) Eerlikheid ontslaan die vrou.
- (c) Eerlikheid siekte die vrou.

Vergelyk ook Chomsky (1965, p. 11). Die begrip aanvaarbaarheid moet nie met grammatikaliteit verwar word nie. Aldus Chomsky behoort aanvaarbaarheid tot die studie van "performance" en grammatikaliteit tot die studie van "competence". Tegnies gesproke lê die volgende sin as gevolg van onnatuurlikheid en kunsmatigheid, laag op die skaal van aanvaarbaarheid maar hoog op die skaal van grammatikaliteit.

"Die man sal die hond moet behoort te kan wil gaan begin slaan".

"Like acceptability, grammaticalness is no doubt a matter of degree (Chomsky, 1955, 1957, 1961), but the scales of grammaticalness and acceptability do not coincide. Grammaticalness is only one of many factors that interact to determine acceptability".

Vergelyk 'n onlangse informele studie van opinies wat gekry is van 167 moedertaalsprekers van Engels oor die grammatikaliteit van die volgende sinne al dan nie: (Labov, 1970, p. 38).

- (1) He stuck the knife into himself.
- (2) He was shot by himself.
- (3) He stuck the knife into him.
- (4) Himself was shot by him.

Vir die linguis is (1) grammatikaal en (4) geheel en al ongrammatikaal (vgl. Postal 1968a. se term "crashingly ungrammatical"). Op 'n driepuntskaal waar (3) perfek grammatikaal is, (1) ongrammatikaal is en (2) toelaatbaar is, was die ondervraagdes se beste gemiddeld 2,62 vir (1) en die swakste gemiddeld was slegs 1,40 vir (4). Die ander was aanvaarbaar met 2,00 vir (2) en 1,75 vir (3). Misverstande, misopvattinge, en verskillende begrippe van grammatikaliteit (waaronder miskien aanvaarbaarheid) kon bygedra het tot die mislukking om 'n kategoriese oordeel te bereik. Daar is ander getuigenis dat daar 'n gedragslyn is wat gevolg word by oordele oor grammatikaliteit (Quirk 1966) - in sommige gevalle dui hulle min reëlmatigheid aan, indien enige.

Let wel dat Postal in sy bespreking van die refleksief, wys dat voorbeeld (4), waar die passief en refleksief transformasies verkeerdlik ingespan is, 'n veel hewiger vernietiging van ons intuïsie ten gevolge het as voorbeeld (2). (Vergelyk Labov, 1970, p. 39). "Yet there is no evidence that consistent and homogeneous judgments can be obtained from native speakers on such crucial matters. Variation in syntactic judgments can be studied with profit and the implicational series within them analyzed to decide the form of the rules. But it is

now evident that the search for homogeneity in intuitive judgments is a failure".

3. OPPERVLAKTE EN DIEPTESTRUKTURE AS DERDE KENMERK VAN DIE CHOMSKY-TEORIE.

Die Leksikaliste sowel as al die ander taalkundiges erken die belangrikheid van die onderskeiding tussen Oppervlakte en Dieptestruktuur, maar hulle verskil ten opsigte van wat die belangrikste is tussen die Oppervlakte en die Dieptestruktuur. Vir Chomsky (nog in die Aspects-mode) lê betekenis in dit wat jy dink en daarom is Dieptestruktuur die belangrikste. By Oppervlaktestruktuur kan jy foute maak en Oppervlaktestruktuur is dus nie die geskikste vlak vir taalondersoek nie. Volgens die Variasietaalkundiges maak natuurlike taalgebruikers minimaal foute. Slegs tien persent van die sinne wat gebruik word is ongrammatikaal. Ook spraakdefekte soos byvoorbeeld hakkels, is nie so belangrik nie, aangesien net 'n klein persentasie foute voorkom. (Labov, 1970, p. 42; Labov, 1966.b)

Beide die Oppervlakte en die Dieptestruktuur is belangrik om betekenis te kan onderskei. Chomsky sê alle betekenis het met Oppervlaktestruktuur te make behalwe grammatikale verhoudings wat hulle betekenis uit die Dieptestruktuur kry. (Vgl. Chomsky se "Extended Standard Theory", Chomsky, 1972, p. 62).

As toepassing hieraan kan gelet word op die persoon wat

skree: "Keer!" Hy kan verskillende dinge bedoel soos byvoorbeeld, "Keer asseblief die glas wat val!, die deur klap toe!" Hoe reageer mense daarop?

Die Oppervlaktestruktuur dra dikwels nie eksplisiet die betekenis van 'n sin oor nie, terwyl die dieptestruktuur wel 'n eksplisiete betekenisweergawe van die sin kan lewer. Daar is taalkundiges wat die mening huldig dat alle tale dieselfde dieptestruktuur het en dus slegs verskil in hulle oppervlaktestrukture.

Die praktiese implikasies van die verskil tussen die oppervlakte- en dieptestruktuur blyk uit die volgende: (Dit is in ooreenstemming met die bekende Katz en Postal-hipotese).

- (1) Een oppervlaktestruktuur kan meer as een dieptestruktuur verteenwoordig.
- (2) Sinne met uiteenlopende oppervlaktestrukture kan dieselfde dieptestruktuur hê.

Dit sluit nouer aan by die siening van die sg. Generatiewe Semantici, as wat dit tans by die Chomsky-skool se siening aansluit. Sowel die oppervlakte- as die dieptestruktuurbegrippe is veel abstrakter en ingewikelder as wat dit wil voorkom.

Hoewel die strukturele taalkunde aanneem dat diepte- en oppervlaktestruktuur in werklikheid dieselfde is, word bogenoemde twee in die algemeen onderskei deur die transformasionele grammatika en word die oppervlaktestruktuur



bepaal deur die herhaalde aanwending van sekere formele reëls - die sg. "transformasies". (Vandaar die term Transformasionele Generatiewe Grammatika en die toepassing van bepaalde interpretasies.) Daar moet 'n diepte-sowel as 'n oppervlaktestruktuur vir elke sin afgelei word en met mekaar in verband gebring word.

4. SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE KOMPARTEMENTALISASIE:

Sinchroniese en Diachroniese Kompartemente is onderskeidelik bekend as Beskrywende en Historiese taalstudie. Eersgenoemde dui op 'n aspek van taal soos wat dit op 'n gegewe tydstip daar uitsien, terwyl laasgenoemde die ontwikkeling en verandering van 'n taalaspek bestudeer. Reeds uit hierdie begrip van wat Beskrywende en Historiese taalstudie is, is dit duidelik dat 'n oorvleueling in so 'n studieveld uiters waarskynlik is. In Sound Patterns of English (S.P.E.) maak Chomsky en Halle dikwels geen onderskeid tussen Sinchronie en Diachronie nie aangesien daar dikwels 'n oorvleueling van hierdie twee aspekte in taalstudie is. (vgl. ook Bailey, 1973, p. 32) Die Variasietaalkundiges praat hier van Panchronie. In dié taalondersoek bestaan die ouer vorme en nuwer vorme naas mekaar en kan daar dus nie meer 'n onderskeid gemaak word nie.

5. TAALUNIVERSALIA.

Die volgende verdeling t.o.v. Universalia word gemaak:

- (1) Besondere taaleienskappe en
- (2) Universele taaleienskappe.

1. Besondere Taaleienskappe:

1.1. Afrikaans: Jan sê vir Sannie dat Gert  
Hennie sien.

Onderwerp + Voorwerp + Werkwoord.

Engels: John sees Mary.

Onderwerp + Werkwoord + Voorwerp.

1.2. Afrikaans toon besondere defleksiekenmerke  
met ander tale.

1.3. In Afrikaans kry jy verskillende ander  
kompenserende woordverbande.

2. Besondere Taaleienskappe teenoor Universele Taal-  
eienskappe:

Alle tale beskik oor besondere en universele  
taaleienskappe. Chomsky bedoel met Universaliteit  
die universele erflikheidseienskappe van die mens  
wat dit moontlik maak dat die mens taal kan aan-  
leer en die Sjimpanseë byvoorbeeld nie. (Dit  
bring ons onder andere by die studiegebied van die  
Taalpsigologie).

Chomsky is geïnteresseerd in hoe die mens se brein  
werk. Daar is egter nie 'n direkte ondersoekmetode  
nie, - daarom moet daar na simptome gekyk word.  
(Afasiegevalle / spraakgebreke word in hierdie ver-  
band bestudeer. Dit gaan vir Chomsky hier oor die

mens en nie oor die materiaal nie. Voor Chomsky hierdie siening gepropageer het, het taalkundiges hulle meer op die studiemateriaal self toegespits.

Vir die Variasietaalkundiges, Taalpsigoloë, en Taalhandelingsgroep is dit baie belangrik dat die mens, en nie die materiaal nie, voorop gestel word.

6. CHOMSKY-SEKONDESKIED: "GRAMMATIKA" / GEBRUIK VAN TAAL.  
(Nie taalgebruik nie).

Met "gebruik van taal" word die hele situasie van praat - handegesweai ensomeer - bedoel.

Taal is die hele situasie waarin die gebruik van taal plaasvind. Reëls soos hulle in boeke voorkom, sal grammatikareëls wees. Die aanspreekvorm "Dame" is byvoorbeeld 'n hoflikheidsreël. As jy nou alle nie-manlikes as "Dame" aanspreek, sou dit verkeerd wees ten opsigte van die gebruikreëls van die betrokke taal.

"Grammatika" plus "gebruik van taal", is die bestanddele van Linguistiek, - dit kan ook Generatiewe Semantiek genoem word. Anders as Chomsky, wil die Generatiewe Semantici (Lakoff, Ross, Postal, McCawley) elke aspek van taal bestudeer.

Chomsky doen dit nie, hy bestudeer eers, en (nog) slegs, die grammatika van taal. (Vgl. Hoofstuk 1, p. 2). Die groep wat Taalhandelinge bestudeer en in 'n sekere sin ook die Variasietaalkundiges, behandel Linguistiek in soverre dit Linguistiek in geheel oetref.

DIE SOSIO-LINGUISTIESE STUDIERIGTING, VERAL SOOS DIT AANGE-  
DUI IS DEUR LABOV, HYMES EN BAILEY.

1. DIE SOSIO-LINGUISTIESE DOELSTELLING EN SOSIO-LINGUIS-  
TIEK:

Studies waarin Sosio-linguistiese doelstellings weer-  
klank vind is gemoeid met die struktuur van taal en die  
evolusie daarvan binne die sosiale konteks van die spraak-  
gemeenskap. As daar geen behoefte bestaan het om hierdie  
werk te kontrasteer met die studie van taal buite sy so-  
siale konteks nie, kon ons dit eenvoudig hier beskou het  
as suiwer linguistiek/grammatika. (Labov, 1970, p. 31)

Die vraag is waarom daar 'n behoefte bestaan aan 'n nuwe  
benadering tot linguistiek met 'n breër sosiale basis.  
Dit is immers natuurlik om te aanvaar dat die basiese  
data vir enige vorm van algemene linguistiek die taal sal  
wees soos dit gebruik word deur die moedertaalsprekers wat  
met mekaar kommunikeer in die alledaagse lewe. (Vgl. hfst.

1) Volgens William Labov is die huidige benadering tot  
linguistiese navorsing gemoeid met taalgebruik in die  
spraakgemeenskap met as doelstelling, 'n linguistiese  
teorie om hierdie data doeltreffend weer te gee. Hierdie  
tipe ondersoek word soms sosio-linguistiek genoem en ons  
kan dit terugvoer na die beskrywing van taal as vorm van  
sosiale gedrag. Insiggewende studies is gedoen deur  
Bright (1966); Gumperz en Hymes (1966); Lieberman (1966);  
Fishman (1968); Ervin-Tripp (1968); en Grimshaw (1968).

Met sosio-linguistiek bedoel Dell Hymes die gebruik van

linguistiese data en analises in ander dissiplines wat te doen het met die sosiale lewe en omgekeerd verwys dit na die gebruik van sosiale data en analises in linguistiek (Hymes, 1974). Dit kan ook verwys na die verwantskappe tussen tale en gemeenskappe en tussen spesiale linguistiese en sosiale fenomene. Hierdie aktiwiteite voorveronderstel 'n wetenskap van die mens waar die lewe van die mens reeds akkuraat en volledig in sy verskillende fasette ingedeel is. Maar sosio-linguistiek regverdig ons aandag in soverre dit 'n poging aandui om die toepassing van linguistiek en ander dissiplines te verander want hul huidige toepassing moedig 'n gefragmenteerde onvoltooide begrip van die mensheid aan. Sosio-linguistiek is, soos hierbo gesien, 'n poging om bekende kategorieë en veronderstellings aangaande die basiese van linguistiese werk, asook die plek van taal in die menslike lewe, te heroorweeg. Die linguistiese wet, naamlik "Veralgemenings moet vasgelê word", word nou toegepas op aspekte van taal en toon dat hierdie benadering tot nuwe insigte lei. Verder word die kennis en sosiale betrokkenheid van linguiste voorgehou om te lei tot 'n rekonstruksie van linguistiek as sosio-linguistiek, dit wil sê 'n dissipline wat die sosiale samestelling van sy objekmateriaal en die sosiale basisse van sy gebruik en teorie aanvaar. (Vgl. p. 89) Hymes onderskei drie sentrale onderwerpe wat hy as fundamenteel met betrekking tot Sosio-linguistiek beskou. (1974, p. vii)

(1) Daar bestaan 'n ordeningswyse by taal wat deel vorm

van die ordening van kommunikatiewe optrede binne 'n gemeenskap en 'n begrip hiervan vereis 'n ooreenstemmende nuwe beskrywingsmetode van taal.

- (2) Die herkenning van hierdie ordeningsmetode lei tot die herkenning van die feit dat die studie van taal 'n multidissiplinêre veld dek, 'n veld waarvoor gewone linguistiek onontbeerlik is maar waarvoor ander dissiplines soos die sosiologie, sosiologiese antropologie, volklore, poësie ensameer ook onontbeerlik is!
- (3) 'n Studie van hierdie ordeningswyse lei mens tot 'n heroorweging van die basisse van linguistiek self.

Teorie is ondergeskik aan data (Vgl. Labov pp. 28, 55; Bailey p. 48) As dit verder getoon kan word (soos dit wel kan) dat die teorie nie volledig deur die data bepaal kan word nie, kan dit net so aangetoon word dat (onvoldoende) teorie van taal feitlike data weglaat wat net so belangrik vir verklaring is as die data wat wel deur hulle teorieë aanvaar word, en dus kan hier gesê word dat daar nie te veel data binne 'n teoretiese raamwerk ingesluit kan word nie. Voor Chomsky sy grammatika beskryf het, het hy nie 'n versameling data geneem en gekyk watter teorie daarby aanpas nie. Chomsky het wel deur middel van matematiëse berekeninge en teorieë van waarskynlikhede en moontlikhede 'n teorie uitgewerk waarbinne 'n taal met taalbeskrywing moet pas. In teenstelling met die

variasietaalkundiges sê Chomsky dat die teorie eerste kom, daarna volg die data.

2. DIFFERENSIASIE T.O.V. VERWYSENDE EN SOSIALE FUNKSIE.  
DIE AANVAARBAARHEID VAN SINNE BINNE HULLE PARADIGMATIESE  
VERWANTSKAPPE:

Oppervlaktestrukture van sinne kan nie slegs op 'n sigswaarde takseer word nie. (Vgl. hfst. 1 p37) Die rede is nie alleen as gevolg van onderliggende sintaktiese verwantskappe, soos wat grammatici nou ten volle insien na Chomsky se werk nie, maar omdat die oppervlaktestruktuur self nie slegs 'n kwessie van grammatikale formatiewe is nie. Twee verdere onderskeidings is nog nodig, die onderskeiding van verwysing, en die onderskeiding van styl. Om 'n voorbeeld te noem as 'n sekretaresse in 'n telefoongesprek vra, "Mag ek hoor wie praat?", sal 'n geskikte antwoord nie slegs "ja" wees nie. As 'n spraakhandeling is die elemente van 'n sin iets sosiaals ('n beleefdheidsformule) plus 'n operasionele element. Die vraag wat gestel is, is eintlik, wie praat. Die status van "mag ek hoor" en die afhanklikheid tussen 'n geskikte antwoord en "wie praat" is deel van die spreker se linguistiese bevoegdheid, al sou 'n mens "bevoegdheid" beperk tot kennis van die taal. Die prinsipiële ondersoek van sodanige fenomene maak sosiale faktore onvermybaar by grammatikale ontleding. (Hymes, 1974, p. 149. Vgl. ook Searle, 1969)

Dit is 'n bekende feit dat leksikale elemente en frases, sodra hulle 'n grammatiese funksie aanneem, hulle vroeëre

leksikale krag kan verloor binne hulle paradigmadiese verwantskappe. (Hymes, 1974, p. 149) "Thus, in English "keep" and "get" now mark continuative and inceptive aspect in sentences such as "Keep going" and "Get going", not "retain/obtain possession of" something called "going".

Die leksikale elemente en frases kan hulle vroeëre leksikale krag binne die paradigmadiese verwantskappe verloor, wanneer hulle grammatiese funksie verkry in 'n sosiale of stilistiese sin. Die twee prosesse is parallel aan mekaar indien die selfs identies is nie. Dit is die verskil in die funksie wat die linguïste aandag gevestig het op die referensiële gevalle en nie op die ander gevalle nie. (Hymes, 1974, p. 149). Mens kan 'n spesiale proses vind wat slegs gedeeltelik voltooid is. So kan "mag ek hoor" as half-grammatikaal beskou word sodat ek dikwels antwoord op die sin volgens beide interpretasies met "ja" gevolg deur my naam. In Amerika het die woord "dankie" algemeen die betekenis van waardering uit te spreek vir iets wat ontvang is. In Engeland kan dit weer gebruik word deur die gasheer wanneer hy 'n bord kos aan een van sy gaste gee aan tafel. By die Bantoe vind ons 'n positiewe sowel as negatiewe gebruik van "dankie". "Nqiyabonga" (Zoeloe) word gebruik wanneer positief dankie gesê word vir iets wat ontvang is, asook wanneer iets bedank word of nie aanvaar word nie. In die laasgenoemde geval word gewoonlik (nie altyd nie) gebruik gemaak van 'cha' Nqiyabonga om 'n negatiewe bedanking te beklemtoon (soos Afrikaans 'nee dankie') Party Afrikaanssprekendes ge-



bruik die woord 'dankie' ook so, en veroorsaak dikwels verwarring in 'n situasie waar die onderskeidings nie bekend is nie. Vergelyk verder ook die interpretasie van 'dankie' in Afrikaans in antwoord op die vraag om byvoorbeeld tee: "Sal u tee neem?" - "Dankie dit sal lekker wees"/"Dankie nie vir my nie". Dit behoeft aan etnografiese studies oor interaksie spreek duidelik uit hierdie gegewens. Elke taal het baie sulke elemente wat morfologies en sintakties gesproke miskien oninteressant is, weens gebrek aan klaarblyklike interafhanklikheid met verwysende grammatikale kategorieë. Bogenoemde elemente word selde in beskrywings aangedui. 'n Normale grammatika kan hoogstens vlugtig daarna kyk en dit neem dan nie die kontekste en funksies in terme waarvan hulle kontrasterende betekenis het, in ag nie. 'n Analise in terme van spraakhandelinge, soos byvoorbeeld die aanspreek van iemand (vgl. p. 45) kan egter aantoon dat sulke elemente sintagmatiese en paradigmatische eienskappe het (Schegloff, 1968) en so kan 'n analise in terme van die interverwantskap van die elemente met intonasie as uitdrukkingsfunksie dieselfde aandui. Dit kan wees dat 'n meer uitgebreide benadering tot bekende grammatikale kategorieë binne 'n gewone sintaksisraamwerk ook sulke partikels en uitdrukkings sal moet kan hanteer. In baie sinne in tale soos Vasco, Chinook en Warm Springs Sahaptien het 'n aanvangspartikel soos die Vasco "ani" of "ade" nie alleen sy eie lokale krag nie, maar 'n trefwydte wat die stemming van die res van die sin wat volg, betref. (Hymes, 1974, p. 150) In effek definieer dit die interpretasie van dit wat volg en

onthef dit die uiting van dubbelsinnigheid. Inisiële plasing van elemente wat die stemming van die gebied wat volg beskryf, kan wyd verspreid wees en dit kan selfs universeel wees.

Persoonsname wat sosiale betekenis, semantiese onveranderlikes en fonologiese of ander markeringseienskappe besit, klink reg en geïnspireerd in terme van hulle interne struktuur. Vergelyk hier byvoorbeeld die name wat Tolkien gebruik in sy boek "The lord of the Rings" (Hymes, 1966B), asook "Sewe dae by die Silbersteins" van Etienne le Roux. Die elemente wat hierbo genoem is, is elemente binne sinne waarvan die struktuur wat aangedui word deur sosiale betekenis en stilistiese analise afgeskeep is, en kan as 'n kompensasië daarvan gesien word. Dit word in 'n groter mate ingesien dat die enkelvoudige sin op sigself arbitrêr begrens is. Verder sou dit noodsaaklik blyk te wees om te besin hoe 'n grammatiese eienskap eers uitgedruk kan word in 'n enkelvoudige sin, dan in 'n versameling sinne, waar dit kunsmatig sal wees om slegs die groter gebied te beskou sonder inagneming van die verskille tussen sosiale en stilistiese betekenis van beide hierdie uitdrukkingsvorme. Samekoppeling van strukture in teenstelling met hulle ontkoppeling dek nie slegs 'n groter veld van sintaktiese werkverrigting nie, maar dit lê ook 'n bykomstige sfeer van betekenisvolle keuse en die redes vir die uitoefening daarvan bloot.

As grammatikale reëls ten opsigte van hulle aanwending

ten volle nagevolg moet word, moet meer as die grammatika ontleed word. Dit is juis die formele afhanklikheid van 'n sin met betrekking tot 'n vorige sin wat ook gevind kan word met betrekking tot 'n nie-verbale konteks. Die status van 'n sin, sy eienskappe as 'n versoek, as 'n bevel, ensomeer, verskil na gelang van die sosiale opset en verwantskap. (Sy handelingseienskap, pp. 45, 47)

Hymes sê dit is juis die kontrasterende toepaslikheid van verskeidenhede binne dieselfde situasie, die moontlikheid van verandering en keuse binne dieselfde situasie, wat die betekenis van die reëls van voorkoms naasmekaar definieer en voorsiening maak vir hulle sosiale betekenis. (Hfst. 2, p. 80) Dit is sodoende komplekse eenhede wat te doen het met repertoires in verhouding tot situasies, persone en gemeenskappe wat verantwoordbaar is aan die begrip van taal as 'n sisteem binne sisteme. (Vgl. hfst. 1, p. 31) So 'n komplekse eenheid maak voorsiening vir die feit dat die funksies wat diens doen binne 'n taal met sy elemente en verwantskappe, sowel sosiaal of stilisties as verwysend is en dat dit wat voorkom as afwykings, skendings, variasies of dialekte, vanuit die standpunt van slegs laasgenoemde funksie (verwysend), keuses blyk te wees binne die meer komplekse sisteem van reëls.

Algemeen gesien, is sinne wat sintaktiese analise bemoeilik in die eerste plek onderworpe aan interpretasie en seleksie volgens die dimensies van die sosiale konteks en spraakstyl. Waar hierdie twee dimensies in resente Amerikaanse grammatika-teorieë geïgnoreer was, is dit nou nie meer

moontlik nie en as dit moontlik is om oordeel rakende grammatikaliteit te isoleer van die meer algemene oordeel van aanvaarbaarheid, sal dit slegs gedoen kan word op grond van die kontekstuele en stilistiese dimensies van beoordeling. (Vgl. ook hfst. 1, p. 19)

Volgens Hymes en ander taalondersoekers moet beskrywing, was as die basiese uitgangspunt aanvaarbare sinne aanneem, voorsiening maak vir huiwerings, onderbrekings, onvoltooide sinne en foute waar dit toepaslik is vir 'n bepaalde situasie of styl. 'n Grammatikus moet ook so te werk gaan: hy moet tot sy intuïtiewe oordele kom deur middel van die omliggende, meer onmiddellik intuïtiewe netwerk van oordele van aanvaarbaarheid. (Vergelyk Labov 1970, p. 42) Aanvaarbaarheid het 'n sosiale dimensie en het ook te doen met genres, met norme van interaksie, asook met sosiale betekenis en stilistiese eienskappe. Presiese uitspraak, korrekte grammatika, praat sonder huiwering, kan onder sekere omstandighede as gemaak en oneg en gevolglik as onaanvaarbaar geïnterpreteer word. "Despite its great interest in universals, recent transformational generative phonological theory remains explanatorily inadequate because of its restriction to 'referential' function". (Hymes, 1974, p. 159) (Vergelyk werk wat gedoen is ten opsigte van die genoemde beperking deur Chomsky en Halle, 1968, p. 298). Chomsky en Halle, soos die meeste linguïste, sien kontrasterende toepaslikheid alleenlik met die funksie van verwysing tussen die vorme binne 'n taal. (Hymes, 1974, p. 160) "On this basis the

additional articulatory trait in a language is only an unmotivated local habit. Matters need not be left there, if social function is recognized". Onafhanklik-kontroleerbare fonetiese kenmerke moet gesien word as funksioneel. Fonetiese kenmerke kan meer as een funksie hê. Die verband tussen fonetiese kenmerke van spesifieke tale en linguistiese universele reëls, word verkeerd begryp as die sosiale of stilistiese funksie nie in ag geneem word nie. Chomsky en Halle regverdig hulle belangstelling met betrekking tot die Engelse aksentkontoere op grond van die lig wat dit werp op die algemene linguistiese teorie. (universele grammatika)

Die vermindering van aspirasie in Engels (vergelyk "knife") word op dieselfde wyse verduidelik. Laasgenoemde is 'n goeie voorbeeld van 'n kenmerk wat toepaslik is vir 'n algemene teorie. Dit het kontrasterende toepaslikheid, nie betreffende verwysende betekenis nie, maar wel wat sosiale betekenis betref. (Sulke kenmerke kan saam gegroep word as "stilisties", om hulle te onderskei van "verwysend") Die sterk teenoor swak aspirasie van 'n aanvangseksplousief is 'n konvensioneel erkende manier om klem uit te druk. Dit is in Afrikaans realiseerbaar as geëffekteerdheid, byvoorbeeld [t<sup>h</sup>E] of [t<sup>h</sup>l] (tee) ("Wil u tee hê?") Vergelyk ook "Pienaar", "Le Roux" en "Rambrandt" waar daar sterk oordrewe aspirasie van die "p-klank" is en ook die "r" oormatig geaspireer en gerol word. Die kontras sterk/swak aspirasie van die aanvangseksplousief word gesien as 'n onderskeidingsteken van sosiale betekenis,

net soos die kontras stem/stemloos 'n onderskeidings-  
teken is van verwysende betekenis. Verder het aspirasie  
moontlik kontrasterende toepaslikheid in elke taal.  
Moontlik is dit 'n universele reël, nie net 'n moontlike  
item uit 'n inventaris nie, en is daar van funksionele  
toepaslikheid sprake. In sommige tale onderskei die  
kontras leksikale vorme, terwyl dit in ander tale gebruike  
van dieselfde vorm onderskei. Dit is moontlik 'n univer-  
sele deel van die normale linguistiese bevoegdheid van  
sprekers en hoorders.

Die voorkoms van stemhebbendheid in sommige tale, in die  
aanvangsstam-plosief is op meer as een manier as 'n opper-  
vlakke-eienskap gesien. Dit kan inherente (verwysende)  
stemhebbendheid voorstel of veranderbare (stilistiese)  
stemhebbendheid voorstel. Die volkstaalspreker moet weet  
wat is watter en hierdie geval is sprekend vir die nood-  
saaklikheid vir die tipe verwantskap tussen grammatikale  
en fonologiese sektore wat ontwikkel is deur 'n Transfor-  
masionele Generatiewe Grammatika-teorie.

Dialekte soos Vasco ('n Wes-Afrika dialek, net soos Wish-  
ram) bring 'n ander aspek van die probleem van linguis-  
tiese universalia na vore (Hymes, 1974, p. 163). "Sapir  
(1915, p. 195) found that 'the writer himself feels, or  
thinks he feels, the intrinsically diminutive or augmen-  
tative value of certain consonant changes in Wishram',  
as do I"; Glottalisasie vir verkleining, stemhebbendheid  
vir wysiging, en [S] vir verkleining, [sh] vir wysiging,  
lyk reg. "Modern linguistics has largely avoided the

question of a crosscultural basis for the relationship between sounds and meanings". (p. 163) 'n Taal hou nog steeds verrassings in. In Warm Springs Sahaptin (Hymes, 1974, p. 163) kan reduplikasie gebruik word om die verkleining aan te dui waar mens sou verwag dat die teenoorgestelde naamlik wysiging (vormverandering) aangetrof sal word. Vergelyk Afrikaans waar die stam van die simplekse selfstandige naamwoord oor die algemeen ongewysigd bly wanneer dit deur die verskillende verkleiningsaffikse gevolg word. Tog is daar bepaalde gevalle waar die verkleiningsaffiks /ki/ invloed uitoefen op die uiteindelijke vorm van die daaraan voorafgaande stam (Wissing, 1971, p. 103) "Wanneer selfstandignaamwoordelike simplekse op /t/, /h/, /t/, of /lt/ eindig, en deur /ki/ verklein word, word dié slotkonsonant op reëlmatige wyse aangetas"- byvoorbeeld: /pɔj + ci/, /klɔip + ci/, /hAp + ci/, /tɛr + ci/, /spɛl + ci/. (Wissing, 1971, p. 108)

Gevalle soos bogenoemde, dien as waarskuwing teen oorhaastige stellings met betrekking tot taaluniversalia en dit dui op die behoefte aan 'n presiese ondersoek na die kulturele norme van elke gemeenskap. Universaliteit kan moontlik dieper geleë wees en kan meer kompleks wees as wat die ondervinding van slegs 'n paar tale 'n mens kan laat dink. Universalia is volgens Chomsky die biologiese erfeienskappe van die mens. (Vgl. hfst. 1, p. 40) Die fonologiese oppervlakte van woordeskat is nie slegs 'n arbitrêre voorstelling van die standpunt van lede van 'n ge-

meenskap wat die taal aangelêer het nie. Dit moet gesien word teen die milieu van inter-afhanklikheid van vorme en betekenis. Vanuit 'n etnografiese standpunt gesien, is die verband van klank met betekenis 'n daaglikse deurlopende deel van die lewe van 'n taal. Daar is beslis genoegsaam rede om te glo dat die patrone vir taalkeuse en vorme wat gepas is ten opsigte van betekenis, voortdurend en deurlopend in die plek van 'n taalgemeenskap kan voorkom.

### 3. DIE BENADERING EN SOEKE NA 'N BESKRYWINGSMETODE:

#### 3.1. Universalialia as algemene teorie van taal:

##### 3.1.1. Die vind van universele reëls:

Die behoefte aan 'n funksionele benadering kan gesien word uit 'n ietwat anderse standpunt, naamlik die van universele reëls as 'n algemene teorie van taal. Die toegepaste prinsipie is 'n uitvloeisel van een reeds deur Ferdinand de Saussure genoem, naamlik die behoefte om die leksikon saam met die grammatika in die beskrywing van taal in te sluit, (vgl. hfst. 1) aangesien 'n gegewe kategorie uitgedruk kan word in een sektor van een taal en in die ander sektor in 'n ander taal. Die beskrywende basis van 'n algemene teorie wat met sulke kategorieë werk, moet beide sektore insluit. Dieselfde logika is van toepassing op sti-



listiese eienskappe en sosiale betekenis-  
tesame met daardie eienskappe wat verwysend  
is. 'n Sekere kategorie kan binne die ef-  
fektiewe trefwydte van 'n verwysende beskry-  
wing uitgedruk word in een taal maar kan  
buite daardie trefgebied in 'n ander taal  
uitgedruk word. Omgekeerd kan 'n sekere  
eienskap 'n kategorie uitdruk binne die ef-  
fektiewe trefgebied van beskrywing in een  
taal maar kan dit ook uitdruk buite daardie  
trefgebied in 'n ander taal. In beide ge-  
valle sal die werklike universele eienskap-  
pe van taal misgekyk word as beskrywing nie  
uitgebrei word tot die gebied van twee tipes  
funksies nie.

### 3.1.2. Gebruik van universele reëls:

Die soeke na universalia, soos deur Chom-  
sky geformuleer is, is 'n soeke na verkle-  
ring. 'n Doeltreffende verduideliking be-  
staan uit die regverdiging van die vorm  
van spesifieke grammatikas aan die hand  
van wat universeel in taal is en hopelik  
inherent is aan die mens se denke. Die  
gebruik van kennis van universalia is dan  
om o.a. te besluit tussen moontlike alter-  
natiwe grammatikas en ook om lig te werp  
op 'n faset van die menslike natuur. Die

gebruik van universalialia is nie om taal te ontwar as abstrakte denke van die mens se geskiedenis nie, maar om ons begrip van sy geskiedenis te verryk. Die abstrakte moontlikhede van taal en die onweerlegbare gemeenskaplike eienskappe van alle tale, die toevallighede van interaksies tussen tipes van herkoms, menslike natuur en gebruikstipes - dit word nagestrewede om hierdie sake in te weef in die algemene teorie van taal aangesien die mens nooit abstrakte denke is nie, maar 'n deelnemer is binne 'n spesifieke gemeenskap wat verander en behoefte het aan verandering. (Vergelyk ook die rasionalistiese en mentalistiese sienings. (Hfst. 1, pp. 37, 38)

3.2. Direkte ondersoek van linguistiese data binne die sosiale konteks van Taalvariasie met belangrike uitgangspunte in die benadering tot die teorie:

Skolastisisme behou 'n psigomatiese uitkyk op die mens en sy natuur. Die mens is nie slegs denke wat voorsien is van inherente kennis nie, maar is ook 'n liggaam waarvan die fisiologiese karakteristieke die grense van natuurlikheid van taal bepaal. (Bailey, 1973, p. 22) Chomsky is 'n mentalis en het deur sy mentalistiese siening van die geweldige vermoëns van die menslike brein, gereageer teen die Behaivourisme in die taalwetenskap en het dit

feitlik vernietig. Die mens is 'n kommunale sosiale wese. As die objek van linguistiese studie, vereis hierdie opvatting van die mens die insluiting van die funksie van taal in sy sosiale konteks as 'n noodsaaklike deel van linguistiek.

Dit is 'n teenstelling teen die mentalistiese siening. Die mens bly 'n sosiale wese en die menslike brein is nie los te maak van sy sosiale omgewing nie. Die skolastiese balans ten opsigte van bogenoemde is verder te sien in die balans tussen wat veranderlik is, en wat konstant is. Die studie van variasie is nie slegs 'n waardevolle toevoeging tot Linguistiek nie, maar is van waarde deurdat die studie van reëlmatige taalvariasie in kommunikasie nie weggelaat kan word uit linguistiese teorie en praktyk nie. Die handleiding vir die wyse van taalondersoek soos wat dit aangedui is deur Bailey is nie 'n nuwe teorie nie. Hierdie raamwerk sal heelwat transformeer wat oorgeneem is van die T.G.G., soos die studie van klankverwantskappe in die Fonetiek op die vlak van

(1) interpersoonlike en (2) interstilistiese variasie. (Vergelyk Chomsky se bestudering van die taal van een persoon, 'n teorie wat hom beskerm om nie oor bogenoemde hoof te praat nie.)

3.2.1. Teorie is ondergeskik aan die data - 'n verwysing na die intuïtiewe oordele van die Moedertaalspreker:

Kritiek wat gelewer word op konvensionele

linguistiese metodes, moet nie deurgaans gesien word as deel van 'n voorstel dat dit afgemaak moet word nie. Formele verduideliking van paradigmas, die ondersoek van intuïtiewe oordele, die studie van literêre tekste ensomeer, bly belangrike ondersoekmetodes en veral eersgenoemde twee moet onder die knie gekry word deur diegene wat betekenisvolle bydraes tot die linguistiek wil lewer. (Labov, 1970, p. 4.)

Ons kan byvoorbeeld nie fonetiese transkripsies van 'n onbekende taal aanpak nie, aangesien dit 'n baie swak instrument is vir die bepaling van die werklike kwaliteit van geïsoleerde klanke, maar as 'n begrip van die sintaksis en die bedoelde morfeme gegee is, is die oor wel 'n uitstekende instrument vir die bepaling van watter van die verskeie moontlikhede gerealiseer is. (Vgl. hfst. 1, p. 39) Die prosedures van die Transformasionele Generatiewe Grammatika wat gemoeid is met intuïties omtrent taal het die taalondersoeker in staat gestel om insiggewende modelle van linguistiese strukture op te stel. Hierdeur is 'n groot bron van probleme blootgelê wat nooit tevore aangeraak was nie. Dit is nou algemeen om die stelling te maak dat 'n Transformasionele Ge-

neratiewe Grammatika die beste ontdekkingsprosedure is wat die taalwetenskap tot sy beskikking het. Die studie van intuïtiewe uitsprake vestig die aandag op belangrike verwantskappe tussen sinne en die dieper strukture wat hulle onderlê. As 'n teorie van taal, skiet hierdie benadering egter te kort, aangesien dit geen manier bied om te ontdek of die model reg of verkeerd is nie. Vgl. Bailey wat intuïsie aanvaar en erken maar met méér as slegs dit werk. Met sy uitsluiting van segsmanne gaan Chomsky op intuïsie af, terwyl die variasietaalkundiges intuïsie ignoreer. (Vgl. hfst. 1, p 9

"The acceptance of abstract hypotheses and formalized arguments does not commit me to any acceptance on innate 'knowledge' or the role of intuition as more than a sometimes useful discovery tool". (Bailey, 1973, p. 21)

Die Transformasionele Generatiewe Grammatika was oorspronklik gekonstrueer om al die aanvaarbare sinne van die taal voort te bring en geen onaanvaarbare sinne nie. Indien die model vergelyk sou word met wat sprekers sê, kan geen beslissende gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van die wyse waarop dit ooreenstem met die data

daarvoor, of die wyse waarop dit daarvan verskil nie. So byvoorbeeld:

- (a) As iemand 'n sinstruktuur gebruik wat nie deur die grammatika voorgeskryf is nie (dit wil sê die grammatika soos wat dit deur die model voorgeskryf is), is daar niks wat jou verhoed om dit eenkant toe te skuif as 'n fout, of as 'n dialekverskil nie.
- (b) Sou niemand ooit 'n sinstruktuur gebruik wat nie deur die grammatika voorspel is nie, kan hierdie feit geïgnoreer word aangesien dit bekend is dat die mees komplekse sintaktiese vorme baie raar is. (Labov, 1970, p. 36, 39)

Labov lewer kritiek met betrekking tot laasgenoemde defek deur 'n komplekse sinstruktuur as hiërargies en onnatuurlik te bestempel en sê dat daar geen grondige rede is vir die gebruik van sodanige struktuur nie, tensy mens dit in algemene natuurlike kommunikasie sou aantref. Die beperkinge wat deur Chomsky geplaas is op die toevoerd data tot intuïesies (Chomsky, 1957, p. 15) het aanleiding gegee tot sy oortuiging dat die teorie nie deur die data bepaal word

nie en dat daar altyd verskeie moontlike analises vir elke datakorpus bestaan en dat interne evaluasie-maatstawwe nodig is om tussen hulle te kies.

"The limitations placed upon the input data by Chomsky have led him to the conviction that the theory is undetermined by the data (1966) - that there will always be many possible analyses for each body of data". (Labov, 1970, p. 41)

Labov neem die teenoorgestelde standpunt in. Deur die direkte ondersoek van taal in sy sosiale konteks groei die hoeveelheid beskikbare data geweldig en die hantering daarvan bied aan die taalondersoeker 'n manier waarvolgens besluit kan word watter van verskeie moontlike analises korrek is. In 'n voorlopige ontleding van die aanvanklike data sal die inagneming van eenvoud altyd 'n plek vind, maar as die korrekte benaderingsmetode gegee word, is dit moontlik om te bewys of die eenvoudige hipotese wat gekonstrueer is, die korrekte een is. Ondersoeke met betrekking tot variasie en progressiewe verandering soos wat hieropvolgend bespreek word, verskaf genoegsame ondersteunende bewyse vir bogenoemde aanspraak.

Om werklik tot by die kern van die taal te kom, moet die data van alledaagse spraak direk ontleed word en daar moet weggedoen word met al die ander bykomende feite of sogenaamde feite soos byvoorbeeld die verband tussen woord-assosiasie-toetse en die semantiek van natuurlike taal. Uit hierdie direkte waarneming moet die verwantskap van hierdie data met die grammatikateorieë so akkuraat moontlik bepaal word en daar moet nie geskroom word om die teorie te verander en aan te pas sodat dit by die taalondersoeker se doelstelling pas nie.

Die aspek ten opsigte van die aanvaarding van natuurlikheid in linguistiek beteken nie 'n gebondenheid tot die aanvaarding van statistieke as iets meer as 'n somstydsknuttige ontdekkingsprosedure nie. (Bailey, 1973, p. 33) In byvoorbeeld "Jan breek die glas" word die aanvoeling hier onnatuurlik gerek by die soeke na die Dieptestruktuur. Natuurlikheid geld vir sintaksis sowel as vir die ondersoek van klanke. Chomsky en Halle het onnatuurlikheid nog verder gevoer deur hulle abstrakte onderliggende struktuur vir bepaalde klanke in "The Sound Pattern of English". Daar moet nie so ver na Diepte-



strukture gesoek word nie. Vergelyk "The Sound Pattern of English (hfst. 9, pp. 402, 403) - In plaas daarvan om '0' (onvoorspelbare kenmerke- naas + en - in die leksikale matryse te gebruik, word 'm'e (gemarkeerdheid), en 'u's (on-gemarkeerdheid) voorgestel in die plek van '0'. Die strewe is om so min moontlik m'e + 'e en - 'e, en so veel moontlik 'u's in leksikale matryse te gebruik. Hoe meer 'u's en hoe minder m'e, + 'e en - 'e, hoe eenvoudiger is die matrys en hoe hoër is die waarde daarvan. Slegs nie-u's dra dus by tot die kompleksiteit van 'n matrys. (Wissing, 1971, p. 32); (Vergelyk ook R. Botha, 1968)

3.2.2. Die hantering van grammatikale versus ongrammatikale inhoud:

Die grammatici wat die beskrywing van taal sien as die weergee van alleenlik die grammatikale sinne van taal, doen weg met huiwerings, onderbrekings, onvoltooidheid en foute. Die doel is hier natuurlik nie alleenlik die uitsluiting van sodanige sinne nie, maar ook om hulle weggelate status te verduidelik. Sulke beskrywings is alleenlik suksesvol in 'n swak vorm deurdat eenvoudig nie voorsiening gemaak

word vir sodanige sinne nie. Dit is suksesvol in 'n sterk vorm deur aan te toon waarom grammatika voorsiening maak vir ander soorte sinne en vir daardie soorte wat weggelaat is. 'n Grammatikus kan nou geredelik die feit dat sintaktiese kraaineste nie-grammaties is nie, toelig. Dit kan nie die status van huiwerings, onderbrekings, onvoltooide sinne en sekere tipes foute toelig nie, maar kan slegs sê dat hulle nie ter sprake is nie. Dit skep verleentheid as grammatika-foute wat sprekers feitlik nooit maak nie, ter aanvang verduidelik word en niks gesê word oor "foute" wat sprekers aanhoudend maak nie - foute wat om die waarheid te sê, dikwels korrekte "foute" is om te maak. (Vgl. hfst. 1, p.14, asook Bailey, 1973, p. 32)

3.2.3. Homogeniteit bestaan nie by spontane uitsprake nie:

By ondersoek na die grammatikaliteit van sinne kom Labov tot die gevolgtrekking dat daar geen getuienis is dat eenparige en homogene uitsprake verkry kan word deur moedertaalsprekers met betrekking tot sodanige belangrike sake te raadpleeg nie. (Labov, 1970, p. 39; vgl.

ook Bailey, p.67 en Hymes, p. 50).

Studies oor variasie by sintaktiese uitsprake kan met goeie gevolg bestudeer word, maar gegewens oor homogeniteit by spontane uitsprake bestaan nie.

"The search for homogeneity in intuitive judgments is a failure". (Lebov, 1970, p. 39).

Dit is in elk geval weens verskeie redes moeilik om intuïsie wat self onstabiel is te interpreteer. As ons goeie gebruik wil maak van sprekers se stellings aangaande taal moet ons dit vertolk teen die agtergrond van onbewuste ondeurdagte skeppings. Sonder sodanige kontrole word ons gekonfronteer met hoogs twyfelagtige data met geen duidelike verwantskap tot die kommunikatiewe proses wat ons as taal self herken nie.

3.2.4. Die meerderheid uitinge (75%) is grammatikaal aanvaarbaar:

Die ongrammatikaltiet van alledaagse taal blyk 'n mite te wees wat sonder enige grondige rede bestaan. Verskeie empiriese studies wat onderneem is deur Lebov het aangetoon dat die meerderheid van uitinge, omtrent 75%, goedgevormde

sinne is. Wanneer die reëls van wog-  
lating en sekere universele reëls van  
redigering toegepas word om stameling  
en foutiewe aanvang te korrigeer, is  
die gedeelte van werklik ongrammatikale  
en swak gevormde sinne slegs 2%. (La-  
bov, 1966 b, hfst. 1, p. 11) 'n Be-  
langrike bydrae deur Labov tot die da-  
ta van linguistiese ondersoek, "has  
been ascertaining that unmonitored  
speech is vastly more systematic than  
monitored speech" (1972 b, p. 112)

Vervolgens, "the intuitive source of  
data which has dominated the last  
orientation is obviously no longer to  
be regarded 'per se' as a reliable or  
valid source" (Bailey, 1973, p.32).

Wanneer nie-akademiese sprekers praat  
oor onderwerpe wat hulle goed ken, soos  
byvoorbeeld stories vertel oor persoon-  
like ondervindinge, daal die gedeelte van  
sinne wat redigering verg, tot ongeveer  
10%. Die mite van die ongrammatikali-  
teit van gesproke taal het klaarblyklik  
twee oorspronge: (Labov, 1970, p. 42)

(a) Data wat geneem is vanuit trans-  
kripsies by akademiese samesprekings  
waar sprekers vir die eerste keer uit-

drukking gee aan komplekse idees.  
Vergelyk die student wat as gevolg  
van onkundigheid omtrent 'n onderwerp,  
swak formuleer.

(b) Die tendens om idees te aan-  
vaar wat binne 'n voorafbepaalde ver-  
wysingsraamwerk val, sonder om die werk-  
like data wat ons omring, waar te neem.

3.2.5. Konseptualisme en 'n dinamiese paradig-  
ma as twee belangrike aspekte ten op-  
sigte van Taalvariasie:

- 3.2.5.1. 'n Ideologiese oriëntasie ten opsigte  
van konseptualisme word teenoor die  
homogene leerstelling van die westerse  
soort skolastiek gestel. (Bailey, 1973,  
p. 21). Bailey se benadering is die  
tradisionele een van Konseptualisme.  
Hy aanvaar die studie van die stroom  
van variasie in data sowel as die rea-  
liteit en aanvaarbaarheid van abstrakte  
verwantskappe in dataveranderlikes.  
Deur lewe en funksie te ondersoek, word  
die taalondersoeker by sy tweede stand-  
punt gebring, naamlik dié van 'n dina-  
miese paradigma. Bailey werk met die  
kwessie van abstraksie en formalise-  
ring, waarvan laasgenoemde ook by die

Transformasionele Generatiewe Grammatika gekry word. (Abstrahering gaan veral gepaard met die Chomsky-siening. Vgl. ook p.5 )

- 3.2.5.2. Die Dinamiese Paradigma sluit in teenstelling met die statiese paradigma van strukturele en transformasionele benaderings, tyd in as 'n fundamentele dimensie van alle analise. Dit gaan eintlik hierom. Chomsky is geheel en al staties geörienteer ten opsigte van Dinamiek en hierdie is juis die kern van die insiggewenste kritiek teen hom: taal is tog dinamies. (Chomsky vrywaar homself deur te sê dat hy nie alle aspekte van taal wil beskryf nie.) Sou 'n mens die vraag stel wat met Dinamiek in taal bedoel word, sou die variasie tussen sprekers die antwoord wees. Dieselfde saak kan verskillende dinge beteken. Byvoorbeeld: "Asseblief!" - dit kan geskree word en dan heel iets anders beteken as wanneer daar nie geskree word nie. So ook: "Deur!" - wat as 'n bevel gegee word, maar eintlik bedoel is om 'n vraag/versoek te wees. Dit word omvat in die studierigting van

Taalhandelinge (vgl. hfst. 1, p 38)

3.2.6. Die Competence standpunt teenoor die van Performance:

3.2.6.1. Die regverdiging vir Polilektale Grammatikas:

Gegoe die kompleksiteit van die data waarna gekyk sal word ten opsigte van variasie, word dit van enigeen wat beweër dat taalvariasie tot "competence" hoort, vereis om nie slegs aan te toon dat taalgebruikers in der waarheid variasie doeltreffend hanteer in die formulering van hulle inherente grammatikas nie; maar sodanige persoon moet ook met 'n aanvaarbare hipotese na vore kom, ten opsigte van hoe die bevestigde patrone deur kinders aangeleer word, en in die brein gestoor kan word. (Bailey, 1973, p. 23).

Twee hoofaannames word in die verband gemaak:

(a) Spraakvermoë is 'n relatiewe klein faset van die veel wyer taalvermoë wat nodig is om diegene te verstaan waarmee taalvermoënd gekommunikeer word.

(b) 'n Kind is in sy ontwikkelingsproses, konstant besig om sy inherente grammatika te hersien, telkens as hy te doen kry met 'n sistematiese variasie in die spraak van ander. Dit word op so 'n wyse gedoen dat 'n onderliggende grammatika geskep word wat al die variasies wat hy taalvermoënd mee moet bybly, genereer. Let op wat gebeur tydens die eerste twaalf jaar waarin met taalgebruik te doen gekry word, en wat die kritieke periode is om natuurlike taalkennis te bekom.

(a) Spraakinvloede: (Bailey, 1974, p. 24)

1. Die kind word meestal aan vroulike spraak blootgestel tydens sy vroegste jare.
2. Hy word moontlik gekonfronteer met die spraak van sy grootouers, wat uit verskillende gebiede kan kom. Sommige van hulle kan uit verskillende sosiale klasse kom.
3. Die kind ontmoet bure met verskillende agtergronde.
4. By die skool kommunikeer hy met taalgebruikers uit verskillende klasse.



(b) Gevolge:

Aangesien die vrou omtrent 'n generasie voor die man is ten opsigte van taalverandering, sal die taal van die moeder verskil van dié van die vader, selfs al sou hulle ouderdom en status dieselfde wees. Elkeen van die sprekers waarmee die kind te doen kry, het 'n groot variasie van stylvorme waarmee die kind taalvermoënd moet deel. Die radio en ander kommunikasiemedie dra ook by tot die verskeidenheid van data waarmee die kind te doene kry.

(c) Resultaat:

Die resultaat is dat dit wat die kind produseer al hoe meer beperk is tot die voorbeeld van sy meerdere, waarmee dit wat hy in sy vermoë om te begryp of te verstaan aansienlik vergroot word. Dit is so dat ons "aktiewe" woordeskat slegs 'n faset is van ons passiewe woordeskat. Klima en Belugi (1966, p. 183) sê: "Sinne wat deur die kind verstaan word, beskryf die omvang van sy grammatika meer akkuraat as dié grammatika wat

hy produseer. So ook vir die vol-  
wassene". Teenoor die Chomsky-sie-  
ning van die eweredigheid tussen  
'produktiewe' en 'verstaanskennis',  
(vergelyk Shipley, Smith en Gleit-  
man, 1969, p. 337), aanvaar meeste  
linguiste vandag die oneweredigheid  
van die twee. Vergelyk Shipley se  
opinie ten opsigte van die kind se  
taalkennis/'competence': "Ons data  
toon dat kinders 'n onderskeid maak  
wat nie in hulle spraak gereflekteer  
word nie .... dus doen 'n beskrywing  
van die kind se spontane uitings nie  
reg aan sy linguistiese vermoë nie.  
Dit blyk dat begrip die produksie van  
welgevormde sinne voorafgaan .... 'n  
Beskrywing van natuurlike spraak laat  
hierdie implisiete sisteem geheel en  
al buite rekening. Daarom kan resen-  
te beskrywings van die taalgebruik  
van kinders nie geneem word as die  
grammatika van kindertaal nie."

Dit is van waarde om te wys op 'n een-  
voudige illustrasie van die rekon-  
struksie- en vergelykende metode by  
die aanleer van taal deur die kind.  
Daar is drie stadiums:-

1. Die kind bring die uitspraak van woorde, wat hy uit die mond van verskillende sprekers hoor, in verband met mekaar en internaliseer 'n heropgeboude voorstelling waaruit alles sistematies binne sy begrip gegenerereer word.
2. Hy verkry verskillende uitsprake vir verskillende style in baie van sy onderliggende voorstellings en verbreed sodoende die verskeidenheid van sy taalprodukt.
3. Die kind leer aan om verskillende morfemvorme in verskillende kontekste met mekaar in verband te bring. Dit is nie te betwyfel dat variasie reeds by die kind waarneembaar is in die uitspraak van die vokale van die volgende woorde 'laat', 'maak', 'saam', teenoor die effens korter klank van 'lat', 'mak', 'sand;' nie. Geen twee uitsprake sal natuurlik identies wees nie. Kinders beweeg van die meer algemene na die minder algemene. Alle inskte sal byvoorbeeld 'gogga' genoem word voordat die kind leer om tussen verskillende tipes te onderskei. 'n Enkele klankaanduiding vir alle soorte voertuie kom ook algemeen voor by die kind.

Linguïste moet toegee dat die kind oor 'n interne rekonstruksievermoë beskik, waar hy dien-

tengevolge in sy taalontwikkeling op sinchroniese vlak variasies hanteer soos die volgende - mooi : ~~mooi~~heid : mooilik. Die kind ~~het~~ ook die vermoë in hom om in 'n sekere sin geskiedenis te rekonstrueer. (Vergelyk 'n wye sinchroniese proef wat gedoen is by 'n Dialektologiese studie van [ax~~o~~nt] in plaas van [ax~~e~~nt]). Die vraag ontstaan waarom dit vir die kind so maklik is om hierdie prosesse intuïtief te kan voltooi, wat dan natuurlik die gevolg is van die groot hoeveelheid data tot sy beskikking. Die kind hanteer data op 'n vergelykende manier juis omdat hy so baie data het waarmee hy werk. Bailey sê ook dat die kind kies wat hy wil hê. Vergelyk Bailey, (1973, p. 27) -

"So far from agreeing with Kiparsky, (1971, p. 310) that the child is the synchronic linguist par excellence, I would say: 'The child is the comparatist par excellence'".

(Vergelyk hfst. 1, p. 9) Die taalrigting wat Bailey inslaan, word onderskei van die statiese homogene taalbeskouings, (vergeelyk Chomsky), deurdat Bailey die poging om te probeer verstaan as fundamenteel beskou en kommunikasie die doel is vir die aanleer van taal. Hierdie beskrywing aanvaar die regverdiging van grammatikas op die

basis van dit wat psigologies aanvaarbaar en bewysbaar is. Dit is dus nie slegs die Variasietaalkundiges wat beweer dat as jy begryp hoe 'n kind se taal werk, jy dan weet hoe 'n taal werk nie. Sonder hierdie voorbehoud sal daar geen grense wees om die uiteenlopende data in 'n enkele sogenaamde eenvormige sisteem saam te voeg nie. Daar word sekerlik nie twee 'competences', een vir spraak en een vir begrip bedoel nie.

3.2.6.2. . Geletterdheid ten opsigte van  
"Competence":

Tot hiertoe is die bykomende faktor wat verband hou met "competence", naamlik geletterdheid (lees en skryfkennis) uitgelaat. Ten opsigte van al die aandrag deur moderne linguïste oor die gesproke vorm van taal is dit nie te betwyfel dat geletterdheid die taalvermoë beïnvloed nie. Psigolinguïste het nagelaat om linguïste te voorsien van 'n voldoende verklaring van hierdie invloed. Jy kan nie verstaan voor jy nie gelees het nie. Die vraag is watter

implikasies taal vir "Competence"  
inhou. Taalvariante hou op 'n im-  
plikasie-manier ('Implicational  
Manner') met mekaar verband.

"Since Decamp 1971, Bailey 1972,  
and Elliott, Legum & Thompson 1969,  
it has become increasingly obvious  
that a great deal of linguistic va-  
riation patterns in an implicatio-  
nal manner, i.e. item d implies c,  
which implies b, which in turn im-  
plies a" (Bailey, 1974, p. 28)

Vergelyk byvoorbeeld:

Goties : habjan

Nederlands: hebben

Afrikaans : het

Die een taal vloei uit die ander,  
met ander woorde tale verander.  
Die vraag is of daar werklik iets  
soos Taalverandering is en of "hab-  
jan" so na "hebben" verander het.  
Daar is 'n primitiewe mens, maar nie  
'n primitiewe taal nie. (Odendal,  
1972, p. 26) Taalverandering word  
maklik verkeerd beskryf as reël-  
verandering. Taal is 'n gegewe  
hoeveelheid waarskynlikhede - be-

perkte moontlikhede - wat as variasies voorkom. Taalverandering is nie reëlverandering nie maar is net 'n ander keuse uit die moontlikhede. 'n Sogenaemde 'lui' uitspraak, is byvoorbeeld nie luiheid in die ware sin van die woord nie, dit is maar net 'n ander keuse wat gemaak is. Kies 'n mens byvoorbeeld die 'habjan' met woordklem op die eerste lettergreep (hábjan) dan kan jy tog nie die ander beklemtoningsmoontlikheid terselfdertyd gebruik nie. Dit impliseer dat as jy vaste klem kies, kry jy hábjan het; met wisselende klem word habján behou. Taalverandering oor beklemtoon maklik 'n oppervlakkige dramatiese samehang van gegewens vir verskillende tydperke. Afrikaans kom dus hiervolgens nie uit Middelnederlands of uit Goties of uit 'n ander taal nie. Net 'n ander keuse is gemaak.

3.2.6.3. Pragmatiese 'Competence'/Taalvermoë:

Die kennis van hoe om grammatika te gebruik moet beskou word as 'n in-

herente deel van 'n persoon se linguistiese 'competence' eerder as sy 'performance'. (Hymes, 1962) Dit lei tot Pragmatiek, die studie van taal soos dit in die praktyk voorkom. Die ideale wyse hoe 'n taal beskryf moet word, sluit 'n beskrywing van al sy variante in. Die pragmatiek moet dan ook betrek word. Werk wat gedoen is deur Gordon en R. Lakoff in 1972, het dit duidelik gemaak dat 'Compe- tence' in die gebruik van taal in sosiale situasies, direkte en . waarneembare invloed het op grammatikas. Vergelyk dit wat Charles Morris (1946, p. 219) pragmaties genoem het: "daardie gedeelte van semiotiek, wat deel met die oor- sprong, gebruike en uitwerking van tekens binne die gedrag waarin hul- le voorkom".

As empirisme op die konkrete kon- sentreer, en rasionalisme op die vorm van data, fokus konseptualis- me op die lewe en funksionering van sy objek van studie. R. La- koff se woorde, (1972, p. 922) is



heel gepas vir 'n raamwerk waarbinne variasie hanteer word. Ons kan nie ons analise by die daarstelling van 'n oppervlakkige struktuur of by 'n logiese struktuur laat ophou nie; maar ons moet in elke geval onself afvra wat die buite/ekstra linguistiese konteks van 'n sin is, vir watter doel dit gebruik word. Slegs op daardie basis kan ons bepaal of sinne in twee tale parallel is of nie.

In teenstelling met vroeëre linguïstiese beskouing dat 'n sosiale konteks nie verwant is aan 'n grammatika nie, kan gemeld word dat Hoenigswald (1966) 'n tyd gelede die bestudering van 'n verskeidenheid van onderwerpe wat hoort tot 'n taalgebruiker se kennis van sy taal, voorgestel het. Behalwe kennis van konvensionele ortografieë tussen die geletterdes het hy ook kulturele veronderstellings omtrent taal self genoem, kennis of geloof omtrent die analise van taal en 'n volkswoordeskate wat verwys na spraak-aktiwiteit. Die gebruik van woordspelings, vloekwoorde, en so meer, verskil grootliks van kultuur tot

kultuur, soos die rol van stilte in gesprek, en die inslag van retoriek en poësie. Hoenigswald voeg verskillende houdings teenoor die interpretereerder se vermoëns hierby, ook die studie van wanneer en hoe korreksies by kinders aangebring word, en houdings ten opsigte van stottering en stomheid. (Bailey, 1973, p. 31).

4. DIE NOODWENDIGE AANVULLINGS DEUR DIE SOSIO-LINGUISTIEK OP DIE CHOMSKY-TRANSFORMASIONELE-GENERATIEWE MODEL:

4.1. Die veranderlike reël as reëlmatige eienskap van 'n taalsisteem:

Labov benader die taalondersoek vanuit dié standpunt dat taal eerstens bestudeer moet word as taal-in-gebruik. Hy verwerp die mite van onoor-komelike probleme was as verskoning deur Chomsky aangebied was, (hfst. 1, pp. 456) waarvolgens taal nie in die gemeenskap ondersoek behoort te word, of kan word nie. (Labov, 1970, p. 34) Labov erken die aanwesigheid van veranderlikes in taalgebruik en linguistiese struktuur. Sekere woorde kan dan byvoorbeeld dieselfd verwysing hê. (vergeelyk Afrikaans: kar en motor, radio en draadloos); woorde kan ook twee uitsprake hê of sintaktiese variasie kan voorkom. Labov laat toe vir sodanige verskille in sy

formules. Sy modelle is dus buigbaar en hy erken ook 'n evolusie in die taalstruktuur. Labov maak gebruik van simbole in sy notasie by die formele voorstelling van sy reëls. Dit dui aan vir watter gedeelte van gevalle die reël geld uit 'n totale moontlikheid. Waar Chomsky dus 'n kategoriese onveranderlike reël gebruik, het Labov 'n veranderlike reël wat in sommige gevalle, onder sekere omstandighede, by wyse van hierdie genoemde faktor onveranderlik sal wees maar verander waar sekere beperkings op die reël van toepassing is. (Vgl. hfst. 3) Labov kom tot die gevolgtrekking dat daar gedurende die proses van taalevolusie 'n verandering voltooi word en dat veranderlike reëls onveranderlik word. Wanneer dit gebeur, is daar egter gewoonlik die een of ander strukturele verandering wat kompenseer vir die betrokke verlies aan informasie. Labov kom dan ook tot die verdere gevolgtrekking dat verandering inherent, 'n reëlmatige eienskap van 'n taalsisteem is. Veranderlike reëls is vir hom reëls van produksie en waarnemings, nie 'n basiese aanname betreffende linguistiese struktuur nie.

Vir Labov is die vermoë van die mens om reëls met veranderlike beperkings te aanvaar, te bewaar en te vertolk, 'n belangrike en duidelike aspek van sy linguistiese bevoegdheid of "lanque". Geeneen is egter bewus van sy bevoegdheid nie, en daar is geen intuïtiewe oordele bereikbaar om dit aan ons

te verduidelik nie. In stede hiervan is die nuwe waarneming van ons eie en ander se gedrag kategories. Slegs versigtige studie van taal-in-gebruik sal vir ons die bestaan van hierdie norme, naamlik om binne veranderlike reëls op te tree, demonstreer.

#### 4.2. DIE STUDIE VAN TAAL-IN-GEBRUIK IN 'N HETEROGENE STRUKTUUR:

As motivering vir die beperking van linguistiese data tot intuïsie, is onder andere die probleme by die ondersoek van die alledaagse taal genoem. (Vergelyk Chomsky, hoofstuk 1) Dit het geblyk dat baie van hierdie probleme denkbeeldig of grootliks vergroot is. Die bestaan van variasie en polilektale strukture in die spraakgemeenskappe wat ondersoek is, is wel 'n duidelike vasgestelde feit. (Labov, 1970, p. 42) "The existence of variation and heterogeneous structures in the speech communities investigated is certainly well-established in fact. Is is the existence of any other type of speech community which may be placed in doubt".

Onder linguïste bestaan 'n diepgewortelde mite dat, voordat hulle op die toneel verskyn het, daar 'n homogene enkel-stylgroep bestaan het wat werklik die taal kon praat. (Vgl. hfst. 1 p.17) Elke ondersoeker het gevoel dat sý gemeenskap beïnvloed is om op een of ander manier af te wyk van

hierdie normale model, deur byvoorbeeld kontak wat met ander tale gemaak is, die effek van opvoeding en die druk deur die standaardtaal, ensovoorts. Daar is egter tot die gevolgtrekking gekom dat heterogeniteit nie alleen algemeen is nie, maar dat dit die natuurlike resultaat van basiese linguistiese faktore is. Labov voer dan aan dat dit die afwesigheid van stylverskuiwing en meervlak-kige kommunikasiesisteme is wat as nie-funksioneel beskou moet word. As die veronderstelde assosiasie tussen struktuur en homogeniteit ontbind word, is mens vry om die formele instrumente te ontwikkel wat benodig word vir die hantering van inherente variasie binne die spraakgemeenskap. Om hierdie variasie se patroon te bepaal is hoegenaamd nie vaag nie, aangesien dit nie statistiese analise van honderd sprekers se taaloptreders verg, soos algemeen deur linguiste gevrees is die geval sou wees nie. Intendeel vind ons dat die basiese patroon van klas-stratifikasie byvoorbeeld te voorskyn kom by klein monsters - selfs soveel as van byvoorbeeld vyf-en-twintig sprekers. Stilistiese en sosiale stratifikasie kom te voorskyn by 'n toetsgroep van so min as vyf sprekers en ons is in die posisie om te kan sê wat ons bedoel met stilistiese of sosiale betekenis wat so ontwykend blyk te wees as taal buite sy sosiale konteks bestudeer word.

4.3. DELL HYMES OOR TAAL IN WERKLIKE GEBRUIK - 'N  
POGING OM FUNKSIES IN SPRAAK UIT TE BRING.

'n Studiegebied, wat meer gemoeid is met die detail van taal in werklike gebruik, is die veld wat deur Dell Hymes beskryf word as die etnografie van spraak. (Hymes, 1962) Hymes poog hierin om die pluraliteit, prioriteit en problematiese (empiriese) status van die funksies in spraak uit te bring. Studente soos Ernst Cassiner en Kenneth Burke het gevind dat die vraag van funksie en dié wat handel oor funksie bekend as doelstelling by menslike handeling, onmisbaar is. Hymes (vergeelyk ook Labov) verklaar verder dat hy glo dat die bewyslas gesetel is by diegene wat dink dat linguistiek suksesvol kan voortgaan sonder om eksplisiete aandag aan sy funksionele grondslake te wy. Hy probeer nie bewys watter funksies spraak, in die breë gesien, het nie, of in spesifieke gemeenskappe nie. Hymes probeer aantoon dat waar linguïste taal gewoonlik benader in terme van slegs een breë tipe van elementêre funksie, hier genoem "verwysend", taal ook saamgestel is in terme van 'n tweede soort breë elementêre funksie, naamlik "stilistiek". (vgl. ook p.95) Tale het konvensionele eienskappe, elemente en verwantskappe wat 'n verwysings-betekenis bedien, en het ook konvensionele eienskappe, elemente en verwantskappe wat stilisties is en die sosiale betekenis bedien. Funksies in die sin van menslike strewe na die gebruik van spraak, lei tot karakteris-

tieke van beide genoemde tipes. Betrokkenheid met stilistiese funksie en sosiale betekenis ontbloom die feit dat die basis van taal, netsowel in die sosiale lewe te vinde is as dit deels in die menslike denke voorkom, en dat die grondslae van linguistiek dus deels in logika en sielkunde en eweneens in etnografie te vinde is.

Dit sou ironies wees as ons 'n algemene linguistiek beoefen wat sy bestaan regverdig in terme van die uniekheid van die mens, maar niks te sê het as linguistiek van die mens se bestaan nie. Gewilligheid om funksies as vanselfsprekend te aanvaar, as onproblematies vir linguistiese gebruik, en teorie as 'n gegewe feit, is ideologies en selfgerig. 'n Houding soos die siening van Chomsky, stel linguiste in staat om hulself te prys dat hulle besig is met die studie van "taal" terwyl hulle eintlik besig is met die maak van modelle vir logika en grammatika. Linguiste kan nie aanspraak maak as sou dit 'n wetenskap van taal wees, sonder om self te bou op 'n doeltreffende funksionele fondament nie. (Vergelyk "Probleme by die verwantskap tussen teorie en data", hoofstuk 1, p. 12; Oppervlakte en Dieptestrukture, hoofstuk 1, p. 37)

#### 4.4. DIE KREATIEWE GEBRUIK VAN TOEPASLIKHEID:

Toepaslikheid is 'n verhouding tussen kontekste en sinne wat analise van beide vereis. Skeppende

taalgebruik is dikwels nie 'n kwessie van 'n interessante nuwe sin nie, of 'n nuutgevonde konteks nie, maar van 'n nuwe verwantskap. Die sin en konteks kan bekend wees maar die gebruik van die een binne die ander is dalk nuut. Kontekstuele reëls kan vir 'n groot gedeelte die toepaslikheid van gesprekke verklaar as die analise van die konteks, sowel as die linguistiese vorme, gegee is. 'n Kennis van voorveronderstellings is hier ter sprake. Die dimensie van byvoorbeeld sosiale verwydering, is blykbaar universeel aanwesig in alle tale, soos in die sosiale lewe, en is verbind by wyse van 'n reeks verwante betekenis, soos informeel-formeel, intimiteit-respek, gelykheid-otoriteit, privaat-publiek. Woorde kan in hulle toepaslike betekenis gebruik word en kan sodanig geklassifiseer word as ongemerk. Hulle word gemerk waar hulle 'n houding of 'n teken aandui van 'n verandering in die sosiale verwantskap. Op hierdie manier kan dit aangewend word om baie dinge te bereik in die vorm van ironie, humor, belediging, ensomeer. Toepaslikheid in so 'n wye sin kan in groot mate ge-analiseer word in terme van:-

1. 'n Versameling alternatiewe linguistiese vorme.
2. 'n Versameling van kontekste.
3. Ongemerkte waardes (sosiale betekenis) van vorme en kontekste.



4. 'n Versameling van verhoudings tussen kontekste en vorme. (Hymes, 1974, p. 157)

Die versameling van terme en die versameling van sosiale kategorieë bly konstant maar die kontrasterende faktor is die verhoudings tussen hulle, dit wil sê die reël, optrede, of betreklikheid wat die een in verhouding tot die ander stel. So 'n analise verklaar natuurlik nie ten volle die implikasie van dit wat gesê is nie. Bogenoemde kontekstuele reëls is in werklikheid konteksts-selektiewe reëls en is nie ten volle verklarend vir die maniere waarop die samevoeging van vorme, betekenis kan verander nie - die geheel is altyd meer as die som van sy dele. Verder is daar natuurlik ook bykomende betekenis, soos wanneer die onverwagte samevloëing van twee verwantskappe, humor, ironie en ander effekte voortbring, of dit bedoel is of nie. Laastens is die volle betekenis ook afhanklik van addisionele eienskappe van dit wat verteenwoordig is soos intonasie, stemtoon, gebare, lokale norme van interaksie en interpretasie. Skeppende aspekte van taalgebruik vereis duidelik 'n analise van sosiale betekenis en sosiale kontekste.

5. PROBLEME TEN OPSIGTE VAN DIE AANVULLINGS WAT GEMAAK IS DEUR DIE SOSIO-LINGUISTIEK: (Dialektologiese toevalligheid)

Die probleem van wat dialek is, voortspruitend uit die

voorafgaande is 'n toevalligheid. Sosio-dialekte is die resultaat van 'n toevallige moontlike beïnvloeding om op 'n sekere wyse te praat. (Vgl. hfst. 2, p.74) Sou iemand beïnvloed word om byvoorbeeld 'kzerk' in Afrikaans te sê, sou dit nie moontlik wees nie want daardie moontlikheid lê nie onder moontlike keuses nie. Kyk byvoorbeeld hiermee saam na Palatalisasie wat weer 'n hele paar ander aspekte raak, soos die uitspraak voor in die mond (waarmee breking verband hou). Alles in sodanige taal neig dan na iets voor, iets hoog. Wanneer gekyk word na brekingsuitspraak, impliseer die voorkoms van die een vorm, ook die voorkoms van die volgende: [Sielt] [k iærk]. Die teenoorgestelde, naamlik Velarisasie vind plaas byvoorbeeld [pirə]

Die vraag ontstaan of daar ooit werklik iets wegval in die taal. Daar is waarskynlik 'n universale kompensasielawet in tale. Toe die moontlikheid om wisselende klem te hê gekies is, is vaste uitgange geïmpliseer. Met Taalkompensasie gaan niks verlore in 'n taal nie, want wat op eenplek verlore gaan, word geïmpliseer in 'n ander.

Bogenoemde konsep is veel meer wêreldas die ou soort dialektbegrip. Die Pandialektiese konsep van Labov en Bailey is prakties en meer wêreldas die ou soort geografies bepaalde Dialektologie. Vergelyk byvoorbeeld [R] van Bolands. Die vraag is of dit werklik van meer belang is as dat daar 'n subsisteem van Afrikaans in 'n bepaalde gebied gepraat word? Hierdie geografiese afge-

bakendheid is 'n toevalligheid wat niks met die keuses binne 'n taalsisteem te make het nie - dit wys hoe toevallig die geografiese kwalifikasie by dié siening van dialek is.

Taalvariante is eintlik nog altyd as belangrik beskou as hulle op een of ander manier as 'n dialek gedefinieer kon word. Taalvariasie as sodanig is belangrik, nie die feit dat enkele taalvariante heel toevallig op 'n beperkte geografiese plek voorkom nie. Die vraag ontstaan hoekom daar byvoorbeeld variasie in die plasing van 'ge' en nie in die toepassing van die passiefreël is nie wat daarop dui dat sekere reëls meer vatbaar is vir variasie as ander. Die belangrikheid van variasie lê daarin dat 'n uiting nog verstaanbaar is. In die Westelike Provinsie word byvoorbeeld gepraat van:-  
"'n Besem staanmaak" / "Hy maak die bal staan". (Rademeyer, 1968, p. 81) "Hy vlieg 'n duif". "Ek staan julle sommer hier teen die muur" (bêre) / "Ek stamak hierdie brôd in die kas". Laesgenoemde word gebruik in die sin van bêre of wegsit en is veral algemeen gebruiklik op Rehoboth. (Rademeyer, 1938, p. 84). Vergelyk Dr. A.C. Bouman verder vir sintaktiese groepe soos 'laat staan', 'gaan haal', 'loop lê'. ("Onderzoekingen over Afrikaanse Syntaxis", 1926, par. 32; en "Oor die Afrikaanse Sintaksis", par. 302) Hier word die subsisteem gebruik met die werkwoord sonder 'laat'. (Ek vlieg 'n duif')  
'n Tweede subsisteem gebruik die werkwoord 'laat' byvoorbeeld 'laat vlieg'. Ook i) 'Jy druij 'n kind x ii) 'Jy laat 'n kind druij'. i) is in hierdie geval aanvaarbaar. Ontlening tussen subsisteme vind plaas

Daar is die moontlikheid dat [ + ] - en [ \* 'leat' ] sisteme later bymekaar gaan loop. Vergelyk ook dr. J.H. Rademeyer (1938, p. 73, opmerking) se moontlike redes vir die ontstaan van hierdie soort konstruksie.

6. DIE DAARSTELLING VAN 'N MODEL OF RAAMWERK VIR 'N SOSIO-LINGUISTIESE ONDERSOEK.

6.1. 'n Vergelyking van kontraste tussen statiese (dit is die strukturalistiese/transformasionalistiese) en dinamiese paradigmas om die verskille uit te wys wat 'n sogenaamde nuwe paradigma of model daarstel. (Bailey, 1973, p. 34)

STATIESE PARADIGMA

DINAMIESE PARADIGMA

- |  |  |
|--|--|
| <p>1. <u>Variasie</u>, anders as morfologiese variasie moet tot die kategorie van '<u>performance</u>' gereleer word en uitgesluit word by die werk van die beskrywende linguis.</p> | <p>1. Indien <u>variasie</u> gestruktuureerd bo die vlak van sistematiese fonetiek optree, en betroubaar toegedeel kan word tot wat taalgebruikers weet van hul taal, moet dit in 'n adekwate grammatika geformuleer word.</p> |
| <p>2. <u>Kreoolse situasies is frats-situasies</u>. Kreoolse tale is noodwendig onstabiel en vinnig veranderbaar.</p>  | <p>2. <u>Kreolisering is normaal</u>. Alle tale was moontlik eers kreools.</p>   |
| <p>3. <u>Homogeniteit</u> is 'n noodsaaklike en 'n bruikbare fiksie wat nie linguistiese teorie of analise sal aftakel nie.</p>  | <p>3. <u>Homogeniteit</u> is nie funksioneel in taal nie; om variasie af te wys is skadelik vir 'n teorie en taalanalise.</p>  |
| <p>4. Verwantskappe tussen verskillende grammatikas, kan voldoende voorgestel word met die <u>familie-boom</u> model.</p>  | <p>4. 'n <u>Golfslagteorie</u> word benodig om die patrone van variasie in die data van taal te verduidelik.</p>   |

- |   |  |
|---|--|
| <p>5. Gelykwaardige opsionele reëls is voldoende om al die variasie wat in die grammatika beskryf moet word en wat veronderstel is om die taalgebruiker se '<u>competence</u>' te verteenwoordig, te hanteer.</p> | <p>5. Reëls wat geïmpliseerd vooraf voorgestelde uitsette genereer, word benodig om 'n voldoende verslag van die taalgebruiker se '<u>competence</u>' te verskaf.</p>  |
| <p>6. Beskrywings van taal behoort slegs op die onmiddellike betrekking te hê en behoort <u>tydsaanduidende korreksies</u> uit te skakel.</p>   | <p>6. Rigtinggewendheid en relatiewe spoed van verandering kan en behoort ingesluit te wees in die beskrywings-procedure van grammatikas.</p>  |
| <p>7. <u>Idiolek</u> is meer sistematies as hoër abstraksies; substitusietoetse is 'n voldoende bewys van taalgebruikers se kennis van hulle taal.</p>  | <p>7. <u>Idiolek</u> is nie sistematies nie; 'n ongemonitorde weergawe is meer sistematies as 'n gemonitorde produksie.</p>  |
| <p>8. <u>Begrip en produksie</u> is simmetries.</p>   | <p>8. <u>Begrip en produksie</u> is nie simmetries nie.</p>  |
| <p>9. Die Saussuriaanse paradoks: "<u>Competence</u>" word uitsluitlik in die individu gesoek, maar variasie in die gemeenskap.</p>   | <p>9. "<u>Competence</u>" is polilektaal; dit wat taalgebruikers weet omtrent kommunikasie met ander, verteenwoordig eerder hulle "<u>taal-competence</u>" as die deelversameling van hierdie kennis wat deur produksie aangetoon word.</p>                        |
| <p>10. Onderlinge verstaanbaarheid tussen verskillende variasies van 'n taal berus op goeie raaiwerk, wat op sy beurt gebaseer is op ooreenkomste.</p>  | <p>10. Verstaanbaarheid tussen verskillende tale berus óf op hul sisteemooreenkomste óf soos in die geval van dekreolisering van "gradatums", (grammatikale vertrekpunte) op die internalisering van die algoritmes waarvolgens verwante sisteme vermeng word.</p> |

6.2. DIREKTE EMPIRIESE NAVORSING:

Empiriese studie wat gemaak is met betrekking tot die direkte ondersoek van taal toon duidelik dat dit 'n vrugbare en praktiese praktyk is. Die waarde van hierdie empiriese navorsing kan gesien word as mens dit toepas op spesifieke teoretiese probleme van linguistiese struktuur wat die linguïste interesseer. Die studie van taal in sy sosiale konteks het dieselfde reeks linguistiese probleme as by ander benaderings tot linguistiese teorie. Labov isoleer vyf algemene vrae: (Labov, 1970, p.45)

1. Wat is die vorm van die linguistiese reël en aan watter beperkings is dit onderhewig?
2. Wat is die onderliggende vorme waarvolgens reëls optree en hoe kan dit akkuraat vir enige gegewe geval bepaal word?
3. Hoe kombineer reëls tot sisteme en hoe word hulle binne hierdie sisteme georden?
4. Wat is die verwantskap tussen sisteme binne tweetalige en polisistemiese situasies?
5. Hoe verander reëls en sisteme van reëls, wat is die meganisme van die fundamentele prosesse van taalverkryging, of hoe verander reëls gesien teen die groter geheel van linguistiese evolusie?

6.3. 'N NUWE WERKMETODE AS DOELSTELLING VIR LINGUISTIESE ONDERSOEK:

Labov se doelstelling is nie soseer om linguïste met 'n nuwe teorie van taal te voorsien nie, maar eerder om 'n nuwe werkmethode aan te dui.

Metodologie:

Die aanvanklike benadering tot die spraakgemeenskap word beïnvloed deur die behoefte om groot hoeveelhede van opgeneemde spraak te verkry. Vyf metodologiese aksiomas wat tot 'n metodologiese paradoks lei kan geïsoleer word. Die oplossing van hierdie paradoks is die sentrale metodologiese probleem.

1. Stylverskuiwing: Daar is blykbaar geen enkelstyl sprekers nie. Sommige informante toon 'n groter interval van stylverskuiwing as ander, maar elke spreker wat ondersoek is, het die een of ander verskuiwing van linguïstiese veranderlike getoon, ooreenkomstig hoe sosiale konteks en onderwerp verander is. Sommige van hierdie verskuiwings kan kwalitatief waargeneem word by die minder belangrike selfkorrektiewe stappe wat deur die spreker geneem word.

2. Aandag: Styl kan op een vlak uiteengesit en gemeet word volgens die hoeveelheid aandag wat gegee word aan spraak. Hierdie aksioma word onder-

skraag deur die feit dat sprekers in alledaagse spraak, wanneer hulle die minste betrek is, op dieselfde vlak beweeg vir baie belangrike linguistiese veranderlikes, sowel as by opgewonde spraak wanneer hy baie diep emosioneel betrokke is.

3. Die Volkstaal: Sommige style toon ongereëelde fonologiese en grammatiese patrone en 'n gepeerdgaande oormatige korreksie. By ander style is weer 'n groot mate van sistematiese taalgebruik waar die fundamentele verwantskappe wat die koers van linguistiese evolusie bepaal, die duidelikste gesien kan word. Die omgangstaal is die styl waar die minimum van aandag gegee word aan die bewuste kontrole van taalgebruik. Waarneming van die omgangstaal gee aan die taalondersoeker die meeste linguistiese data vir die analise van linguistiese strukture.

4. Formaliteit: Enige sistematiese observasie van 'n spreker definieer 'n formele konteks waarin meer as die minimum aandag aan die taal gegee word. Dit word nie verwag om die omgangstaal by 'n onderhoud te vind waar informasie gesoek en gegee word nie. Ongeag hoe vriendelik of ongeërg die spreker hom aan die taalondersoeker mag voordoen, kan altyd aangeneem word dat hy 'n meer natuurlike spraak, of 'n ander styl besig wanneer hy grappies maak of met sy vrou sou argumenteer.



5. Betroubare Data: Die enigste manier om genoegsaam goeie data oor die taalgebruik van 'n persoon te verkry is by wyse van 'n individuele onderhoud, wat vasgelê word op band.

6. Die Paradoks van waarneming: Die doelstelling van linguistiese waarneming in die gemeenskap is om uit te vind hoe mense praat sonder dat hulle sistematies waargeneem word. Hierdie data kan egter slegs gekry word deur sistematiese waarneming en hierin lê die paradoks van waarneming. Een manier om hierdie paradoks te oorbrug is om die stremings by 'n onderhoudsituasie te probeer verwyder, deur middel van verskeie kwinkslae wat die aandag aftrek van spraak en so die volkstaal toelaat. Dit kan verkry word by wyse van verskeie onderbrekings wat so afgebaken word dat die segsman onbewustelik aanneem dat hy op daardie oomblik nie in 'n onderhoudsituasie betrek is nie.

6.1. Die informant kan persoonlik betrek word deur vrae wat gestel word oor onderwerpe wat sterk emosies by hom oproep ~~aangaande sake~~ waarby hy gemoeid was in die verlede. Een so 'n vraag handel byvoorbeeld oor die gevaar van dood. As tipiese vraag hier, kan aan die informant gevra word: "Was jy al ooit in 'n lewensgevaarlike situasie?" Antwoorde hierop lei gewoonlik in alle gevalle tot 'n verskuiwing van die spraakstyl wat wegdoen met versigtige taal en wat tot die volkstaal lei.

Vergelyk hoofstuk 3 van hierdie verhandeling waarin natuurlike data verkry is deurdat die gesprek gevoer is oor dit wat die informant se eie omgewing raak, sý kleintyd, die visbedryf waarvan hierdie mense meester is, en waardeur hy sy daaglikse brood verdien. Hy is dus persoonlik betrek, dra kennis van dit waaroor die gesprek gaan, en kommunikeer gevolglik met gemak en selfvertroue. 'n Meer sistematiese benadering maak gebruik van die normale interaksie by 'n studiegroep. Individuele onderhoude kan nogtans so verkry word by wyse van deelnemende observasie.

6.2. Vinnige en anonieme onderhoude: Eersgenoemde ondervraagmetode betrek elke segsman persoonlik. Sistematiese observasie kan ook anoniem uitgevoer word, dit wil sê, op 'n basis waar die gesprek nie as 'n onderhoud beskou word nie. Vinnige gesprekke kan byvoorbeeld gevoer word met min verlies van tyd, deur mense op 'n besige straathoek voor te keer en naamlose onderhoude met die verbygangers te voer. Sodanige ondersoek handel gewoonlik oor een spesifieke veranderlike byvoorbeeld, die mate van verhoging van voor- en agtervokale of byvoorbeeld brekingsuitspraak tydens die onderhoud.

6.3. Onsistematiese observasie: Die belangrike vraag by enige van die studies is of 'n mens werklik data verkry het met betrekking tot die funda-

mentele sistematiese volkstaalvorm van die taal. Onsistematiese onbevooroordeelde observasie van taalgebruik by verskeie strategiese punte kan tot 'n groot mate vir 'n mens die sukses aandui, al dan nie, wat bogenoemde aanbetref. 'n Mens kan 'n groot aantal konstante asook veranderlike eienskappe opteken deur groot getalle mense in openbare plekke soos byvoorbeeld in busse en treine te ondervra waar hulle spraak maklik en natuurlik hoorbaar is vir ander. Sekere vooroordele is teenwoordig by sulke observasies aangesien die luidspreekende en minder opgevoede spreker voorkeur sal geniet, maar dit dien meer as korrektiewe data vir die onderhoudsituasie.

6.4. Massamedia: Sistematiese data kan ook verkry word deur middel van radio en televisie-uitsendings, hoewel die keuse en stilistiese streminge hier gewoonlik baie sterk is. Direkte onderhoudsituasies het voorgekom by ongelukstonele waar sprekers te sterk onder die onmiddellike invloed van die gebeurtenis was om hulle eie taalgebruik te monitor.

6.5. Formele begrensing van die stilistiese terrein:

Dit is redelik maklik om die reeks van style wat deur 'n spreker gebruik word uit te brei tot by die formele einde van die spektrum waar meer aandag aan spraak gegee word. Daar is baie vrae wat

natuurlikergewys meer versigtiger taalgebruik verg, soos byvoorbeeld vrae oor die taal self. Oor die algemeen gesien, toon linguistiese veranderlikes by die lees van verskeie tekste, 'n duidelike verskuiwing vanaf die mees formele tot die weinig formele en kan mens 'n groot stilistiese terrein op hierdie manier dek. 'n Goed geskrewe teks wat gaan oor natuurlike spraak of wat handel oor adollesente temas sal so minder formele spraak oproep as wat die geval sal wees met 'n lys van geïsoleerde woorde.

Minimale pare kan versteek word binne so 'n teks sodat die spreker nie bewus is van die kontras nie. Sy uitspraak kan dan vergelyk word met sy leeswerk deur minimale pare geïsoleerd aan hom te gee en sy aandag spesifiek te vestig op die betrokke veranderlike. Laastens kan die spreker gevra word om die twee woorde wat by die minimale paar betrokke is, uit te spreek en aan hom te vra of dit vir hom eenders of verskillend klink. Op hierdie manier kan ondersoek ingestel word op vyf verskillende stilistiese vlakke, naamlik:

- (a) Nonchalante of ongeërgde, toevallige spraak
- (b) Deurdagte spraak
- (c) Lees
- (d) Woordelyste
- (e) Minimale pare

6.4. 'n Natuurlike gespreksituasie as ideaal:

'n Dieper begrip van die kommunikatiewe funksie van grammatikale vorme sal die taalondersoeker in staat stel om die data van die gewone gesprek te verryk. Die ideale toedrag vir die linguis is om 'n informant te betrek in 'n normale gesprek om sodoende in staat te wees om die informant se natuurlike gebruik van 'n gegewe vorm uit te lig sonder om dit self te gebruik. Hier is dit ooglopend dat daar 'n terugvoer tussen abstrakte analise en veldmetodes bestaan, dit wil sê die bevestiging van ons analise en voorsiening van inhoudelike data ten opsigte van die gebruik daarvan. Sukses is reeds behaal om byvoorbeeld die passief en teenwoordige tyd, die perfekte vorme in Engels, op hierdie manier te hanteer. Ons sal uiteindelik in staat wees om te bevestig dat 'n spreker wat nie sodanige vorm gebruik waar ander lede van sy gemeenskap dit wel doen nie, hy sodanige vorm glad nie in sy taalsistiem besit nie.

6.5. Paradigmatiese Karakteristieke/Riglyne:

Die volgende riglyne vat die gedagtes van verskillende linguïste saam:

1. Rigtinggewende faktore (directional vectors) by linguïstiese beskrywings, is al voorgestel deur Fries en Pike (1949), en later het Labov (1966) grammatikas gesien as iets wat 'n bepaalde baan en tydsbestek besit. Hiervolgens kan voorspellings

gemaak word as gevolg van die rigting waarheen as-  
pakte beweeg byvoorbeeld die moontlike veronderstel-  
ling dat Afrikaanse woordeindes gaan wegval. In so  
'n sinchroniese beskrywing kan tyd nie weggelaat  
word nie. "The models are dynamic or time-based and  
suitable for either historical or descriptive ana-  
lysis". Hulle kwalifiseer daarom as modelle vir 'n  
oorsig van linguistiese analise waarin historiese,  
beskrywende en veranderlike analises geïntegreer  
is. Hulle veronderstel dat die funksie van tyd  
en definiëring van sinchroniese taalpatrone, nie  
negeer kan word in waardevolle beskrywings van taal  
nie. (Bailey, 1973, p. 32).

2. Dialekvermenging bring die uitskakeling van  
wisselvorme mee. Bailey bewys die teendeel. Di-  
versifikasie is vandag die reël. Fishman (1971,  
p. 70) som die aangeleentheid as volg op, "both  
uniformation and differentiation are found to go  
on simultaneously ..." Vergelyk "Dialekvermenging"  
(1948, p. 64, 65) van prof. S.A. Louw in hierdie  
verband. Taal is onmiddellik betrokke by die so-  
siale lewe van die massa wat natuurlikerwyse 'n  
behoudende uitwerking sal hê. Die behoudende aard  
van die taal is daarin geleë dat dit in die ge-  
meenskap veranker is, sowel as in die tyd:- die  
keuse van die teken is willekeurig, maar die keuse  
is in die verlede reeds gedoen en die gemeenskap  
het die keuse aanvaar. Dit is duidelik dat die

normale kontinuïteit ontbreek het ten opsigte van Afrikaans se ontwikkeling aan die Kaap. "Die willekeurigheid van die teken het hier meer werklikheid geword omdat daar nie 'n keuse in die verlede kant en klaar gemaak was, deur die sprekers aanvaar en sodoende in die gemeenskap veranker was nie". Dit is begryplik, dat daar 'n groot aantal plaaslike afwykings/variasies in Afrikaans voorkom. (Louw S.A., 1941, pp. 38, 39) Behalwe dat die taal oor 'n besonder uitgestrekte gebied gepraat word, berus dit nie op 'n oorspronklike eenheid nie. Die vraag is watter faktore die keuse van 'n eenvoudige tekensisteem bepaal? Vergelyk Louw (1948, p. 65) "... ons is al ver gevorder as ons insien hoe daar opnuut 'n keuse gemaak moes word, anders as in die ou spraakgebied waar die kontinuïteit voortbestaan het en die keuse van die teken eintlik geen vrye keuse meer was nie". Daar vind 'n vin-nige proses van uitskakeling plaas, sodat dit taamlik gou afgeloop is, met 'n taal of dialek tot gevolg wat 'n groot mate van eenvormigheid vertoon, veral as ons die groot verskeidenheid aan wisselvorme waaruit dit ontwikkel het, in aanmerking neem.

3. Ideolektiese data is nie aanvaarbaar nie. Data moet eerder die volgende beskryf: "... the grammar that represents what speakers know about their language includes both all that they deal compe-

tently with in understanding the language of others and their ability to vary the use of their grammar in different social contexts." (Bailey, 1973, p. 32). Elke spreker beheer byvoorbeeld verskillende soorte Afrikaans. Die homogene gedeelte van die taal is dié deel waar al die soorte sisteme wat jy ken, dieselfde is, byvoorbeeld Passief; dat-komplementsinne; ensomeer.

4. Linguistiese veranderings begin varieer in relatief afgeleë omgewings. Vergelyk drie stadiums in hierdie ontwikkeling. (Weinreich et al, p. 184)

5. Die probleem van taalopname in sy natuurlike omgewing is tegnies en met die ontwikkeling van die moderne bandopnamemasjien het dit moontlik geword om uitstekende resultate in die veld te verkry. Die huidige probleem is primêr te wyte aan die gebrek by linguïste om te reageer op die ontwikkeling van hierdie bandmasjiene. Daar is dan ook geen tradisie by linguïstiek om tegniese of eksperimentele probleme te probeer oplos of tegnologiese ontwikkeling te waardeer nie.

6. Die verdere probleem wat opgelos moet word, is die skaarsheid van belangrike grammatikale vorme wat benodig word vir bewyse. Daar is geen onmiddellike oplossing hiervoor nie, maar die oplossing is in sig.



## H O O F S T U K   I I I

### DIE BESTUDERING VAN TAALVARIANTE IN AFRIKAANS

### BENADERINGSMETODES TOT 'N ONDERSOEK VAN TAALVARIASIE

#### DIE HISTORIES-VERGELYKENDE METODE:

Wanneer gevra word wat die begin van 'n taal kenmerk, is die vraag wat vanselfsprekend daarmee gepaard gaan, die vraag oor wat taalverandering veroorsaak. Wanneer gelet word op die kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van variasie kan ons dit terugbring tot die Leksikon en daarvandaan vertrek. Dit kan aanvaar word dat 'n groot deel van die basiese inhoud van 'n bepaalde taal geleen is by 'n ander taal. Dit is wel moontlik om woorde uit een taal te vergelyk met woorde uit ander tale, maar dit is nie die verkieslike metode nie. Ooglopende oppervlakkige ooreenkomste tussen woorde het nie veel te make met die werklike kenmerke van tale nie.

Die negentiende-eeuse taalkundiges was oortuig daarvan dat die meeste tale aan mekaar verwant is en hulle het dit later verklaar met behulp van die vergelykende metode (Meyer de Villiers, 1965, p. 1). Wanneer tale met mekaar vergelyk word, het dit opgeval dat sekere tale 'n merkwaardige ooreenkoms vertoon het ten opsigte van woordeskat en grammatiese struktuur. Op grond van ooreenkomste en verskille het taalgeleerdes aangenem dat sekere tale bymekaar hoort. (Bloomfield, "Language") 'n Diagram soos die familieboom (Raidt, 1972, p. 4) waarvolgens tale met mekaar vergelyk is, het hieruit voortgevloei en was bloot 'n voorstelling van die taalkundiges se werksmetode.

Hieruit is afgelei dat geen taalgemeenskap ooit volkome geïsoleer is nie. Variasies sou ook nie voorkom nie en indien wel is hulle telkens reëlmatige en voorspelbare vertakkings of afsplitsings van die hooftaal. (Bloomfield, 1954) (Die begrip van die uitsonderingloosheid van die klankwette hang nou hiermee saam.)

Twee beginsels wat deur die taalondersoeker in gedagte gehou moet word, met betrekking tot taalverandering, is dat daar eerstens 'n moontlikheid van verandering bestaan en tweedens dat woorde geleen word. Daar moet 'n tussenstadium wees voor 'n taal oorgaan tot die variant van die vroeër stadium.

As 'n diagram van die ontwikkeling van Afrikaans getrek sou word, moet dit die taal terugneem na 'n sentrale staat van verandering en beïnvloeding - 'n tydstip waarin 'n sekere variant deur gebruik, sterker as ander op die voorgrond getree het. Voordat 'n nuwe taalvariant inslag vind, moet daar eers 'n taal-kontak-situasie ontstaan. 'n Moontlike gemengde taal-situasie kan as die oorsprong van alle taalveranderinge gesien word. (Bailey, 1973, p. 66) 'n Taal kan slegs deur aanpassing bestaan, so nie sterf dit uit. (Vergelyk Bailey 1973b pp 66, 67, in die verband ten opsigte van Engels) Volgens die taalgeskiedenis gaan tale dus deur 'n periode van kontak, beoordeling en aanpassing totdat stabiliteit bereik word.

Die vernaamste dogtertaal uit Indo-Europees, vir sover dit die geskiedenis van Afrikaans betref, is Germaans. Ondanks die variasie binne Germaans, kan mens tog van Germaans as 'n eenheidstaal praat, tot net voor die Christelike jaartelling. Die Germane was toe egter al so versprei en die verskeie dialekte

het al sulke sterk verskille vertoon dat die gestadigde ontwikkeling van afsonderlike tale min of meer afgeloop was teen die derde eeu n.C. Die Germaanse klankverskuiwings dui op 'n geleidelike klankverandering wat teweeggebring word as gevolg van geleidelike aanpassings en veranderinge. Die Eerste Klankverskuiwing of dan die Wet van Grimm (Waterman, 1963, pp. 21-25) verwys byvoorbeeld na verandering wat die Indo-Germaanse eksplosiewe ondergaan het in die tydperk van die Germaanse primitiewe gemeenskap. Dit verwys na die periode voordat Germaans onderverdeel het in die verskillende Germaanse tale soos Goties, Oud-Noors, Oud-Engels en andere. (Vergelyk Wright, 1910, hoofstuk VIII) Let wel dat 'n taal as gevolg van die "natuurlikheid" wat in alle taalverandering bestaan, in sy aanpassingsproses, die gewone en ongewone vorm saam op dieselfde tydstip kan gebruik totdat so 'n variasie uitgesorteer is. Vergelyk byvoorbeeld die dubbele vergelyking in Afrikaans:

"heel vinniger" met "vinniger";

"meer sterk" met "sterker"

wat op die oomblik heel dikwels voorkom.

#### 'N TEORETIESE METODE VIR DIE ONDERSOEK NA TAALVARIASIE:

Die studie van taalvariasie kan nie sonder enige teoretiese grondslag geskied nie. Dit moet gepaard gaan met 'n teorie of metode wat die voorkoms van variasie in 'n taal onderlê. Die suksesvolste taalbeskrywings geskied tans binne 'n T.G.-raamwerk - die grammatika wat aan die sinne van 'n taal 'n diepte- en 'n oppervlaktestruktuur toeken, wat hulle onderlinge verhoudings beskryf en wat 'n kreatiewe aspek erken waarvolgens daar

onbeperk korrekte sinne in die taal gegenerereer kan word.

PROBLEEMSTELLING:

1. Die bestudering van variasie binne 'n taal sluit die studie in van wat tot dusver bekend gestaan het as die bestudering van "dialekte". (Vergelyk Labov, 1970, p. 30)
2. Die uitgangspunte van 'n teorie waarbinne taalvariante hanteer kan word is die volgende:
  - 2.1. 'n Teorie met sogenaamde natuurlike reëls (vergeelyk Van Rensburg, 1976, pp. 2, 3) wat in staat is om die data van 'n natuurlike menslike taal soos wat dit in sy sosio-linguistiese opset voorkom te hanteer. (Vergelyk Bailey, 1973, p. 21; Ross, 1973, p. 141) Bogenoemde impliseer dat moontlikhede wat die taalondersoeker se intuïsie daarstel, soos wat dit deur Chomsky (1965, p. 3, 1957, p. 14) geïdealiseer is, beperk word. (Vergelyk Labov, 1966; 1970, p. 37, 39: ".... uniformity in intuitive judgments is characteristic only of well-developed socio-linguistic variables which have received overt social correction." (1970, p. 37) "But it is now evident that the search for homogeneity in intuitive judgments is a failure". (1970, p. 39). (Vgl. hfst. 1, p 9 )
  - 2.2. As kenmerk waarvolgens variasie in 'n taal hanteer kan word moet die teorie ook dinamies wees. "The dynamic paradigm, which, in contrast with the static paradigm of both structuralism and transformationalism, includes time as a fundamental dimension of all analysis". (Bailey, 1973, p. 21)

- 2.3. Voortspruitend uit begreemde dinamiese kwaliteit van 'n taal, moet die teorie óók die implikasies van 'n bepaalde taalreël kan hanteer.

Die begrip implikasie by die hantering van taalvariante hou in dat 'n bepaalde taalverskynsel nie op 'n konstante wyse in die gesproke taal voorkom nie. Gewone en ongewone vorme word tegelyk gebesig totdat daar 'n noodwendige keuse gemaak móét word en die variasie stabiliseer. Vergelyk S.A. Louw. (1946, p. 54). "Die ontwikkeling in 'n nuwe rigting kan 'n algemene gevoel (vir 'n spesifieke verandering), laat ontstaan gedurende die tydperk van uitskakeling".

Die feit dat 'n bepaalde reël of vorm op verskillende wyses kan voorkom, weerlê 'n verdere Chomsky-hipotese naamlik die een van die ideale spreker/hoorder. (Vgl. hfst. 1, p. ) "Linguistic theory is concerned primarily with an ideal speaker - listener, in a completely homogeneous speech-community, who knows its language perfectly and is unaffected by such grammatically irrelevant conditions as memory limitations, distractions, shifts of attention and interest, and errors, in applying his knowledge of the language in actual performance." (Chomsky, 1965, p. 3).

Dit is moontlik 'n waarskynliker aanname dat een en dieselfde spreker verskeie subsysteme van sy taal beheer in die periode van uitskakeling van 'n bestaande variasie. Vergelyk die hieropvolgende subsysteme van Afrikaans.

DIE ONDERSOEK NA SOMMIGE TAALVARIANTE SOOS DIT GEBRUIK WORD IN  
DIE NOORD-WES-KAAP:

Die ondersoekmateriaal, gelokaliseer in die Noord-Wes-Kaap, is ontleen aan bandopnames van blanke Afrikaanssprekendes gemaak in die tydperk 1974 tot 1976, deur Dr.M.C.J.van Rensburg, Universiteit Pretoria, asook bandopnames deur die S.A.U.K. 1976, "Agter die blou waters". (blanke sowel as nie-blanke Afrikaanssprekendes)

Variante binne die Sintaktiese en Fonologiese komponente word vervolgens ondersoek.

Sintaktiese subsisteme in Afrikaans:

(Let wel dat die volgende sisteme slegs genoem word. (Later word daarna terugverwys.)

1. gaan speel X loop speel, gaan loop X loop loop

1.1. "Jy moet in die agterbaai loop lê, die pompe kan loop staan".

1.2. "Dit is darem ver hiervandaan om met daardie boot te loop".

1.3. "Ek het geloop mossels uithaal."

2. noem X roep X bedoel

2.1. "Hulle roep dit Hoedjiesbaai".

2.2. "Ek weet nie hoe ons dit eintlik bedoel nie; Dit is nou wat die kremenaatjie bedoel."

Vergelyk die volgende subsisteme en let daarop dat die variasies

telkens moontlik die verlede tyd wil aandui of beklemtoon.

3. begin X begin te X beginne X gebegin X gebeginne

3.1. "My pa het van die begin al af, na hy nou kan gaan werk het, het hy visgevang".

3.2. "Nou-ja, toe het ek ook maar later moet beginne gaan trol".

3.3. "Toe het ek maar beginne ook visvang".

3.4. "En daar is ek nou as 'n seun beginne opgroei".

3.5. "Daar moet ons begin te roei X 'begin te trol".

3.6. "Ons moet begin te jag het".

3.7. "Dit het ek later jare gebeginne wanneer hulle afgestig het met die voetbalklub".

4. DIE GEBRUIK VAN DIE BEGRIP DOODGAAN AS WERKWOORD IN DIE TEENWOORDIGE TYD EN IN DIE KONTEKS VAN REEDS DOOD TE WEES. (VERLEDE TYD)

4.1. "Baie skaap wat dood van dikkop van dubbeltjies".

4.2. "Die skaap het gedood X is dood."

4.3. "Toe was my oorlede pa al gesterwe."

4.4. "As ek vannag moet dood en 'n misbunker moet my safe, dan is dit so goed ek het klaar gedood."

5. Die enkelvoudige gebruik in die plek van dié meêrvouds-  
aenduiding véral in die geval waar versamelingster sprake  
is:

- 5.1. "Hy steek in jou skaap se voete ook".
- 5.2. "Soos ons wat vee opgepas het, skaap en goed, ons is gewoon om gate te grou, dis waar die Boesman ook gekry het sy water".
- 5.3. "Dan moet ek loop vuurmaak, dan moet ek loop gaatjie grawe, dan moet ek twee drag hout loop haal in die veld".
- 5.4. "'n Groot trop bees het my pa".
- 5.5. "Vir 'n paar jaar gelede het ek geweet dat hier nog in 'n plek ribbok was .
- 5.6. "Solank hulle nog blare aan het, dan laat ons nie in die wingerd skaap loop nie."
- 5.7. "Ons boer met skaap en bees".
- 5.8. "Ja, ek hou so gewoonlik so 1200 skaap aan".
- 5.9. "In een dag kan jy sommer 'n 1000 of 2000 harder loop vang".
- 5.10. "Met die gevolg dat die harder gaan nie meer na die lagoon nie".

Vergelyk ook in hierdie verband struktuurverskille in Afrikaans byvoorbeeld die gebruik van die versamelnaam "goetertjie" in plaas van "dingetjie". Dit verwys na data (opgeneem deur Dr. Van Rensburg, Noord-Wes-Kaap) waar 'n onbepaalde saak benoem word, en dit 'n verkleinings- of vertederingsbetekenis het.



6. Gebruiksvariasies ten opsigte van "saam" in verhouding tot die voorsetsels "met" en "in":

6.1. "Ek was sestig keer voor die hof met daardie mense saam".

6.2. "Met 'n boot saam / Met die lyn saam".

6.3. "So het dit gegaan met die tyd saam".

6.4. "Hy gaan met die seil saam".

6.5. "Word hy ingesout met sout saam".

6.6. "Met die trolgoeters saam".

6.7. "Die plaas het ek moes verbind met skuld saam".

6.8. "Die vee loop in die paadjie saam".

7. Let op die uiters willekeurige gebruik van die volgende voorsetsels:

7.1. Die volgende is 'n skynbaar onnodige invoeging van voorsetsels. Die voorsetsel "van" is in die voorbeelde ter sprake:

7.1.1. "Man hier is verskillende kleure van paddastoele hier by ons".

7.1.2. "Ek het ook maar later aangeleer om daardie naam te sê van appeliefie".

7.1.3. "By die plek van Silwerbaai".

7.1.4. "In daardie tyd van ons was snoek gewees". (?)

7.1.5. "Dis die broers van haar". (?)

(Die se-konstruksie word selfs by die voornaamwoord haar deur die voorsetselkonstruksie vervang). (Vergelyk die konstruksie voorsetsel plus naamwoord (7.1, 7.2, 7.3) en voorsetsel plus voornaamwoord in (7.4 en 7.5)

7.2. Die invoeging van die voorsetsel "vir":

7.2.1. "Hulle gebruik gewoonlik 'n hond om vir hulle bang te maak".

7.2.2. "Ons noem vir hom 'n papetaar".

7.2.3. "Vir 'n paar jaar gelede het ek geweet dat hier nog in 'n plek ribbok was".

7.2.4. "My ouers het vir hom anderster genoem".

7.3. Die invoeging van die voorsetsel "in":

7.3.1. "As hulle in die kamp in wei, en jy roep, hulle sal kom".

7.3.2. "Ek het baie moes uitsteek daar in die tuin in".

7.3.3. "Gewoonlik maar is dit maar somer se kant toe, dan is dit maar motte in die veld in".

7.3.4. "Ons maak damme in ons veld in vir die vee".

Let daarop dat die herhaling van die in by verskillende segsmans opmerklik is.

7.4. Die invoeging van die voorsetsel "uit":

7.4.1. "Tag hier na Malmesbury se kant toe kry jy boere uit wat hom het".

7.5. Skynbare vervanging van voegwoorde deur voorsetsetsels:

7.5.1. "Nee ons praat juis nou net oor die mense praat van opdraand, jy gaan die hoogte uit". (omdat)

7.5.2. ",..... om ek wil gaan". (omdat)

7.6. Skynbare willekeurige (moontlike foutiewe) variasies tussen voorsetsetsels.

7.6.1. Gebruik van "vir":

7.6.1.1. "Maar hier by ons gewoonlik wat ons nou gebruik vir tafel, noem ons 'n vadoek". (aan)

7.6.1.2. "Later het hulle hom gevra vir te help, vir die kos uitdeel, vir mense". (om; met; aan)

7.6.2. Gebruik van "by":

7.6.2.1. "Ek kan jou nie sê of dit by Willison se kant is of waar nie". (aan)

7.6.2.2. "Maar ons kan ook net mooiweer daar by die see toe gaan". (na)

7.6.2.3. "Dit is nou by vakansietye". (met / in)

7.6.2.4. "Die voëltjie wat die naaste daar by is noem ons Janfiskaal". (aan)

7.6.3. Gebruik van "mee":

7.6.3.1. "Jy weet wat ons oor die algemeen mee oor praat hier op die plaas". (van; vergelyk "waarmee")

7.6.4. Gebruik van "oor":

7.6.4.1. "Nee ek kan nie dink nie oor 'n naam". (aan)

7.6.5. Gebruik van "in":

7.6.5.1. "Vir 'n paar jaar gelede het ek geweet dat hier nog in 'n plek ribbok was". (op)

7.6.6. Gebruik van "op":

7.6.6.1. "Ons ken hom maar ook op die paddastoel". (by die naam van)

8. Die betreklike voornaamwoord "wat" vertoon verskillende gebruiksvariasies wat in sommige gevalle willekeurig voorkom en buitengewoon gebruik word ten opsigte van die A.B.A. sinsverband:

8.1. "Wat" in terugverwysing tot die onderwerp:

8.1.1. "Die tyd het eenmaal daar aangebreek wat ons dit vind, of ons nie reg is of verkeerd is, hoe meer besigheid hoe meer geld".

8.1.2. "Kyk as ek nou geld optel wat ek die twyfel het, dan meen dit ek kan maar koop".

8.1.3. "Die Chinese snoek wat hulle noem".

8.1.4. "Drie en negentig jaar wat ek oud gewees het".

8.1.5. "Dit is die grond wat hier lê, wat hierdie plaas op lê is eintlik, wat hulle noem die Malmesbury lyk".

In die soeke na 'n verklaring vir die invoeging van die skynbaar sinlose "wat" kan die rede moontlik wees om klem te lê of dan die aandag te vestig op dit wat eintlik gesê wil word. - 'n Middel tot topikalisering dus. Mens kan spekuleer dat die dubbele (herhalings) voorkoms van wat, soos dit o.a. in Middelnederlands voorkom (Le Roux en Le Roux, 1963, pp. 129, 200) dalk nog 'n voorbeeld hiervan kan wees. Die sogenaamde dubbele

ontkenning kan ook hiermee in verband gebring word, en moontlik die voorkoms van uratiefverskynsels ook. In aansluiting hierby kan gelet word op verkeerde weglatings byvoorbeeld (8.1.3)

8.2. Die gebruik van "wat", in plek van die bywoordelike bepaling, of voorsetsels en voornaamwoorde:

- 8.2.1. "Die plaas Rietvlei is naby aan die plaas wat hulle gewoon het". (waar)
- 8.2.2. "Dan kan ek meneer nog 'n merk wys wat 'n snoek my gebyt het". (waar)
- 8.2.3. "Dit is ~~toe~~ toe die vyf skepe hier .... wat die Middeburg ook by gewees het". (waar)
- 8.2.4. "Ja man kyk, die wat hulle gewoonlik die "stove" mee afvee en die klas die noem ons 'n jammerlappie". (waarmee)
- 8.2.5. "Die crew-mense wat ek nou gewees het". (by wie)
- 8.2.6. "Dit is die ou tyd se mense wat die naam daar gegee het". (wie)

'n Algemene gelykmaking in die sin van vereenvoudiging van die taalgebruik vind hier plaas, soos ook in 8.3, 8.4, en 8.5 hieropvolgend.

8.3. "Wat" in die plek van die voegwoord "toe":

- 8.3.1. "In my tyd wat ons vis gevang het". (toe)
- 8.3.2. "Ons het die tyd wat ons met die trekskeens gewerk het". (toe)
- 8.3.3. "Die tyd wat ons vis gevang het". (toe)
- 8.3.4. "Maar ons het daardie jare wat ons gewoonlik het ... met die trekskeens wat die wat se trekskeens". (toe)

(In die betekenis van: Vroeër jare het hulle (die vissers) gewoonlik met die treknette gewerk.)

8.4. "Wat" teenoor "dat" X "lat":

8.4.1. "En ek het nou twee jaar wat ek uitgeskei het". (dat)

8.4.2. "En ons het familie gehad in die Boland, daaroor wat ons toe Boland toe getrek het". (dat)

8.4.3. "Ek reken lat die Boland lê omtrent van Worcester op hiernatoe". (dat)

8.4.4. "Dit is nie so lat jy by hom elke aand kom nie". (dat)

8.4.5. "Ons het sover gegaan meneer lat ons gekry het 'n bakkie, twee bakkies daar lê." (dat)

Dit is opmerklik dat daar by die keuse van "dat" of "lat" (8.4.3, 8.4.4. en 8.4.5), gebruik gemaak word van die "l"-variant ("lat"). Die vraag bestaan tot watter mate die gebruik van "oordat" hierdie d x l wisseling tot gevolg het. (Vgl. Le Roux en Pienaar, 1927, p. 185)

KOMPENSERENDE VERSKYNSELS WEENS DIE AFWESIGHEID VAN DIE VERLEDETYDSVORME VAN:

1. DIE HULPWERKWOORD EN

2. DIE KOPPELWERKWOORD:

Die hulpwerkwoorde, moet, wil, en kan, word deurgaans deur die sprekers in die ondersoekgebied in die teenwoordigetydsvorm gebruik. Die vorme moes/wou/kon skyn geheel en al in onbruik te wees, sal/sou kom in sy verledetydsvorm wel voor, hoewel in 'n uiters geringe mate. Die oorspronklike struktuur van die hulpwerkwoord was 'n werkwoord plus kompliment. (Bv. werk + om te

lewe) 'n Verandering het ingetree waardeur die werkwoord sy kwaliteit of funksie verloor het, en die kompliment die hoofkarakter begin kry het. (bv. sal + om te speel > sal speel)

In 'n boomdiagram sal ons die vergelyking tussen hierdie gebruik met die algemeen aanvaarde Afrikaanse gebruik as volg aantoon. Let wel dat tydsverwysing in die ondersoek die onderliggende predikaat is en vir die doel van onderstaande vergelykings, word die diagram slegs beperk tot die vergelyking tussen tydsverwysing as predikaat van die gebruik in die ondersoekgebied, en as predikaat soos in Algemeen Beskaafde Afrikaans. (Vergelyk Janse van Rensburg, 1971, p. 156)

Die raamwerk van so 'n beskrywing waarvolgens die aard van die tydsverwysing onder andere bepaal word, vertoon net een klas (en 'n beperkte addisionele klas) in A.B.A. Vorme soos het gespeel vertoon byvoorbeeld die onderskeiding voltooid / onvoltooid terwyl sal/sou, wil/wou, moet/moes, verteenwoordigend is van die beperkte klas wat die onderskeiding verlede/nie verlede (hede) vertoon.

In die geval van moet/wil/kan word die verlede tyd gewoonlik aangedui deur 'n tweede werkwoord of werkwoorde in die sin byvoorbeeld,

"moet ons dit gedoen het"

"ge- + het" kompenseer vir die afwesigheid van 'n verlede tydsvariant. Vergelyk diagram (1).

Die woorde is en het wat in die ondergeskikte predikaat kan voorkom, kan egter ook saam met, of afsonderlik van die tydswoord die funksie vervul (soos in diagram (1) met tydswoorde


en in diagram (2) sonder tydswoorde) (Vgl. Ponelis, 1968, p.49)  
In Afrikaans word die kategorie "tyd" nie aangedui soos in baie  
ander tale nie. Die individuele betekenis van woorde soos "het"  
is verantwoordelik vir die tydsverwysing".

..... DIAGRAM (I)




DIE HULPWERKWOORD "MOET"

DIAGRAM (1) "Moet ons dit gedoen het" (Noord-Wes-Kaap)



1. moet ge - ww. het/is
2. wil ge - ww. het
3. kan ge - ww. het

"moes ons dit doen" (Algemeen Beskaafd Afrikaans)



Vergelyk ook die volgende sinne ten opsigte van diagram (1)

(1) "En ek moet al die werk doen, wat daar moet gedoen word".

- (2) "Indien soiets plaasvind, dat daar moet iets gedoen  
word."
- (3) "Ja dit moet so gedoen wees."


DIAGRAM (2)

Vergelyk hierteenoor die volgende:

1. "Maar later van tyd toe die affêre nou nie eintlik juis  
vir hom belonend gewees het nie, toe moet hy toe 'n  
ander tuiste soek". (N.W.K.) Vergelyk ook Le Roux en  
Le Roux, 1963, p. 216, par. 361 asook Bouman, p. 59,  
ten opsigte van die gebruik van die premorfeem - be).


..... DIAGRAM (2)

"Maar later van tyd, ..... toe moet hy toe 'n ander tuiste  
soek".



"Later van tyd ..... moes hy (toe) 'n ander tuiste soek".

(A.B.A.)




Vergelyk ons hierdie voorbeeld met Diagram 1, sien ons 'n variant in gebruik deur die Noord-Wes-Kapenaar self. In Diagram 1 het ons die ondergeskikte predikaat "moet ge- het" plus wel 'n tydsfrase en "ge + het" is weggelaat. Dit wil dus voorkom asof hier die twee vorme naas mekaar in hul taalgebruik voorkom.

DIAGRAM (3) Vergelyk die volgende voorbeeld (e) met . . .


moet (moes) plus ge- het/is plus 'n tydsfrase:

1. "..... het ek darem koffie moet gemaal het".
2. ".... want dié moet al lankal uitgeskakel gewees het".

NOORD-WES-KAAP



ALGEMEEN BESKAAFD AFRIKAANS



DIE HULPWERKWOORD "WIL":

Soos wat die ondergeskikte predikaat

[ moet, ge-, het/is ] = [ + verlede ]

gebruik word vir [ + verlede ] in plaas van "moes",  
word net so

[ wil, ge-, het/is ] = [ + verlede ]

vir [ +verlede ] gebruik in plaas van "wou"

BYVOORBEELD: (Vergelyk die hieropvolgende met Diagram 1  
en let op die afwesigheid van tydsvariante).

1. "Ek wil nie gehad het sy moet gee nie". (Vergelyk  
Le Roux en Le Roux, 1963, p. 214, 1a).
2. "En as jy wil hoë geleerdheid gehad het, dan moet ons  
na Hopefield se hoërskool gegaan het".
3. "My pa kan nie en ek wil geleer het".

'n Variasie hierop om [ + voltooid ] aan te dui is deur die  
voorvoegsel ge-, + hulpwerkwoord-(wil) = "gewil" te gebruik  
saam met die tydhulpwerkwoord "het" (gewil het)

Byvoorbeeld: (Vergelyk die hieropvolgende met Diagram 3  
en let op die aanwesigheid van tydsvariante).

1. "Vroeër dae kan jy gewerk het waar jy gewil het".
2. "Hier in die rivier was dit so gewees, jy kan gewerk  
het ook nie gewerk het waar jy gewil het nie".

(In die konteks van die opname word bedoel die ri-  
vier soos dit in vroeër dae was).



DIE HULPWERKWOORD "KAN":

$$\left[ \text{wil, ge-, het/is} \right] = \left[ + \text{ verlede} \right]$$

VOORBEELDE:

(Vergelyk Diagram 1)

1. "Waar ek wel miskien my matriek kan gemaak het".
2. "My pa kan nie, en ek wil geleer het, maar my pa kan my nie gelaat leer het nie".

(Vergelyk Diagram 3)

1. "Hier in die rivier was dit so gewees, jy kan gewerk het". (Uit die konteks van die opname word die rivier bedoel soos in "vroeër dae")
2. "My pa het van die begint al af, na hy nou kan gaan werk het, het hy visgevang" (vervang, "gaan werk" moontlik "gewerk"?)

'n Interessante waarneming is dat sprekers nie slegs ten opsigte van hulpwerkwoorde hulle tot die onvoltooide tyd beperk nie, maar oor die algemeen eerder in die onvoltooide tyd praat. Selfs by 'n vertelling van iets wat gebeur het, wat normaalweg in Afrikaans in die verlede tyd vertel word, word gehou by die teenwoordige tyd of deels-teenwoordige tyd. Vergelyk:

"Maar ons kan ook net mooi weer daar by die see toe gaan".

"Hulle wil nie roei nie".

"Dan moet ek loop vuurmaak, dan moet ek loop gaetjie grawe, dan moêt ek twee drag hout loop haal in die veld".

"Die tyd het eenmaal daar aangebreek wat ons dit vind, of ons nou reg is of verkeerd is, hoe meer besigheid, hoe meer geld".

"Ek het geboer, toe ek my vader die plaas oor-  
neem.....".

As gevolg van die oorwegende keuse om die teenwoordige tyd te gebruik met die gepaardgaande afwesigheid van die verledetydsvariante, kan 'n foutiewe woordorde hiermee saamgaan, en onnodige verbuigings en insetsels word waargeneem as moontlike kompensasie.

Vergelyk:

- i) begin x beginne, gebeginne; het gehad "had";
- ii) die afwykende gebruik van die modale partikel "te"  
byvoorbeeld: "moet ons begin te roer".  
"moet ons begin te jag het"  
"begin te trol"

(te + roer is nog die kompliment - soos in die vroeë stadiums van Afrikaans - en nog nie die hoofwerkwoord nie. Vergelyk hfst. 3, p.116) Dit wil voorkom of "te" kan kompenseer vir die afwesigheid van die hulpwerkwoord in verledetydsvorm (moes). As die hulpwerkwoord (moes) dus nie daar is nie, dan is die aanwending van "te" gebruiklik.

- iii) Dit wil voorkom asof die onnodige gebruik van die voegwoord "toe" of selfs 'n dubbele aanwending van die woord ook kompenserend optree vir die afwesigheid van 'n verledetydsvorm, soos die verledetydsvorme "moes" en "kon", in die hieropvolgende gevalle, óf die algehele afwesigheid van 'n verledetydsvariant byvoorbeeld "gister" of "vantevore".

Voorbeeld:

"Maar later van tyd tot die affêre nou nie eintlik juis vir hom belonend gewees het nie, toe moet hy toe 'n ander tuiste soek". (Diagram 2)

Die herhaling van "toe" is opmerklik.

"Maar ons kan ook net mooi weer daar by die see toe gaan".

Let in hierdie verband ook op die invoeging van loop in die volgende sinne. (Vergelyk Diagram 2).

"Ja jy moet maar so loop sit".

"Dan moet ek loop vuurmaak, dan moet ek loop gaatjie grawe, dan moet ek twee drag hout loop haal in die veld".

2. DIE KOPPELWERKWOORD:

Die hele kwessie van tydsaanduiding is beslis nie beperk tot die bogenoemde Medewerkwoorde nie, maar hou verband met die Koppelwerkwoord is/was, wat deurgaans 'n chaotiese willekeurige gebruik vertoon. Vergelyk Ponelis t.o.v. die Koppelwerkwoord (Klasgids, 1968, p. 68)

Dit dien op gelet te word dat die preomorfeem "-ge", deurgaans aangewend word om oënskynlik te kompenseer vir "is", "was", die verlede deelwoordvorm "gewees" in gebruik saam met "het" en "het" as Tydhulpwerkwoord. (Vgl. p.134, 2.5.) Die verlede deelwoord was oorspronklik die adjektiewiese deel van die werkwoord. Die behoefte is gevoel om die perfektiewe aspek uitdruklik te kenne te gee - al is dit deur die een of ander kompensasielvorm. Mettertyd is het


en is in sulke sinne gevoel as hulpwerkwoorde wat saam met die verlede deelwoord die perfektum vorm. Daar die perfektum gebesig is vir 'n voltooide handeling, het "ge" (vgl. Mn1, ghe) op hierdie manier in algemene gebruik gekom as voorvoegsel van die verlede deelwoord. (Le Roux en Le Roux, 1963, p. 215). In Algemeen Beskaafde Afrikaans word die perfektiewe krag van die ge-nie meer produktief gerealiseer nie, maar dien dit as suiwer formele middel om die verlede deelwoord te vorm.

Vergelyk Diagram 4 vir die onderliggende patrone van die hieropvolgende sinne.


..... DIAGRAM (4)

NOORD-WES-KAAP

DIAGRAM 4. (NOORD-WES-KAAP)



(ALGEMEEN BESKAAFD AFRIKAANS)



2.1. "is" in plaas van (was):

2.1.1. "My lyn is korter as wat hulle s'n is". (Vertelling) (was)

2.1.2. "Wat nou eintlik in die jare, in die verlede onkruid is, is vandag nou nie eintlik meer onkruid nie". (was)

2.2. "is gewees" in plaas van (was):

2.2.1. "Daar is sinkhuisies gewees"

2.2.2. "Waar die lyndraad van die plaas is, daar is putte gewees". (was)

2.2.3. "Dit is 'n sorbord gewees ..... is maar ongeveer so 'n halfduim gewees". (was)

2.3. "gewees het" in plaas van (was):

2.3.1. "Drie-en-sewentig jaar wat ek oud gewees het" (was)

2.3.2. "Dit is toe toe die vyf skepe hier .... wat die Middelburg ook by gewees het". (was)

2.3.3. "Maar later van die tyd toe die affere nou nie eintlik juis vir hom belonend gewees het nie". (was)

2.3.4. "Dikwels het daar 'n kwaai os gewees". (was)

2.4. "was + gewees" / "ge" in plaas van (was):

2.4.1. "Was maar sleg jok daardie gewees met daardie bloedery".

Vergelyk ook:

2.4.2. "Toe was my oorlede pa al gesterwe / gedood".

2.5. "was + gewees + "het" in plaas van (was):

2.5.1. "Ons was mos nou onlangs gewees het daar by 'n .....".

2.6. "was" en "is" + ge- in plaas van "het + ge-":

2.6.1. "So my vader was toe daar vanaf getrek na 'n plaas". (het)

2.6.2. "Hier was 'n stuk of baie meer hier by ons vanjaar gesink". (het)

2.6.3. "Maar nie kinders was nog nie klaar geleer nie, het daar baie swaar tye gekom". (het)

2.6.4. "Sy was ook baie belanggestel in die taal". (het)

2.6.5. "Ons is as kinders skoolgegaan op die plaas". (het)

2.6.6. "Hy is maar die geaardheid van 'n spinnekoppie". (het)

2.7. Willekeurige gebruik/toepassing van "is":

2.7.1. "En toe het ek darem 'n behoorlike lewe is" (willekeurige onversorgde gebruik).

2.7.2. "Ek het nou maar op my plaas gebore en groot geword". (is)

2.8. In die volgende gevalle ontbreek die koppelwerkwoord heeltemal:

1. "Maar wat die name ^ waat ek nie".

2. "Jy kom daar dan ^ jy moeg".

3. "..... want die Wes-Kaapland van ongeontwikkeld".



(Kompenseer ge vir "is" of "was" wat in hierdie geval heeltemal geïgnoreer is?)

Afleiding:

Die afleiding kan gemaak word, dat die keuse tot kommunikasie by hierdie groep sprekers, hetsy 'n gesprek of vertelling, meestal in die teenwoordige tyd geskied. Waar tydsaanduiding ten opsigte van die Koppelwerkwoord en Medewerkwoord 'n meer gekompliceerde vorm aanneem in die sinskonstruksie, word eenvoudiglik gekompenseer deur willekeurige gebruik van "-ge" (in die geval van die Koppelwerkwoord dikwels as verlede deelwoordvorm "gewees") of die Koppelwerkwoord word willekeurig weggelaat. Sou dit 'n vereenvoudigde sinskonstruksie beteken of waarop die hierdie verbroekeling? (Vergelyk S.A. Louw, 1946, p. 9)

Gevolgtrekking:

Alles in ag genome, wil dit voorkom asof daar in hierdie streeksdialek Noord-Wes-Kaap, 'n uitskakelingsproses aan die gang is ten opsigte van Tydsaanduiding. Waar daar by sommige sprekers nog iets van die vorm te bespeur is, is dit aan moontlike insypeling van die standaardtaal toe te skrywe. Die rigting waarin hierdie streeksdialek ontwikkel, is nietemin duidelik. Die groot aantal voorbeelde waarin tydsaanduiding geëlimineer word tot die teenwoordige tyd, met weglatings en woordsoortelike invoegings as kompensasie vir die weglaat van 'n verlede tydsvariant, maak die ontwikkeling interessant. Die vraag is wat die lot van hierdie tydsaanduidingaspek sal wees. Dit wat


daarvan oor is, sal moontlik met die tyd verdwyn indien die dialek steeds in sy verdere ontwikkeling, aan homself oorgelaat word, by implikasie as die taal geïsoleerd en vry bly van invloed van die standaardtaal.

FONOLOGIESE SUBSISTEME SOOS WAT DIT GELOKALISEER IS IN NOORD-WES-KAAP:

Uit die genoemde subsisteme kan afgelei word dat 'n bepaalde subsisteem, as 'n noodwendige implikasie van 'n vorige reël, soms meer vatbaar is vir 'n volgende reël as 'n ander subsisteem.

Dit is die taak van die variasietaalkundige om 'n skaal vas te stel waarvolgens variasie voorkom, en dat hy moet kan voorspel hoe enige ontbrekende vorme kán voorkom of kan ontwikkel. (Van Rensburg, 1976, p. 4) So 'n implikasie-skaal kan pog om die verskynsel van verhoging van vokale (voor en agtervokale) wat in die Westelike Provinsie en Noord-wes-Kaap voorkom, te beskryf. (Sien Prof. S.A. Louw se lokalisering ten opsigte van Taalkaarte, 1959, sien ook aanduiding in voetnotas) in terme van die saamval van subsisteme kan daar van dialekte gepraat word wat in hierdie geval (gedeeltelik) geografies gelokaliseer kan word).

'n Reël vir die verhoging van die voor- en agtervokale sou wat vervolgens bespreek word, kan as volg opgestel word:



A. Verhoging van die voorvokaal:  
 (Vgl. de Klerk, 1966)

Die kenmerkende patroon waarvolgens die Afrikaanse middelhoë voorvokaal verhoog na die hoë voorvokaal (vergelyk M. de Villiers, 1965, p. 54; Wissing, 1971, p. 50) lyk soos volg:

$$[E] > [i / I]$$

(Sien vokaalkaart, M. de Villiers 1965, p. 55). Die onverhoogde [E] het dus die verhoogde [i] as teenhanger bv. [bEtər] > [bitər]; [nE > ni]

Vergelyk die volgende gevalle waar verhoging voorkom:

i. [E] > [i / I] aan woordeindes:

gegee / gee > [xəʒi / ʒi] 2)

skree > [skri] 3)

Vergelyk ook [kʌl] (Hopetown) waar die verkuiling in woordeindes dikwels van [E] > [ɪ] is en nie [i] nie, veral waar die woord onbeklemtoon is.

1) Data is verkry uit Beaufort-Wes, Somerset-Wes, Hopetown, Dwarskersbos, Veldrift (KR28) Saldanhabaai, (KR48) Tulbagh, (KR53) Paarl, (KR77) Wellington (KR82) Stellenbosch, (KR 84) Malmesbury, (KR57) Ceres, (KR65) (Opgelees deur Dr. M.C.J. van Rensburg, Dept. Afrikaans, Universiteit Pretoria).

2) Mej. Keet, Ceres.

3. Mnr. Steyn, Somerset-Wes.

- ii.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[b]$   
 seeboot  $\rightarrow$   $[s\bar{i}b\bar{o}\bar{e}t]$  4)
- iii.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[d]$   
 oorlede  $\rightarrow$   $[O\bar{r}l\bar{i}d\bar{e}]$  5)  
 predikant  $\rightarrow$   $[p\bar{e}d\bar{i}k\bar{a}nt]$  6)
- In gevalle, veral waar die woord onbeklemtoon is, is die verskuiwing van  $[E]$  na  $[i]$  en nie  $[\bar{i}]$  nie.
- iv.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[f]$   
 leeftyd  $\rightarrow$   $[l\bar{i}f\bar{t}\bar{e}i\bar{t}]$  7)
- v.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[x]$   
 nege  $\rightarrow$   $[n\bar{i}x\bar{e}]$  8)
- vi.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[g]$   
 nege  $\rightarrow$   $[n\bar{i}g\bar{e}]$  9)
- vii.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[k]$   
 steek  $\rightarrow$   $[s\bar{t}\bar{i}k]$  9)
- viii.  $[E] \rightarrow [i / \bar{i}]$  voor  $[l]$   
 heelmaak  $\rightarrow$   $[h\bar{e}l\bar{m}\bar{a}k]$  10)

- 
- 4) Mnr. Boonzaaier, Laaiplek.  
 5) Mnr. Esterhuizen, Beaufort-Wes.  
 6) Mnr. Thiart, Hopetown.  
 7) Mnr. Tolken, Velddrif.  
 9) Mnr. Steyn, Scmerset-Wes LR2  
 10) Mnr. P. Meisenheimer, Velddrif KR 26

ix.	[E]	∨	[i / l]	voor	[m]	
	[neem]	∨	[nlm]			9)
x.	[E]	∨	[i / l]	voor	[n]	
	[een]	∨	[ln]			9)
xi.	[E]	∨	[i / l]	voor	[p]	
	[kwepers]	∨	[kwipərs]			9)
xii.	[E]	∨	[i / l]	voor	[r]	
	[meerkatte]	∨	[mlrkots]			11)
xiii.	[E]	∨	[i / l]	voor	[β]	
	[meer]	∨	[mlk]			10)
xiv.	[E]	∨	[i / l]	voor	[e]	
	[gewees]	∨	[xəvls]			11)
xv.	[E]	∨	[i / l]	voor	[t]	
	[weet]	∨	[vɪt]			
	[beter]	∨	[bitər]			9)
xvi.	[E]	∨	[i / l]	voor	[v]	
	[lewe]	∨	[lɪvə]			9)

In Ontleding uit bogenoemde voorbeelde toon dat die verhoging van die voorvokaal [E] plaasvind in die omgewing direk voor die volgende konsonante:

[E] > [i/l] voor [b, d, f, + g, k, l, m, n, p, r, R, S, t, v] asook aan wordeindes.

Dit impliseer nie noodwendig verhoging voor alle konsonante nie. [h, j, en w] as halwe vokale is uitgesluit.

- 
- 9) Mnr. Steyn, Somerset-Wes LR2.  
 10) Mnr. P. Meisenheimer, Velddrif KR26.  
 11) Mnr. Esterhuizen, Beaufort-Wes, KT4.

(Vergelyk i) Bande opgeneem, Noord-Wes-Kaap, 1968 - 1976, Dr. M.C.van Rensburg, Dept. Afrikaans, Universiteit Pretoria.

2) Bande opgeneem en uitgesaai 1976 deur Afrikaanse televisie, Dokumentêre programme, "Agter die blou water". (verkrygbaar Dept. Afr., Universiteit van Pretoria).

'n Verandering wat met die kwaliteit van vokale saamhang, toon nie baie moontlikhede vir variasie in Afrikaans nie. Laasgenoemde gebruik min vokale, gevolglik is die meeste van die moontlike verhogingsvariante alreeds beset.

[bitə r] moet dan staan vir die teenhanger van die onverhoogde [bEtə r] sowel as vir [gitə r]. As gevolg van hierdie soort oorvloeiing wat ontstaan, moet gekompenseer word daarvoor. Dit bring ons by suprasegmentele middels. (Vergelyk Indo-Germaans wat van naamvals-uitgange, ander merkers, en byvoorbeeld klem gebruik maak het in sy kompensasië-proses - Wright, 1910, pp.14, 15). Hierdie suprasegmentele hulp word weer gebruik sodat die meeste verhoogde vokale gekenmerk word deur verlenging of verkorting in vergelyking met die nie-verkorte vorme en dikwels deur 'n laer of 'n hoër toonhoogte. By implikasie is die frekwensie van verlenging die hoogste in gevalle waar die woord onbeklemtoon is byvoorbeeld:

[pRidə kant], [skRi] en neem af na gelang die verskuiwing van [ɛ] na [i] plaasvind (dus met meer klem uitgespreek word).

B. Verhoging van die agtervokaal:

Die patroon waarvolgens die Afrikaanse middelhoë agtervokaal verhoog na die hoë agtervokaal, (vergelyk M. de Villiers, 1965, p. 54, asook Wissing, 1971, p. 50), lyk soos volg:

$$[o] > [u/v]$$

Verhoogde  $[u/v]$  neem die plek van die onverhoogde  $[o]$  byvoorbeeld Oktober  $>$  [oktubar] (Sien vokaalkaart, M. de Villiers, 1965, p. 55).

Vergelyk die volgende alvorens 'n afleiding gemaak kan word:

i.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	aan woordeindes	
	so	$>$	$[su]$		
	bo	$>$	$[bu]$		1)
ii.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[b]$	
	Oktober	$>$	$[oktubar]$		1)
iii.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[f]$	
	soveel	$>$	$[sufel]$		1)
iv.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[x]$	
	droog	$>$	$[drux / dɔvux]$		1)
v.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[i]$	
	opgooi	$>$	$[ɔpxvi]$		2)
vi.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[k]$	
	ook	$>$	$[uk]$		1)
vii.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[c]$	
	mooitjies	$>$	$[mycis]$		
viii.	$[o]$	$>$	$[u/v]$	voor $[l]$	
	Boland	$>$	$[bulant]$		1)

1) Mnr. Esterhuizen

2) Mnr. Meisenheimer

ix.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[m]	
	[boom]	➤	[bum]			
	[omtrent]	➤	[ʊmtʁent]			1)
x.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[n]	
	[skoon]	➤	[skun]			1)
xi.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[p]	
	[loop]	➤	[lup]			1)
xii.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[r]	
	[soort]	➤	[svrt]			1)
xiii.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[R]	
	[oor]	➤	[uR]			
xiv.	[0]	➤	[u / ʊ]	voor	[s]	
	[soos]	➤	[sus]			1)
xv.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[t]	
	[stoot]	➤	[stut]			
	[groot]	➤	[xʁut]			
	[dood]	➤	[dut]			3)
xvi.	[0]	➤	[U / ʊ]	voor	[v]	
	[klowe]	➤	[kluvə]			

Uit bogenoemde word afgelei dat verhoging van die agtervokaal [0] plaasvind in die omgewing direk voor die volgende klanke:

[0] ➤ [U / ʊ] voor konsonante [b, f, x, k, c, l, m, p,

r, s, t, v] voor die vokaal [i] asook aan woordeindes.

Vergelyk: 1) Bande opgeneem, Noord-Wes-Kaap, 1968-1976, deur Dr. C. J. van Rensburg, Departement Afrikaans, Universiteit Pretoria.

1. Mnr. Esterhuizen

3. Mnr. Thiart



- 2) ~~Bande~~ opgeneem en uitgesaai 1976 deur Afrikaanse Televisie, Dokumentêre programme, "Agter die blou water". (Verkrygbaar Departement Afrikaans, Universiteit Pretoria)

Die verhoging van [O] is nie altyd baie konstant nie. In sommige gevalle is die verhoging na die kardinale vokaal [u], veral wanneer die woord beklemtoon is. (Vergelyk Daniël Jones ten opsigte van vokaalartikulasie in Meyer de Villiers, 1965, p. 55) In ander gevalle is die verhoging meer na die neutrale vokaal [ʊ]. Dit impliseer dat die frekwensie vir die gebruik van [U] hoër is as [ʊ] wanneer die woord beklemtoon word. Wanneer onbeklemtoon, sal die neutrale vokaal [ʊ] 'n hoër gebruiksfrekwensie impliseer.


VERGELYKING TUSSEN HUIDIGE WOORDORDE MET BETREKKING TOT AFRIKAANS EN VROEËRE REËLS MET VERWYSING NA DIE IMPLIKASIE DAARVAN:

Wanneer taalvariasies of taalverandering ondersoek word, is dit duidelik dat niks ooit nuut is in 'n taal nie. Reëls wat vroeër in gebruik was en verdwyn het, word herroep. Die suprasegmentele middele wat taalverandering kenmerk, kom periodiek voor en is uiters beperk. (Vergelyk van Rensburg, 1976, p. 11).

"Die (hoof) reëls wat hier ter sprake is, is uiters beperk in getal ...., en hulle moontlike implikasies behoort ook nie onberekenbaar te wees nie. Die verskil tussen tale kan gesien word as die mate waarin moontlike im-

plikasies van 'n reël nie gerealiseer is nie, en waar daar ander nie-verwante vorme of te ver verwyderde vorme in sy plek optree".

Wanneer gelet word op die verwantskap van Afrikaans en sy heel vroegste vorme, is ons bewus van 'n vroeëre sogenaamde "werkwoordfinale"-taal. Werkwoorde kon op onderwerps- en voorwerpsnaamwoorde volg. In die huidige opset van Afrikaans het die taal geleidelik verander na 'n volgorde met die gesegde tussen die onderwerps- en voorwerpsnaamwoordstukke, byvoorbeeld, A. Afrikaans B. Geties.



(Mattheus 6 vers 11, Wright, 1910, p. 202).

(Vgl. ook Markus 10 vers 20, p. 250, asook hfst. Xvi)

Uit sin B kan afgelei word dat die ouer vorme die volgende belangrike eienskappe vertoon het.

- i. Baie fleksievorme (naamvalsuitgange) en ander merkers is gebruik om die onderwerp en voorwerp uitmekaar te hou. (Vergelyk Wright, 1910, Hoofstuk 10 en 11).
- ii. Die aksent was vry en vol en het volgens sekere reëls op enige sillabe van die woord geval. (Verge-

lyk Wright, 1910, Hoofstuk 5).

'n Noodwendige implikasie van die verandering in woordvolgorde (vergelyk sin A) is dat die onderwerp en voorwerpsnaamwoorde nou makliker uit mekaar te ken is. Uitgange het weggeval en die swewende Indogermaanse klem het tot rus gekom. (Vergelyk Wright, 1910, pp. 13, 14).

"It is a generally accepted theory that at a later period of the parent language, the system of accentuation became predominantly pitch, which was preserved in Sanskrit and Old Greek, but which must have become predominantly stress again in primitive Germanic some time prior to the operation of Verner's law."

Die sirkelgang en terugloop na reëls wat in die verre verlede "verdwyn" het, bly egter steeds van toepassing wanneer gekyk word na die volgende sinne: (Data uit Noord-Wes-Kaap 1968 - 1976).

1. "Daar is sinkhuitjies gewees". 1)
2. "En ek moet al die werk doen wat daar moet gedoen word". 2)
3. " .... moet ons begin te roei het. 3)
4. "Indien soiets plaasvind, dat daar moet iets gedoen word, dat die mense gered word en dat daar ander nywerhede, want die Wes Kaapland van ongeontwikkeld". 4)
5. "Hy het die huis gebou vir my". 5)
6. "En maar later van tyd het hulle uitgevind dat

- 
- 1) Mnr. F.J. Malan, Wellington
  - 2) Mnr. Meisenheimer
  - 3) Mnr. Barend Tolken, Velddrif, 87, KA
  - 4) N.K. Bleeker
  - 5) J.J.P. Wiehahn, Paarl

- dit is so dat die vis broei daar. 4)
7. "Die man hy koop dit nou hier in". 6)
8. "Waar as daar bome is, dan loop sit hulle gewoonlik in 'n boom".
9. "Toe het ek maar beginne ook visvang". 6)
10. "Die goewerment wil sien of jy 'n bestaan kán nog maak".
11. "As hy in die kamp in wei en jy roep, hulle sal kom". 7)
12. "Dat jy nie kan hier inkom". 3)
13. "En toe het ek darem 'n behoorlike lewe is". 8)
14. "Indien sou ons nou daarvoor gaan vra, het ons vrouens onder mekaar geredeneer". 9)
15. "Die tyd het eenmaal daar aangebreek wat ons dit vind, of ons nou reg is of verkeerd is, hoe meer besigheid hoe meer geld". 5)
16. "Met die gevolg dat die harder gaan nie meer na die lagoon nie". 4)
17. "Die die broers van haar" 5)
18. "Soos ons wat vee opgepas het, skape en goed ons is gewoond, om gate te grou, dis waar die Boesman ook gekry het sy water". 10)
19. "Ja daar is nie plaas vandag nie, of jy sal kry op hom 'n boorgat". 10)

- 
- 6) Mnr. Dirk Bleeker, B3 KA  
7) Mnr. J.P.L. Eksteen, Malmesbury  
8) Mnr. Esterhuizen  
9) Mev. de Klerk, Tulbagh, B KR63, KA  
10) Mnr. F. Pegolio, Koelenhof

20. "Dit is nie so lat jy by hom elke aand kom nie". 6)
21. "Voor jy eers kom heel het". 6)
22. "Was maar sleg job daardie gewees met daardie bloedery". 11)
23. "Toe daardie tyd het ons gehad, 'n dag, so oor die alfhonderd". 11)
24. "En daar is ek nou as 'n seun beginne op-groei". 4)

Die mees ooglopende kenmerk van hierdie data is die soms chaotiese willekeurige woordorde. Dit is nie slegs die werkwoord oor die algemeen en medewerkwoorde in verhouding met hoofwerkwoorde wat willekeurig ingespan word nie (vergelyk die sub sisteme "Hulpwerkwoorde", p. 11, Hoofstuk 3), maar ook andere aspekte soos voornaamwoorde en voorsetsels (vgl. pp. 112-114 van hierdie hoofstuk) vind 'n nuwe plek in die sinsverband. Die vraag ontstaan dan of daar nie 'n verband bestaan tussen onnodige woordinvoegings (vergelyk "toe", "te", "saam", oppp. 109, 111 van hierdie hoofstuk), onnodige werkwoordinvoegings (vergelyk het, is, gewees + ge-, pp. 116-120 van hierdie hoofstuk), ekstra morfeme soos ge-begin-ne en die talle maniere vir tydsaanduiding nie. Die tendens om voortdurend van die teenwoordige tyd gebruik te maak, hou moontlik verband met die - by eerste oogopslag - chaotiese woordvolgorde. Daar bestaan tans 'n wisselwerking tussen die huidige aanvaarde orde en vergange reëls (vergelyk die begrip "implikasie" op p. 107 van hierdie hoofstuk). Een taalreël, naamlik die een van die herrang-

---

11) Mnr. Akie Thiart, Warskersbos, B6, KA

skikking van die woordvolgorde bring noodwendig 'n hele reeks ander reëls te weeg. Dus, die verlies van 'n reël - die reël wat 'n groter willekeurigheid in woordorde toegelaat het -, veroorsaak dat daar ander reëls gevorm moet word. Reëls soos ontstemming, die stigting van hegte verbande binne bepaalde groepe en nog vele ander reëls is in huidige algemeen beskaafde Afrikaans deur hierdie groot reël van herrangskikking veroorsaak. Die tendens tot 'n ander keuse uit die beperkte moontlikhede is dus reeds daar. Die meeste van hierdie beperkte moontlikhede, is gevalle wat vroeër reeds gerealiseer was.

'n Hipotese wat hieruit volg lui dat elke variantevorm wat in een van 'n taal se sub sisteme voorkom, 'n voor spelbare kompensasië vorm is van reëls wat in daardie sub sisteem verander is. Dit impliseer dat natuurlike taalreëls in so 'n mate onderling verband hou, dat wanneer jy aan die een toerring, jy aan baie ander ook roer. Soos ~~dr. Van Rensburg~~ (1976, p. 1) N.P. van Wyk Louw so goed van toepassing gemaak het: "Waar 'n mens ook trek, die hele web roer".

# BIBLIOGRAFIE

BAILEY, C.J.N.: THE INTEGRATION OF LINGUISTIC THEORY : INTERNAL RECONSTRUCTIONS AND THE COMPARATIVE METHOD IN DESCRIPTIVE ANALYSIS. In: Stockwell and Macauley, pp. 22-31 1972.

VARIATION AND LINGUISTIC THEORY. Centre for Applied Linguistics, Arlington, Virginia. 1973.

BLOCH, B.: A SET OF POSTULATES FOR PHONEMIC ANALYSIS. Language 24. 3 - 46.

BLOOMFIELD, L.: LANGUAGE. New York : Holt. 1954.

BOTHA, J.P.: ASPEKTE VAN DIE KOPPELWERKWOORD IN AFRIKAANS. Unisa, 1976.

DIE ONDERSKEID TUSSEN HOOF- EN MEDEWERKWOORDE. UNISA. 1976.

BOUMAN, A.C.: ONDERZOEKINGEN OVER AFRIKAANSE SYNTAXIS. Nasionale Pers. Universiteit van Stellenbosch. Annalen. Jaargang 4. Reeks B. Afd. 3. 1926.

CHOMSKY, N.A.: THE LOGICAL STRUCTURE OF LINGUISTIC THEORY. Mimeographed, M.I.T. Library, Cambridge, Mass. 1955.

~~SYNTACTIC~~ STRUCTURES: Den Haag: Mouton (Janua/linguatum no. 4.) 1957.

SOME METHODOLOGICAL REMARKS ON GENERATIVE GRAMMAR. Word 17. p. 219 - 239. 1961b

A CURRENT ISSUES IN LINGUISTIC THEORY. In Fodor J.A., and J. Katz.

ASPECTS OF THE THEORY OF SYNTAX. Cambridge (Mass): M.I.T. Press. 1965.

TOPICS IN THE THEORY OF GENERATIVE GRAMMAR. In T.A. Sebeok 1966 (RED). 1966a

SOME EMPIRICAL ISSUES IN THE THEORY OF TRANSFORMATIONAL GRAMMAR. Ongepubliseer. 1970.

STUDIES ON SEMANTICS IN GENERATIVE GRAMMAR. Mouton, The Hague, Paris. 1972.

CHOMSKY, N. & M. HALLE: THE SOUND PATTERN OF ENGLISH. New York: Harper & Row. 1968.

DECAMP, D.: TOWARD A GENERATIVE ANALYSIS OF A POSTCREOLE SPEECH CONTINUUM. In: Hymes, pp. 349 - 370. 1971.

DE KLERK, W.J.: DIE AARD VAN DIALEKTIËSE VERSKEIDENHEID IN AFRIKAANS. Unisa. 1968. Pretoria.

DE VILLIERS, M.: NEDERLANDS EN AFRIKAANS. Nasou Beperk. 1960.

AFRIKAANSE KLANKLEER. FONETIEK, FONOLOGIE EN WOORDBOU. Gedruk in Kaapstad deur Jothic Drukkery Maatskappy Bpk. 1965.

- ELLIOTT, D., S. LEGUM & S.A. THOMPSON. SYNTACTIC VARIATION AS LINGUISTIC DATA. CLS5. 52 - 59. 1969.
- ERVIN-TRIPP, S.M.: LANGUAGE ACQUISITION AND COMMUNICATIVE CHOICE; ESSAYS. California, Stanford U.P. 1968.
- FIRTH, J.R.: PAPERS IN LINGUISTICS 1934 - 1951. London, Oxford U.P., 1957.
- FISHMAN, J.A.: READINGS IN THE SOCIOLOGY OF LANGUAGE. Den Haag, Mouton, 1968.
- SOCIOLINGUISTICS: A BRIEF INTRODUCTION. Rowley, Mass.: Newbury House. 1971.
- FODOR, J.A. & J.J. KATZ: THE STRUCTURE OF LANGUAGE : READINGS IN THE PHILOSOPHY OF LANGUAGE. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall. 1964.
- FRIES, C.C. & K.L. PIKE: CO-EXISTENT PHONEMIC SYSTEMS. Language 25. 29 - 50. 1949.
- GLEASON, H.A.: INTRODUCTION TO DESCRIPTIVE LINGUISTICS. 2nd edition. New York: Holt, Rinehart & Winston. 1961.
- GUMPERZ, J.J. & D. HYMES: THE ETHNOGRAPHY OF COMMUNICATION; ed by J.J. Gumperz & D. Hymes. Menasha, American Anthropological Assn. 1966.
- HOENIGSWALD, H.M.: A PROPOSAL FOR THE STUDY OF FOLK-LINGUISTICS. Sociolinguistics: proceedings of the U.C.L.A. sociolinguistic conference 1965, ed. by W. Bright. pp. 16 - 26. The Hague: Mouton & Co. 1966.
- HYMES, D.: THE ETHNOGRAPHY OF SPEAKING. ANTHROPOLOGY AND HUMAN BEHAVIOUR. Washington D.C.: Anthropological Society of Washington. 1962.
- LANGUAGE IN CULTURE AND SOCIETY: A READER IN LINGUISTICS AND ANTHROPOLOGY. New York, Harper. 1966b
- FOUNDATIONS IN SOCIOLINGUISTICS - AN ETHNOGRAPHIC APPROACH. University of Pennsylvania. Press. Inc. 1974.
- JACOBS, R.A. & P.S. ROSENBAUM: GRAMMAR 1. AN INTRODUCTION TO TRANSFORMATIONAL GRAMMAR. Ginn and Company, A Xerox Company. 1970.
- GRAMMAR 2. AN INTRODUCTION TO TRANSFORMATIONAL GRAMMAR. Ginn and Company. A Xerox Company. 1971.
- KATZ, J.J. & P. POSTAL: AN INTEGRATED THEORY OF LINGUISTIC DESCRIPTIONS. Cambridge (Mass.): M.I.T. Press. (Research Monograph 26) 1964.



- KIPARSKY, P.: HISTORICAL LINGUISTICS. A Survey of linguistic science, ed. by W.O. Dingwall, pp. 576 - 642. College, Park, Md.: Linguistics Program, University of Maryland. 1971.
- KLIMA, E.S. & U. BELLUGI: SYNTACTIC REGULARITIES IN THE SPEECH OF CHILDREN. Psycholinguistics papers: the proceedings of the 1966 Edinburgh conference, ed. by J. Lyons and R.J. Wales, pp. 181 - 219. Edinburgh university press. 1966.
- LABOV, W.: THE SOCIAL STRATIFICATION OF ENGLISH IN NEW YORK CITY. Washington D.C.: Centre for Applied Linguistics. 1966a
- A STUDY OF THE NON-STANDARD ENGLISH OF NEGRO AND PUERTO RICAN SPEAKERS IN NEW YORK CITY, VOLUME I: phonological and grammatical analysis. New York: Columbia University. 1968.
- THE STUDY OF LANGUAGE IN ITS SOCIAL CONTEXT. Columbia University, Department of Linguistics, New York. 1970.
- LAKOFF, GORDON, DAVID AND GEORGE: CONVERSATIONAL POSTULATES. CLS 7. 63 - 64. 1971.
- LANGACKER, R.W.: LANGUAGE AND ITS STRUCTURE. New York: Harcourt, Brace & World. 1968.
- LE ROUX, J.J. OOR DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS. Swets en Zeitlinger, Amsterdam. 1923.
- LE ROUX, T.H. EN J.J. LE ROUX: MIDDELNEDERLANDSE GRAMMATIKA. J.L. van Schaik Bpk. Pretoria. 1963.
- LE ROUX, T.H. EN R. de V. PIENAAR: AFRIKAANSE FONETIEK. Juta en Kie Beperk, Kaapstad, Wynberg en Johannesburg. 1927.
- LI, C.N. & S.A. THOMPSON: AN EXPLANATION OF WORD ORDER CHANGE SVO /SOV. Foundations of Language 12. 201 - 214. 1974.
- LOUW, S.A.: TAALGEOGRAFIE. INLEIDENDE GEDAGTES OOR DIALEKSTUDIE. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria. 1941.
- PROEWE VAN AFRIKAANSE TAALGEOGRAFIE. Voorgelê tot vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doktor in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, Univ. Pretoria. 1946.
- DIALEKVERMENGING EN TAALONTWIKKELING. A.A. Balkema. Kaapstad. Amsterdam. 1948.
- MILLER, G.A. & N. CHOMSKY: FINITARY MODELS OF LANGUAGE USERS. In R.D. Luce, R. Bush and E. Galanter (eds.), Handbook of Mathematical Psychology, Vol. II, Ch. 13, pp. 419 - 492. 1963.
- MORRIS, C.: SIGNS, LANGUAGE AND BEHAVIOUR. New York: Prentice Hall.
- ODENDAL, F.F.: ASPEKTE VAN TAAL. Nasou Beperk. 1972.
- PONELIS, F.: TAALBOEKE EN DIE SINTAKSIS. Klasgids Jaargang 4.2. 1968.

- QUIRK, R. & J. SVARTVIK: INVESTIGATING LINGUISTIC ACCEPTABILITY. Den Haag, Mouton. 1966.
- RAIDT, E.: AFRIKAANS EN SY EUROPESE VERLEDE. Nasou Beperk. 1972.
- RADEMEYER, J.H.: KLEURLING-AFRIKAANS. DIE TAAL VAN DIE GRIEKWAS EN REHOBOTH-BASTERS. N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam.
- ROSS, J.R.: THREE DIMENSIONS OF LINGUISTIC THEORY. In: Fujimura, O. (Red.) T.E.C. Tokyo. 1973.
- SEARLE, J.R.: SPEECH ACTS: AN ESSAY IN THE PHILOSOPHY OF LANGUAGE. Cambridge U.P. 1969.
- STEINBERG, D.D. & L.A. JAKOBOVITS: SEMANTICS: AN INTERDISCIPLINARY READER IN PHILOSOPHY, LINGUISTICS AND PSYCHOLOGY; ed. by D.D. Steinberg & L.A. Jakobovits. Cambridge U.P. 1971.
- VAN RENSBURG, M.C.J.: DIE STRUKTUUR VAN DIE SIN IN AFRIKAANS. 'n Ontleding van bepaalde patrone teen die agtergrond van die huidige Teorieë oor die T.G.G. Universiteit Pretoria, 1971.
- TAALSEMINAAR, p. 4. 1973.
- TAALFASETTE 20, Deel 3. 1976.
- WATERMAN, J.T.: PERSPECTIVES IN LINGUISTICS. The University of Chicago Press. Chicago & London. 1963.
- WEINREICH, U.: EXPLORATIONS IN SEMANTIC THEORY. T. Sebeck. (Red.) 1966.
- WISSING, D.P.: FONOLOGIE EN MORFOLOGIE VAN DIE SIMPLEKSE SELFSTANDIGE NAAMWOORD IN AFRIKAANS: 'N TRANSFORMASIONEEL-GENERATIEWE BESKRYWING. Buijten en Schipperheijn. Amsterdam. 1971.
- WRIGHT, J.: GRAMMAR OF THE GOTHIC LANGUAGE. Oxford, Clarendon Press. 1910.

BANDOPNAMES VIR ONDERSOEKMATERIAAL:

1. VAN RENSBURG, C.M.J.: Universiteit Pretoria. Opname: 1974 tot 1976.
2. S.A.U.K. Televisiediens. Johannesburg. "Agter die blou waters". 1976.

# SAMEVATTING

## N PERSPEKTIEF OP DIE BESTUDE- RING VAN DIE SOSIALE ASPEK VAN TAAL

Kandidaat: THEULA ELMARIE KRUGER  
Departement: AFRIKAANS  
Leier: DR. M.C.J. VAN RENSBURG  
Graad: MAGISTER ARTIUM

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n oorsig te gee van die belangrikheid van die sosiale aspek van taal wat nie ontwyk kan word in die bestudering daarvan nie. Die vroeëre "T.G.G.-linguiste" onder aanvoering van Chomsky het o.a. die volgende benadering en aannames gehuldig: Taal is homogeen en sy samestelling word volgens sekere onveranderlike reëls bepaal waarvolgens 'n model geformuleer kan word, waaraan alle uitinge, frases en sinne getoets kan word om hul grammatikaliteit al dan nie te bepaal. Die teorie wat uit hierdie reëls geformuleer word, is die hoofdeterminant en alle data is ondergeskik hieraan. Daar bestaan 'n volmaakte spreker/hoorder-situasie by die individu self wat a.g.v. sy intuïtiewe begrip van die reëls dus buite die sosiale omgewing gebruik kan word om hierdie reëls te formuleer. Taalkonstruksies wat nie aan die reëls gehoorsaam is nie, is ongrammatikaal en word verwerp.

Hierteenoor het die jongere studierigtings soos o.a. Labov, Hymes & Bailey, Chomsky se sienswyses en sy benaderingsmetodes aangeval, gewysig of selfs verwerp en tot die volgende gevolgtrekkings geraak: Taal is heterogeen. Sy konstruksie word deur sekere veranderlike reëls bepaal waarbinne variasie nie net moontlik is nie, maar die dinamiese kenmerk van 'n lewende taal onderstreep. Die dataversameling vind plaas binne die sosiale gespreksituasie en die teorie word ondergeskik gestel aan die data. 'n Ander betekeniswaarde word geheg aan die begrippe dialek en ongrammatikaliteit van spraak. Die sosio-linguistiese aspek van Afrikaans word toegelig met voorbeelde uit bandopnames van sprekers se taalgebruik in die Noord-Wes-Kaap.

# SUMMARY

## A VIEW ON THE STUDYING AND AVOIDANCE OF STUDYING THE SOCIAL ASPECTS OF LANGUAGE

Candidate: THEULA ELMARIE KRUGER  
Department: AFRIKAANS  
Supervisor: DR. M.C.J. VAN RENSBURG  
Degree: MAGISTER ARTIUM

The main purpose of this dissertation is to outline the importance of the social aspect of language, an aspect which cannot be ignored or evaded. Early Transformational Generative Grammaticists especially Chomsky made certain assumptions and came to specific conclusions with regards to language. These ideas were inter alia, as follows: Language is homogeneous and its construction is governed by certain inflexible rules by which a model could be formulated against which all utterances, sentences and phrases could be tested as to its grammaticality. The theory formulated from these rules is the chief determinant and all (speech) data are secondary or subservient to this. There exists an ideal speaker/listener situation within the individual who can by virtue of his intuitive understanding of all the rules be used outside the social environment to spell out these rules. Constructions

that do not comply with the rules and ungrammatical and unacceptable and are rejected. The younger linguists e.g. Labov, Hymes and Bailey have complemented Comsky's views and approaches on the one hand, but have also rejected or altered others. Their views are briefly the following: Language is heterogeneous. Its construction is governed by certain flexible rules within which variability is not only possible, but serves to emphasise the dynamic aspect of a living language. Gathering of data has to be executed within the social context and theory is of secondary importance and subservient to data. There is no such phenomena as an ungrammatical construction or a dialect. The social aspect of Afrikaans is also discussed and highlighted by using examples taken from tape recordings of utterances by speakers in the North West Cape.